

MEESTERHERSIENINGSGIDS

FIELD SE KIND

DIE DRAMA - EKSAMENBANK

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

NSC Vraestel 2

Amptelike vrae en nasienriglyne

2019-2025

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

INHOUDSREGISTER

2009-2018: Fiela se kind - die drama was nie in hierdie NSC-siklus geëvalueer nie.

Jaar	Sessie	Inhoud
2019	Mei/Junie	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2019	November	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2020	November	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2021	Mei/Junie	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2021	November	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2022	Mei/Junie	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2022	November	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2023	Mei/Junie	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2023	November	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2024	Mei/Junie	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2024	November	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2025	Mei/Junie	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7
2025	November	Vraestel: Vraag 7 Nasienriglyne: Vraag 7

Laaste amptelik beskikbare eksamensessie: November 2025.

Mei/Junie 2026 is nog nie deur die DBE as n volledige vraestel-en-memostel gepubliseer nie.

Bron: Departement van Basiese Onderwys se amptelike NSC-vraestelle en nasienriglyne.

2019 - MEI/JUNIE

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

NINA: Kan jy 'n geheim hou?
 LUKAS: Watse geheim?
 NINA: As jy saam met my kom, gaan wys ek jou die geheim.
 LUKAS: Ek gaan nêrens heen nie.

 NINA: Jy moet ophou neuk. As Pa kwaad word en die osriem vat, gaat hy vir 5
 jou slat dat jy jou natmaak.
 LUKAS: Ek het vyf sjelings.
 NINA (*agterdogtig*): Wat jy waar kry?
 LUKAS: As jy my wys hoe om uit die Bos te kom, sal ek jou sê waar dit is.

 ELIAS: Ek sal vir haar vasmaak soos jy 'n wegloop-os vasmaak. Ek sê vir 10
 jou daar is fout met haar.
Ligte doof uit. Musiek. Ligte op.
 ELIAS: Nina! Lukas!
 BARTA: (*kom uit huis*): Elias ...
 ELIAS: Moenie kom neul nie, vrou! 15
 BARTA: ... maar moenie vir Lukas slaan nie.

 ELIAS: ... (*ELIAS spring op en gryp na NINA.*) Jou klein blikskottel, gedink
 julle kan byl neergooi en wegraak, nè? Gedink my oë is toe! Gedink ek
 slaap! Maar hiervoor sal julle bars tot ék sê dis genoeg. Hoor jy my,
 maaksel? (*Trek haar aan die bos hare rond.*) 20
 NINA: Eina, Pa!
 ELIAS: Vreksel! Julle het gedink julle kan met my mors, nè?
 NINA: Nee, Pa.
 ELIAS: Waar's Lukas?
 NINA: Ek weet nie, Pa. Ek het hom gaan soek, Pa. 25
 ELIAS: Wat lieg jy daar?
 NINA: Ek het hom gaan soek, Pa. Eina, Pa!

- 7.1 Wattter geheim wou Nina vir Lukas gaan wys kort nadat hy in die Bos aangekom het? (1)
- 7.2 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat Nina die persoon was op wie Lukas kon staatmaak. (2)
- 7.3 Gee 'n voorbeeld uit Nina se gedrag as kind om aan te dui dat sy anders as die res van die Van Rooyens was. (1)
- 7.4 Waarom was dit slim van Barta om vir Elias te waarsku om nie vir Lukas te slaan nie? (1)



- 7.5 Nina kon nie seker wees dat haar ma haar teen haar pa sal beskerm nie.
Motiveer uit die drama waarom hierdie stelling WAAR is. (1)
- 7.6 Waarom het dit jou nie verras ("surprise") dat Nina vir Lukas verraaï het nie? (Reël 25) (1)
- 7.7 Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (7.7.1 tot 7.7.4) neer.

Elias het nooit vir Nina verstaan nie. As hy vir haar werk gegee het, het sy maklik (7.7.1) ... toe verdwyn waar sy Elias se mishandeling kon vryspring en kon droom. Elias was eendag so kwaad vir Nina dat hy haar hare met 'n stomp (7.7.2) ... afgesny het. Haar pa het verwag dat sy en haar broers die hout moes opsaag sodat hy (7.7.3) ... daarvan kon maak. Van al haar broers, was (7.7.4) ... haar beste maat. (4)
- 7.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.8) neer.

Nina het vir die eerste keer in haar lewe ... gewys toe sy die Bos moes verlaat.

A vrees
B woede
C tevredenheid
D opgewondenheid (1)
- 7.9 Toe Nina die laaste keer terug Bos toe is, het sy haar geroeste mondfluitjie en vuil bottels begrawe. Waarvan is dit 'n simbool? (1)
- 7.10 Grootmense se besluite het Benjamin en Nina se lewens verander.

7.10.1 Hoe het die magistraat se besluit dat Benjamin by die Van Rooyens moes gaan bly, Benjamin se lewe negatief verander? (1)

7.10.2 Hoe het Elias se besluit dat Nina op die dorp moes gaan werk, Nina se lewe positief verander? (1)
- 7.11 Aan die einde van die drama het Nina se houding teenoor haar ouers en Benjamin se houding teenoor Fiela-hulle verskil.

Sê wat hierdie verskil is en verwys in jou antwoord na Nina EN Benjamin. (2)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

FIELA: Here, baas, jy kan my nie wegjaag nie.
 MAGISTRAAT: Konstabel!
 FIELA (*op band*): Seil, Fiela, seil. (*Gewone spraak.*) Asseblief, weledele heer, ek sal loop, ek wou nie kom moeilikheid maak het nie. (*Loop agteruit.*)
 Ek sal loop, baas – ek loop. Sê my dan net waar die kind is, baas. Sê my net 5
 wie die mense is by wie hy is.

 KAPP: Van Rooyen, *mister* Goldsbury het gesê ek moet uitvind of die seun baie praat oor die mense in die Lange Kloof by wie hy gebly het.
 ELIAS: Nie 'n woord nie, *mister*.

 KAPP: Daar was glo moeilikheid met die vrou by wie hy weggeneem is. 10
 BARTA (*onrustig*): Wat se moeilikheid?
 KAPP: Ek weet nie, ek hoor maar die magistraat het haar glo belet om die kind te probeer opsoek.
 BARTA: (*skrik haar oorhoeks*): Opsoek?

 KAPP: ... Hoe lank skat jy gaan die kinders nog wegbly? 15
 ELIAS: Moeilik om te sê, *mister* Kapp. Moeilik. (*Lang pouse*). *Mister* kan die magistraat met 'n skoon gemoed loop sê dat dit goed gaan met hom. Ek meen, hy's mos nou darem onder sy eie mense.

Deur oop.
 ELIAS: (*kom in met LUKAS se goed; kortaf*): Hulle het vandag jou goed 20
 gebring, Lukas.
 LUKAS: Wie het dit gebring? Wie het my goed gebring?
 ELIAS: Sy sê haar naam is Fiela Komoetie. ...
 LUKAS (*skree*): Waar's sy? Waar is my ma?

7.12 Die eerste keer toe Fiela die magistraat gaan soek het, wou sy weet waar Benjamin was.

Wat het Fiela die tweede keer by die magistraat op Knysna gaan maak? (1)

7.13 Lees reël 3 en 4.

7.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die manier waarop Fiela hier praat, wys dat sy (kwaad/desperaat) was. (1)

7.13.2 Waarom sou Fiela só (soos in VRAAG 7.13.1) gevoel het? (1)



- 7.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.14) neer.

Die toneelaanwysings in reëls 11 en 14 beklemtoon dat Barta ...

- A senuweeagtig oor Kapp se woorde was.
- B kwaad was omdat Elias vir Kapp gelieg het.
- C geweet het dat die magistraat vir Kapp gestuur het.
- D ongelukkig was omdat Kapp geweet het dat Elias vir Lukas slaan. (1)

- 7.15 Die magistraat het glad nie daarin belanggestel om te weet wat van Lukas geword het nadat hy hom aan die Van Rooyens gegee het nie.

Haal 'n sin uit reëls 1 tot 10 aan om aan te dui dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

- 7.16 Ons het vir Fiela leer ken as iemand wat respek verdien.

7.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Elias het vir Fiela (hoflik/onbeskof) behandel toe sy Lukas se goed vir hom gebring het. (1)

7.16.2 Noem TWEE dinge wat Elias vir Lukas oor Fiela gesê het wat aandui hoe hy haar behandel het. (2)

- 7.17 Lukas moes 'n heel nuwe gesin (ma, pa, broers en suster) in die Bos leer ken.

Noem DRIE redes waarom dit nie vir Lukas so lekker by die Van Rooyens soos op Wolwekraal was nie. (3)

- 7.18 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat Fiela geglo het dat Lukas nie weer huis toe kom nie. (2)

- 7.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Aan die einde van die drama het Barta die (regte/verkeerde) besluit geneem deur te sê wat daardie dag in die hof gebeur het. (1)

- 7.20 Waarom kan ons sê dat Benjamin uiteindelik vir Fiela en Selling meer vreugde gebring het as Tollie, hulle biologiese seun? Motiveer jou antwoord met TWEE feite wat NET op Benjamin konsentreer. (2)

- 7.21 Watter les sal jy altyd uit:

7.21.1 Fiela se optrede onthou (1)

7.21.2 Benjamin se lewe onthou (1)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35



2019 - MEI/JUNIE

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

6.17	Die dominee en die gemeentedelede het ... • hom nie eers geken nie, maar hom sommer 'n grapmaker genoem. • sommer aanvaar dat hy kerk toe gekom het om grappe te maak. • sommer net aangeneem dat dit wat die nar doen, sonde is/toordery is. • hom uit die kerk weggejaag sonder om hom 'n kans te gee. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
6.18	Verkeerd	1
6.19	• Willem het vir Manuel 'n kans gegee om homself as vriend te bewys. • Daar was geen vooroordeel by Willem teenoor Manuel nie./Willem het Manuel nie veroordeel nie. • Willem het by Manuel geleer. • Willem het vir Manuel vertrou. • Willem het by Manuel gestaan/hom probeer beskerm. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
6.20.1	• Kommunikasie speel 'n groot rol in enige verhouding/is belangrik. • Mense moet met mekaar kan praat oor dinge wat saakmaak/belangrik is. • As daar nie goeie kommunikasie is nie, kan dit probleme veroorsaak./Goeie kommunikasie voorkom probleme. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
6.20.2	• Kinders word negatief beïnvloed as ouers huweliksprobleme het. (Voorbeelde is aanvaarbaar bv. kinders wil nie trou nie) • Dit maak kinders ongelukkig/hartseer as hulle ouers huweliksprobleme het. • (Voorbeelde is aanvaarbaar bv. Willem wat nie praat nie.) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1	(Haar) bottels	1
7.2	• Nina ... ○ het vir hom van (die gevare in) die Bos vertel/watter boom om te klim as 'n olifant hom jaag. ○ het vir hom die rigting van die harde pad beduie. ○ was die een wat vir haar pa moes gaan sê het dat Lukas nie weer sou teruggaan Bos toe nie. ○ was die een met wie Lukas kon praat. ○ kon vir Lukas betyds waarsku oor Elias se aggressie. ○ het vriende met hom gemaak. • Lukas ... ○ kon met Nina gesels oor sy begeerte om terug te gaan na sy huis toe. ○ kon vir Nina van die vyf sjielings vertel. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2

7.3	Nina ... • het nie daarvan gehou/vermy om tipiese boswerkertakies uit te voer nie. • het in haar eie verbeeldingswêreld geleef. (Voorbeelde is aanvaarbaar) • het die betowering van die Bos waardeer. • het gedurig in die Bos gaan speel/rondloop. • was rebels/ongehoorsaam teenoor Elias. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.4	• Elias sou in die moeilikheid wees as die boswagter merke van mishandeling aan Lukas sou sien. • Lukas kon by die boswagter gekla het as hy daar was toe die boswagter opgedaag het. • As die magistraat uitgevind het dat Lukas onbehoorlik geslaan word, kon hy dalk agterdogtig raak oor wat daardie dag in die hof gebeur het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.5	• Barta het self voorgestel dat Nina in plaas van Lukas pak slaie moet kry. • Barta het aangebied om vir Nina vas te keer sodat haar pa haar kan slaan. • Barta was te bang (vir Elias) om Nina teen haar pa te probeer verdedig. • Barta het nooit gekeer dat sy pak kry nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.6	• Nina het geweet dat sy Lukas dalk nooit weer sou sien indien haar pa hom nie gekeer het nie./Nina wou gehad het dat Elias vir Lukas moes keer, want dan kon sy Lukas weer sien./Nina was bang sy sou Lukas as maat verloor. • Nina het nooit geleer om vir ander om te gee nie/het nie lojaliteite geken nie. • Nina se optrede het net om haar eie behoeftes gedraai. • Nina wou haarself teen haar pa beskerm. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.7.1	Bos/woud	1
7.7.2	mes	1
7.7.3	balke	1
7.7.4	Lukas/Benjamin	1
7.8	• A • vrees • A vrees (Enige EEN)	1

7.9	- Nina het finaal afskeid geneem van die Bos./haar bande met die Bos begrawe. - Nina het haar kinderdrome (oor die Bos) begrawe. - Nina het grootgeword/besef dat haar lewe in die Bos verby is/daar 'n nuwe begin is. (Dit is 'n simbool) van verandering. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.10.1	Die magistraat se besluit (dat Benjamin die verlore Lukas was) het vir Benjamin ... - met 'n identiteitskrisis gelos. - met 7 jaar van hartseer gelos. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidate kan ook die identiteitskrisis of hartseer omskryf/voorbeelde daarvan gee.)	1
7.10.2	Elias se besluit (dat Nina op die dorp moes gaan werk) het ... - vir Nina bevry van haar moeilike lewe in die Bos. - Nina in 'n ware jong dame laat ontwikkel. - Nina laat vry kom van haar ouers se mishandeling. - daartoe gelei dat Nina haar eie geld kon verdien/selfstandig kon word. - Nina wou loskom van diementaliteit van "alles word in een hand gegooi". (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.11	- Nina het alle familiebande verbreek/het ontken dat sy enige familie het./Benjamin het teruggegaan na waar hy vandaan gekom het./Benjamin het weer die familiebande gaan optel. - Nina het besluit om haar ouers nie meer finansieel te help nie./Benjamin was bereid om vir Fiela-hulle op die plaas te help. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	2
7.12	- Fiela wou gaan hoor waarom sy nie ook geroep is om oor haar kind te getuig nie./Fiela wou hê die Bosvrou moes kom getuig oor die klere wat Benjamin die dag van sy verdwyning aangehad het. - Fiela wou weet wie is die mense by wie haar kind is./Waar hy bly. - Fiela wou die magistraat oor haar kind gaan konfronteer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.13.1	desperaas	1
7.13.2	- Fiela het geweet dit was die einde van haar soektog na Benjamin/het geen hoop meer gehad nie/dat sy nie kan wen nie. - Fiela het geweet dat die magistraat die enigste persoon was wat haar kind aan haar kon terugbesorg. - Fiela wou vir Benjamin terughê/was bekommerd oor Benjamin. (Of soortgelyk aan bogenoemde)(7.13.1 moet KORREK wees om hier punte te verdien.)	1

7.14	• A • senuweeagtig oor Kapp se woorde was. • A senuweeagtig oor Kapp se woorde was. (Enige EEN)	1
7.15	"(Van Rooyen, <i>mister</i> Goldsbury het gesê) ek moet uitvind of die seun baie praat oor die mense in die Lange Kloof by wie hy gebly het." (Met of sonder aanhalingstekens)	1
7.16.1	onbeskof	1
7.16.2	Elias het vir Lukas gesê dat ... • hy vir Fiela gesê het dat hy die magistraat sou inlig as sy weer haar voet op Barnard-se-Eiland sit. • hy vir Fiela gesê het hy sou haar in hegtenis laat neem as sy weer daar sou kom. • hy 'n hond op haar sou loslaat as hy 'n hond gehad het. • hy hom nie deur 'n bruinvel laat mors nie. • Dawid net so uit sy pad soos Fiela is. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (7.16.1 moet KORREK wees om hier punte te verdien.)	2
7.17	By die Van Rooyens ... • was die kos maar skraps/was dit armoedig. • is Lukas mishandel. • het Lukas nie 'n liefdevolle huisgesin geken nie. • was daar nie soveel oop lug en sonskyn soos op Wolwekraal nie. • kon hy nie regtig kind wees nie. • kon hy nie regtig leer nie, hy moes net werk. • was die blyplek klam en ongesond. (Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde.)	3
7.18	• Fiela het geglo dat Lukas nie weer huis toe kom nie omdat ... ○ almal in die Lange Kloof dit vir haar gesê het. ○ sy self by die magistraat moes hoor dat die saak afgehandel was. ○ sy gehoor het dat Lukas nooit eers meer na hulle verneem/van hulle praat nie. ○ hulle niks weer van hom gehoor het nie. • Fiela het Lukas se goed by die Van Rooyens gaan aflewer. • Fiela het die Laghaanse se grond op haar eie naam en nie op Lukas se naam gesit nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
7.19	regte	1

7.20	Benjamin het ... • gewys dat hy vir Fiela en Selling respekteer. • vir Fiela en Selling op hulle stukkie grond gehelp. • die drome wat Fiela vir hom gehad het, waar gemaak. • vir Fiela en Selling trots gemaak. • voortgebou op die goeie opvoeding wat hy by Fiela en Selling gekry het. • hom goed gedra bv. nie mes gesteeek/gedrink en in die tronk beland nie. • gewys dat hy trots was om 'n Komoetie te wees. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
7.21.1	• 'n Mens moet baklei vir die mense vir wie jy lief is. • 'n Mens moet jou geloof/moed behou/kop hoog hou/nie te bly lê nie. • Armoede is geen verskoning om vuil, lui of onopgevoed te wees nie. • Wees bereid om hard te werk om 'n goeie lewe te bou. • Sy het liefde oor kleurgrense aanvaar. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.21.2	• 'n Mens kan bo jou omstandighede uitstyg. • Jy kan kies wie/wat jy wil wees. • Moenie vergeet waarvandaan jy kom nie. • Moenie tou opgooi nie. • Bly by jou beginsels. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]
TOTAAL AFDELING B:		35

2019 - NOVEMBER

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

BENJAMIN: My naam was maar altyd Benjamin Komoetie.
 MAGISTRAAT: Goed. Kan jy enigiets onthou voordat jy by die mense in die Lange Kloof beland het? Enigiets.
 BENJAMIN: Nee, weledele heer.
 MAGISTRAAT: Ek wil hê jy moet nou vir my so ver as moontlik teruggink en dan 5 moet jy vir my alles sê wat jy dink.
 BENJAMIN: Ek kan nie so lekker dink as ek bang is nie, baas.
 MAGISTRAAT: (se wange in en uit): Jy hoef vir niks bang te wees nie, seun, ek wou maar net seker maak of jy enigiets kan onthou. Dit maak nie saak as jy niks onthou nie. Kom staan nou vir my nog 'n klein 10 entjie vorentoe en bly dan staan net so doodstil.
 (MAGISTRAAT wink vir KONSTABEL. Gee hom 'n opdrag. KONSTABEL uit. KONSTABEL terug met vier seunskinders. Hulle stamp aan mekaar en lag en kom weerskante van BENJAMIN staan. Stemme op die agtergrond.) Stilte asseblief! 15
 (MAGISTRAAT beduie aan die KONSTABEL en KONSTABEL by die deur uit. Kom terug met BARTA by hom. 'n Rukkie later kom ELIAS verskrik op.) Kom nader, mevrou Van Rooyen, kom tot by hulle en moenie haastig wees nie. Kyk net so lank as wat u wil.
 (BARTA nader: Wys met haar vinger na BENJAMIN. Draai haar 20 om en begin huil. Opgewonde stemme van mense wat inloer. MAGISTRAAT roep KONSTABEL. Gee hom opdrag. KONSTABEL laat mense van die verhoog gaan.) Seun ... begryp jy wat so pas hier gebeur het?

- 7.1 Wat moes die magistraat oor Benjamin besluit? (1)
- 7.2 Hoe het Fiela gevoel oor Benjamin wat voor die magistraat moes verskyn? (1)
- 7.3 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die drama gebeur:
- A Die sensusmanne kom Wolwekraal toe om die mense op te skryf.
 - B Fiela knoop vyf sjielings in die lap om te wys dat die Komoeties nie kaalgat is nie.
 - C Benjamin sê vir Fiela dat sy skuitjie tot onder in die vangdam gedryf het.
 - D 'n Driejarige kind verskyn voor Fiela se agterdeur. (4)

- 7.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

Fiela het nie saam met Benjamin Knysna toe gegaan nie, want ...

- A Lange het gesê die magistraat wou vir Benjamin alleen sien.
- B Dikke het gesê sy sou die kind net ontstel as sy daar was.
- C die magistraat wou net die Van Rooyens daar hê.
- D daar was nie vir haar plek om saam Knysna toe te ry nie. (1)

- 7.5 Die Saterdag nadat Benjamin in die hof was, was vir Benjamin 'n gelukkige dag.

Motiveer hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

- 7.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In die hof was Benjamin baie bang en het soms vergeet om die magistraat as (meneer/weledele heer) aan te spreek soos wat Selling hom geleer het. (1)

- 7.7 Wie het vir Barta aangemoedig om Benjamin as haar verlore seun in die hof uit te wys? (1)

- 7.8 Hoekom, dink jy, was dit so maklik om Barta te oortuig om vir Benjamin uit te wys as haar kind? (1)

- 7.9 "BARTA nader: Wys met haar vinger na BENJAMIN. Draai haar om en begin huil." (Reël 20 en 21)

Watter innerlike konflik het Barta in hierdie reël ervaar? Onthou om beide kante van die konflik te noem. (2)

- 7.10 Die magistraat het 'n besluit geneem wat Benjamin se hele lewe verander het.

7.10.1 Wat het die magistraat toe uiteindelik besluit? (1)

7.10.2 Waarom is hierdie besluit ironies as jy kyk na Elias se optrede teenoor Benjamin? (1)

- 7.11 Hoekom het Fiela gedink dat hierdie besluit van die magistraat onregverdig is? (1)

- 7.12 Hoekom is sekere dele in die uittreksel skuins gedruk? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

LUKAS: Wie het dit gebring? Wie het my goed gebring?

ELIAS: Sy sê haar naam is Fiela Komoetie. As ek vandag 'n hond gehad het, het ek hom agter haar gesteeke dat sy nou nog gehardloop het.

LUKAS (*skree*): Waar's sy? Waar is my ma?

ELIAS: Daar staan jou ma by die vuur! Die bruinvel is weg en ek het vir haar en 5
die een wat by haar was, gesê as hulle weer 'n voet op hierdie eiland
sit, gaan ek magistraat toe en laat ek hulle vang. Elias van Rooyen laat
nie met hom van 'n bruinvel mors nie.

LUKAS: Wie was by haar?

ELIAS: 'n Opgeskote seun, net so blerrie uit sy pad as sy. 10

LUKAS: Laat my verbykom!

ELIAS: Jy bly waar jy is!

LUKAS: Laat my verbykom, asseblief!

ELIAS: Ek sal die osriem vir jou vat en nie ophou voor die laaste bruingeid uit
jou uit is nie. Jy was net mooi op pad om weer wit mens te word en wit 15
mens sal jy bly!

LUKAS (*soebat*): Wat het Fiela Komoetie gesê? Wat het sy gesê?

ELIAS: Sy het niks hier te sê nie. Sy't jou goed gebring en klaar.
NINA *tel die dasvelkometers op en draai dit om haar.*

LUKAS: Los! (*Ruk dit van haar af.*) Jy sit nie jou pote aan my goed nie! 20

Musiek op en ligte doof uit vir die einde van die tweede bedryf.

7.13 Fiela gaan twee keer om die magistraat te sien, elke keer om 'n ander rede. (2)
Sê wat sy met elke besoek wou doen.

7.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit was vir Benjamin beter om sy eerste kinderjare by die Komoeties deur te bring, want daar het hy ('n goeie opvoeding gekry/elke dag skool toe gegaan). (1)

- 7.15 Die lewe was moeilik en deurmekaar toe Lukas, die verlore seun, by die Van Rooyens in die Bos moes gaan bly.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.15.1 tot 7.15.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.15.1	Barta is bang die magistraat vat vir Benjamin terug.	A	Lukas weet heeltyd en sê hy is 'n Komoetie.
7.15.2	Nina is bang dat Lukas haar alleen sal agterlaat.	B	Lukas moet leer almal deel alles in die Bos.
7.15.3	Fiela neem Benjamin se goedjies Bos toe.	C	Barta dring daarop aan dat Elias eerder vir Nina slaan.
7.15.4	Lukas kry Latjie se boodskap te laat.	D	Elias kry inligting oor die rigting waarin Lukas probeer wegloop.
		E	Lukas kan nie sy broer se begrafnis bywoon nie.

(4 x 1)

(4)

- 7.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.16) neer.

Barta wou aan die einde van die drama teruggaan na die magistraat toe om vir hom te gaan vertel dat sy ... Benjamin.

- A bekommerd was oor
- B gelukkig was met
- C tevrede was met
- D gelieg het oor

(1)

- 7.17 Watter rol het die volgende karakters in Lukas/Benjamin se lewe gespeel?

7.17.1 Fiela (in sy kinderjare)

(1)

7.17.2 Nina (in sy volwasse lewe)

(1)

7.17.3 John Benn (in sy volwasse lewe)

(1)

- 7.18 Elias is 'n karakter van wie niemand hou nie.

7.18.1 Kies die negatiewe karaktereienskap van Elias wat in hierdie uittreksel na vore kom:

- Hy is lui.
- Hy is aggressief.
- Hy kry homself jammer.

(1)

7.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.18.1.

(1)

- 7.19 Waarom was Fiela só hartseer oor Tollie? (1)
- 7.20 Wat het Benjamin by Noetzie gesien wat hom laat besluit het om nie terug te gaan Bos toe nie? (1)
- 7.21 Hoe het Kaliel September vir Benjamin gehelp om by sy besluit te bly om nie terug te gaan Bos toe nie? (1)
- 7.22 Benjamin sou nog net 'n rukkie by John Benn werk. Hieruit lei ons af dat hy ander planne vir sy toekoms gehad het.

Hoekom, dink jy, het Benjamin rede gehad om opgewonde oor die toekoms te wees? (1)
- 7.23 Wat, dink jy, het Benjamin aan die einde van die drama by Miss Weatherbury gaan maak? (1)
- [35]**

TOTAAL AFDELING B: 35

2019 - NOVEMBER

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA - Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUN T
7.1	- Die magistraat moes sê wie se kind Benjamin was. - Die magistraat moes vasstel of Benjamin die vermiste Van Rooyen-kind was. - Die magistraat moes besluit by wie Benjamin hoort. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.2	- Fielas was ongelukkig/kwaad/verontreg. Fielas het nie lekker gevoel nie. - Fielas was hartseer/ontsteld (dat hulle haar kind gaan wegvat). - Fielas was bekommerd/bang (oor wat die hof gaan besluit). - Fielas was onrustig/senuagtig (omdat sy geweet het Benjamin was wit en het by hulle grootgeword). - Fielas was hoopvol/optimisties (dat die magistraat in haar guns sou besluit). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.3	D 'n Driejarige kind verskyn voor Fielas se agterdeur. A Die sensusmanne kom Wolwekraal toe om die mense op te skryf. C Benjamin sê vir Fielas dat sy skuitjie tot onder in die vangdam gedryf het. B Fielas knoop vyf sjelings in die lap om te wys dat die Komoeties nie kaalgat is nie.	4
7.4	- D - daar was nie vir haar plek om saam Knysna toe te ry nie. - D daar was nie vir haar plek om saam Knysna toe te ry nie. (Enige EEN)	1
7.5	- Benjamin is saam met vreemdelinge/die Van Rooyens Bos toe. - Benjamin was bang/verward/gespanne omdat hy saam met die Van Rooyens moes gaan. - Benjamin het ontuis by die Van Rooyens gevoel. - Benjamin is weggeneem van die Komoeties af. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.6	weledele heer	1
7.7	- Een van die sensusmanne - Lange (met die bril) - Die man wat sy trommel gaan haal het (Enige EEN)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.8	- Barta was bang (vir Elias/die vreemde situasie). - Barta was onseker van haarself /verward/onder druk/het nie geweet wat om te doen nie. - Barta was gewoon daaraan om te doen wat ander haar beveel om te doen. - Barta was iemand wat haar maklik laat intimideer/ manipuleer het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.9	- Barta wonder of sy moet jok ✓ of die waarheid praat. ✓ - Barta was onseker of dit haar kind was, ✓ maar sy probeer die indruk skep dat sy seker is dis haar kind. ✓ - Barta het skuldig gevoel dat sy gejok het, ✓ maar sy was ook verlig dat hierdie kind miskien haar verlore kind is. ✓ - Barta het skuldig gevoel dat sy beïnvloed is om die seun met die blou hemp uit te ken, ✓ maar verlig dat sy nie self moes besluit nie. ✓ - Barta was verlig dat sy klaar met die magistraat was, ✓ maar sy was bang hy sou uitvind dat sy gelieg het. ✓ - Barta weet Benjamin is nie haar seun nie, ✓ maar sy kies hom nietemin. ✓ <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen punte.)</i>	2
7.10.1	Die magistraat het besluit dat ... - Benjamin die Van Rooyens se verlore kind was. - wit bly by wit - Benjamin saam met die Van Rooyens huis toe moes gaan. - dit vir Benjamin beter sou wees by die Van Rooyens. - hy Lukas van Rooyen was. - Benjamin nie 'n Komoetie was nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.10.2	- Elias het ... - net 'n ekstra paar hande gesoek om te werk. - vir Lukas misbruik/sleg behandel. (Mag ook voorbeelde van hierdie misbruik noem.) - Lukas se kindwees van hom ontnem. - nie soos 'n liefdevolle vader/ouer teenoor Benjamin opgetree nie. - nie regtig vir sy (verlore) seun omgee nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.11	• Fiela het nie geleentheid gehad om haar kant van die saak te stel nie/net na Barta geluister/nie na al die feite gekyk nie (driejarige kind oor berg/watter klere die kind aangehad het nie). • Die magistraat het die besluit op grond van Lukas se velkleur geneem. • Fiela kon Benjamin nie groet nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.12	• Dit is toneelaanwysings/neweteks. • Dit verduidelik wat die karakters moet doen. • Dit dui gedagtes/handeling aan. • Dis nie deel van die dialoog nie. • Dit gee aan die leser 'n visuele beeld van wat in die hof gebeur. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.13	• Die eerste keer wou sy 'n klagte teen die sensusmanne lê (wat haar kind kom haal het en nie terugbring het nie)/gaan hoor waar haar kind was. (Of soortgelyk aan bogenoemde) • Die tweede keer wou sy: ○ by die magistraat/Salomo vra hoekom hy nie al twee die ma's hof toe laat kom het nie. ○ die magistraat oor sy besluit konfronteer. ○ weet hoe die magistraat gedink het hoe so 'n jong kind so ver kon loop. ○ hê die bosvrou moes kom sê wat haar kind aangehad het die dag toe hy weggeraak het. ○ weet wat van haar kind geword het/waar haar kind was. ○ die magistraat oortuig om haar kind terug te gee. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	2
7.14	'n goeie opvoeding gekry.	1
7.15.1	• C • Barta dring daarop aan dat Elias eerder vir Nina slaan. • C Barta dring daarop aan dat Elias eerder vir Nina slaan. (Enige EEN)	1
7.15.2	• D • Elias kry inligting oor die rigting waarin Lukas probeer wegloup. • D Elias kry inligting oor die rigting waarin Lukas probeer wegloup. (Enige EEN)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.15.3	• B • Lukas moet leer almal deel alles in die Bos. • B Lukas moet leer almal deel alles in die Bos. (Enige EEN)	1
7.15.4	• E • Lukas kan nie sy broer se begrafnis bywoon nie. • E Lukas kan nie sy broer se begrafnis bywoon nie. (Enige EEN)	1
7.16	• D • gelieg het oor • D gelieg het oor (Enige EEN)	1
7.17.1	Fiela het Benjamin ... • fisies versorg. • emosioneel versorg. • van liefde en omgee geleer. • soos haar eie kind grootgemaak/was die enigste ma wat hy geken het. • toegelaat om kind te wees. • 'n goeie opvoeding gegee/leer lees en skryf/van die Bybel geleer. • trots gemaak op wie hy was/om 'n Komoetie te wees. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.17.2	Nina het ... • Benjamin liefgehad/hom as haar broer gesien • Benjamin kom vertel dat Dawid dood is. • die boodskap dat Benjamin nie gaan terugkom nie aan Elias gaan oordra. • Benjamin probeer beskerm. • na Benjamin geluister as hy oor sy soeke na sy identiteit praat. • Benjamin/Lukas aangespoor om uit te vind wie hy werklik is. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.17.3	John Benn ... • het vir Benjamin werk gegee. • het verstaan dat Benjamin trots was om 'n Komoetie te wees. • het verstaan dat Benjamin wou teruggaan Lange Kloof toe. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.18.1	Hy is aggressief. (7.18.1 moet korrek wees om 'n punt by 7.18.2 te verdien)	1
7.18.2	- Elias sou, as hy kon, honde op Fiela sit om haar te verjaag. - Elias skree op Lukas. - Elias dreig vir Lukas met 'n osriem. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.19	- Fiela was hartseer omdat Tollie tronk toe moes gaan/nie die boerdery kon oorneem nie. - Fiela was hartseer oor Tollie se verkeerde dade/dronkenskap/messtekery. - Fiela het gevoel dat sy nie vir Tollie die regte pad gewys het nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.20	Benjamin het die (spook)skip gesien. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.21	Kaliel September het vir Benjamin ... - werk gegee 'n blyplek gegee. - kos gegee. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.22	- Benjamin het grond gehad waarop hy kon boer. - Benjamin het stabiliteit gehad. - Benjamin sou saam met die mense wees vir wie hy lief was. - Benjamin kon 'n toekoms saam met Nina beplan. - Benjamin kon wees wie hy altyd wou wees/'n Komoetie wees. - Benjamin het toe vir seker geweet hy was nie Lukas van Rooyen nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.23	- Benjamin wou die waarheid oor sy identiteit vir Nina gaan vertel. - Benjamin wou vir Nina gaan sê dat hy vir haar lief is. - Benjamin wou Nina vra om saam met hom Lange Kloof toe te gaan. - Benjamin het Nina gaan sien. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

2020 - NOVEMBER

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

FIELA: Bly stil, Benjamin, Ma is nog nie klaar gedink nie.

Almal loop bedremmeld die huis in saam met SELLING, behalwe FIELA wat bly sit.

FIELA (*op band*): Nee, die kind kan nie alleen na die fonteinkloof toe nie. Dit was 'n bang dwaas se uitkoms. Daarby het 'n tier skaars 'n maand gelede weer daar 5 deurgekom en een van die Laghaans se ou slingermaer skape kom vang.

FIELA: (*staan op en gaan na die ander in die kombuis*): Dawid, kry reg jou voete, jy moet dorp toe. Tollie, breek dunhout en pak 'n buitevuur aan vir Ma. Emma, maak kleinvuur in die huis en hang vir ons kos oor. Kittie, loop haal die blik met die naaldgoed. (*Hulle staar haar verskrik aan.*) Benjamin gaan Knysna toe. 10 (*SELLING sit sy hand op BENJAMIN se kop.*) Dit kan nie anders nie. Ek het oral gedink en ek kry nie 'n ander pad nie. Maar Saterdag sal hulle hom terugbring, sê ek vir julle. Hoor jy my, Benjamin? Saterdag sal hulle jou terugbring en die Here help hulle as hulle ooit weer hulle pote op hierdie werf sit! Ma stuur jou saam sodat die magistraat en die bosvrou jou kan bekyk en klaar kyk. En Ma belowe 15 jou, jy sal nie nodig hê om jou kop anderkant daardie berg te laat sak omdat jy as 'n Komoetie ingeskryf staan in die Goewerment se boek nie.

- 7.1 Waarom moes Benjamin daardie Vrydag op Knysna wees? (1)
- 7.2 Fiela moes die sensusmanne se vrae oor Benjamin beantwoord en sy teenwoordigheid verduidelik (verdedig).
- Wat was Fiela se antwoorde en verduideliking(s) op die volgende vrae en/of beskuldigings:
- 7.2.1 Waar het Fiela vir Benjamin gekry? (1)
- 7.2.2 Waarom het Fiela Benjamin se teenwoordigheid 'n geheim gehou? (1)
- 7.2.3 Waarom woon Benjamin nie skool by nie? (1)
- 7.3 Waarom het Fiela geglo dat Benjamin nie die verlore Boskind kon wees nie? (1)
- 7.4 "FIELA (*op band*): Nee, die kind ..." (Reël 4)
- 7.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Die woorde "op band" dui aan dat Fiela (bid/dink). (1)
- 7.4.2 Wat lei ons uit hierdie spreekbeurt van Fiela af, met ander woorde watter plan probeer Fiela maak? (1)

7.5 Wat bedoel Fiela as sy sê: "Ek het oral gedink en ek kry nie 'n ander pad nie."? (Reël 11–12) (1)

7.6 Fiela het rede gehad om nie die twee sensusmanne te vertrou nie.
Waarom is hierdie stelling WAAR? Fokus net op dit wat die sensusmanne gesê of gedoen het. (1)

7.7 Die bou van enige drama steun swaar op oorsaak en gevolg van gebeure.
Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.7.1 tot 7.7.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.7.1	Die sensusmanne kom haal vir Benjamin met die kapkar.	A	Benjamin word die Van Rooyens se kind.
7.7.2	Lange sê vir Barta watter kind sy moet kies.	B	Lukas kry sy eerste pakslae by Elias.
7.7.3	Nina word geslaan totdat sy sê in watter rigting Lukas weggehoop het.	C	Fiela neem afskeid van haar kind deur sy goed te gaan afgee.
7.7.4	Die magistraat verbied Fiela om naby Benjamin te kom.	D	Fiela kan nie saam Knysna toe gaan nie.
		E	Lukas raak verlief.

(4 x 1) (4)

7.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.8) neer.

Benjamin het, soos sy ma belowe het, nooit nodig gehad om skaam te wees omdat hy 'n Komoetie was nie. Dit is ook deur ... aan die einde van die roman gesê.

- A John Benn
 - B Barta van Rooyen
 - C Nina van Rooyen
 - D Mrs Weatherbury
- (1)

7.9 Verduidelik, met feite uit die drama, waarom dit onregverdig was om vir Benjamin by Fiela weg te neem en vir die Van Rooyens te gee. (2)

7.10 Waarom, dink jy, kon die magistraat nie anders as om te besluit om Benjamin vir die Van Rooyens te gee nie? (1)

7.11 Gestel Lukas het, nadat die magistraat hom aan die Van Rooyens gegee het, dit reggekry om weg te loop uit die Bos, Lange Kloof toe.

Hoe sou dit die verloop van die drama vir Nina ongelukkig gemaak het? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

LUKAS: ... As ek reg onthou, het iemand destyds gesê ek moet 'n vis saam terugbring. Moenie huil nie, kyk, ek het die vyf sjielings ook nog. (*Lag en soen haar op die mond.*)

Ligte doof uit met Fiela se stem op band.

FIELA: Ons moes Selling lawe en hom in die kooi sit. Hy het gesê Kittie moet die Bybel bring en vir hom van die verlore seun lees. Maar Kittie het te veel gehuil en toe het Benjamin maar self gelees. Ons het nie 'n vetgemaakte kalf geslag en geëet nie; ons het almal om Selling bly sit en sewe jaar tussen ons losgepraat. 5

Ligte kom op oor Fiela se werf. Ons hoor 'n gekap op die agtergrond. FIELA en SELLING op verhoog. 10

FIELA: (*op band*): Benjamin werk soos 'n man wat honger is en nie genoeg kan kry nie. Ons het die koring in die grond gekry.

SELLING: Die Here is goed, Fiela.

FIELA: Hy's is klaar met die Bos, Selling. Hy sal nie weer teruggaan nie.

SELLING: Daar's 'n hartseer in hom, Fiela. 15

FIELA: Ek weet, maar dit sal regkom. (*Gekap sterk op. Sy roep.*)
Benjamin, jy gaan nie met hierdie ding op die vangdam op nie! Die dam is drie keer groter en drie keer dieper as toe jy hom laas gesien het.

7.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lukas het besluit om na die Komoeties toe terug te gaan nadat hy gehoor het (dat Elias hom soek/van Dawid se dood). (1)

7.13 In reël 2 verwys Lukas na "vyf sjielings".

Waarom het Fiela dit jare gelede vir hom gegee om saam te neem Knysna toe? (1)

7.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Selling wou die verhaal van die verlore seun hoor omdat dit hom aan (Lukas/Tollie) laat dink het. (1)

- 7.15 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (7.15.1 tot 7.15.4) neer.
- Fiela en Selling kon sien dat Lukas nie homself was nie. Sy probleem was dat hy op (7.15.1) ... verlief was. Dit was 'n verbode liefde omdat hy gedink het dat hierdie meisie sy (7.15.2) ... was. Dit was vir hom belangrik om uit te vind wie hy werklik was. Daarom het hy besluit om weer die twee wêrelde van sy kinderdae op te soek: eers (7.15.3) ... waar hy nou is en toe weer die (7.15.4) ... waar die Van Rooyens was. (4)
- 7.16 Verduidelik die innerlike konflik wat Fiela beleef het toe Lukas na sewe jaar daar gestaan het – treë van haar af. Onthou om albei kante van die konflik te noem. (2)
- 7.17 Ons ken vir Selling as iemand wat:
- Help waar hy kan, ten spyte van sy sieklikheid
 - Vir Fiela kon raad gee
 - Geweet het wat in sy kinders se harte aangaan
- 7.17.1 Watter EEN van die eienskappe hierbo kom in hierdie uittreksel die beste na vore? (1)
- 7.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.17.1. Verwys net na hierdie uittreksel. (1)
- 7.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.18) neer.
- Dit was vir Lukas belangrik om te leer roei sodat ...
- A Selling trots op sy seun kan wees.
 - B John Benn hom as roeier sou kon aanstel.
 - C Armstrong hom kon vra om na die spookskip te roei.
 - D Kaliel September hom meer vir sy dienste kon betaal. (1)
- 7.19 Dink aan Lukas se gesprek met Fiela net ná hierdie uittreksel.
- Noem TWEE dinge waaroor Lukas met Fiela gepraat het. (2)
- 7.20 Lukas het by twee geleenthede vir Barta gevra of hy haar kind is.
- Hoe het Barta se antwoord tydens sy eerste besoek aan hulle verskil van haar antwoord tydens sy tweede besoek? Verwys in jou antwoord na al twee besoeke. (2)
- 7.21 Watter les, dink jy, het Barta in hierdie drama geleer uit dit wat tussen haar en Lukas gebeur het? (1)

[35]**TOTAAL AFDELING B: 35**

2020 - NOVEMBER

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1	- Die magistraat wou hom sien. - Mr Goldsbury wou die saak van die kind wat weggeraak het, opklaar. - Die magistraat/die bosvrou wou vasstel of Benjamin die Boskind was wat weggeraak het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.2.1	- Fielas het hom gekry waar sy ma hom gelos het. - Fielas het hom voor haar (agter)deur/daar waar Lange gesit het/by haar huis/voor/by die deur/kombuisdeur/voor haar huis gekry. - Die Here het hom aan my toebetrou. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.2.2	Fielas sê sy het hom nie weggesteek nie, want ... <u>Eerste besoek:</u> - sy kon hom nie magistraat toe vat nie, want op daardie stadium was daar nie 'n magistraat in hulle area nie. - Fielas het twee keer gegaan om die veldkornet te gaan sê, (maar hy was nie daar nie). - Fielas kon nie na Petrus Zondag toe gaan nie, want hy was see toe. - Benjamin was later so vas aan haar dat sy hom toe nie meer kon wegstuur nie. - almal in die Kloof het van Benjamin geweet en hulle het nie oor hom geskinder nie. <u>Tweede besoek:</u> - sy hou hom nie uit die kerk omdat sy hom wegsteek nie; sy leer hom self van die Bybel. - sy hou hom nie uit die skool omdat sy hom wegsteek nie; hy leer saam met sy broers en hy kry onderrig by Baby Stewart. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.2.3	- Benjamin se broers het hom by die huis geleer wat hulle by die skool geleer het. - Fielas het Benjamin van die Bybel geleer. - Daar was iemand/Baby Stewart wat hom twee middae per week leer somme maak het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.3	- Vir 'n klein kindjie was ... - die pad na haar huis toe te bergagtig. - die Bos te dig. - daar geen behoorlike pad om te loop nie. - dit onmoontlik om so ver te loop. - Die kind voor haar deur was te skoon en netjies. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

7.4.1	dink	1
7.4.2	• Fiela dink daaraan om Benjamin weg te steek. • Sy probeer 'n plan bedink sodat Benjamin nie hoof weg te gaan nie. • Fiela dink daaraan dat Benjamin in die fonteinkloof kon wegkruip. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.5	• Fiela kon aan geen ander uitweg/plan dink nie. • Benjamin sou maar net saam met die sensusmanne Knysna toe moes gaan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.6	• Die sensusmanne het gesê hulle bring vir Benjamin terug en hulle het nie. • Die sensusmanne het geweier om haar saam te neem Knysna toe. • Die sensusmanne het met al hulle vrae gewys hulle luister nie eers nie/vertrou haar nie. • Die lang sensusman het vir Barta voorgesê watter kind om te kies. • Die sensusmanne was neerhalend teenoor Fiela omdat sy bruin was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Oorweeg ook ander relevante dade/woorde wat die vraag ondersteun)	1
7.7.1	• D • Fiela kon nie saam Knysna toe gaan nie. • D Fiela kon nie saam Knysna toe gaan nie. (Enige EEN)	1
7.7.2	• A • Benjamin word die Van Rooyens se kind. • A Benjamin word die Van Rooyens se kind. (Enige EEN)	1
7.7.3	• B • Lukas kry sy eerste pakslae by Elias. • B Lukas kry sy eerste pakslae by Elias. (Enige EEN)	1
7.7.4	• C • Fiela neem afskeid van haar kind deur sy goed te gaan afgee. • C Fiela neem afskeid van haar kind deur sy goed te gaan afgee. (Enige EEN)	1
7.8	• A • John Benn • A John Benn (Enige EEN)	1

7.9	• <u>Onregverdig teenoor Benjamin om hom weg te vat by Fiela en vir die Van Rooyens te gee:</u> - o Benjamin was nie die Van Rooyens se kind nie - o By die Komoeties/Fiela het hy liefde/goeie waardes/goeie versorging/ goeie opvoeding gekry. - o Benjamin het net die Komoeties/Fiela as familie/sy ma geken - o By Fiela kon hy net kind wees/was hy gelukkig. - o Hy was klaar gewoond aan die Komoeties/Fiela en het nie 'n ander ma as Fiela geken nie. - o Hy het 'n identiteitskrisis beleef/het nie geweet wie hy was by die Van Rooyens nie. - o Elias het Benjamin mishandel. • <u>Onregverdig teenoor Fiela om vir Benjamin weg te vat en vir die Van Rooyens te gee:</u> - o Fiela het hom alles geleer wat hy ken/leer lees/skryf/Wiskunde/die Bybel - o Fiela het hom liefdevol, dog streng opgevoed, maar by die Van Rooyens is hy mishandel. - o Net omdat Fiela bruin was, kon sy nie die wit kind by haar hou nie. • <u>Die hele proses waartydens Benjamin uit die Komoeties se sorg verwyder is, was onregverdig</u> - o Benjamin is weggevat omdat hy wit was. - o Fiela is nie toegelaat om in die hof by te wees sodat sy haar kant kon stel nie. - o Barta het hom gekies omdat Lange vir haar voorgesê het. - o Die magistraat het nie na Fiela se verduidelikings geluister nie. - o Die saak is nie behoorlik ondersoek nie <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat mag ook een feit noem en daarop uitbrei)</i>	2
7.10	• Dit was nie die gebruik dat bruinmense wit kinders versorg nie. • Die magistraat moes op Barta se antwoord reageer./Barta het Lukas onmiddellik tussen vier ander seuns uitgeken. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.11	• Nina sou haar maat kwyt wees. • Nina sou 'n mooi liefde/verhouding misgeloop het. • Nina sou nie 'n vertroueling gehad het met wie sy haar geheime kon deel nie • Nina sou dalk nie in Knysna geëindig het nie/steeds vasgevang gewees het in swak omstandighede/mishandeling. • Nina sou erger mishandel word deur Elias omdat Benjamin/Lukas altyd vir haar opgekom het/geskerm het. • Nina sou eensaam wees omdat sy so anders as die ander kinders was. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.12	van Dawid se dood	1

7.13	- Benjamin/Lukas moes vir die magistraat kon wys dat die Komoeties geld gehad het/vir Benjamin kon sorg./Benjamin moes kon wys dat die Komoeties nie kaalgatte was nie. - Dit was vir "ingeval"/vir ingeval die magistraat vra of Benjamin geld het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.14	Lukas	1
7.15.1	Nina	1
7.15.2	suster/sussie/ sissie <i>(Nie suster - dit is Engels)</i>	1
7.15.3	Wolwekraal/Lange Kloof	1
7.15.4	(Knysna)Bos/Barnard se eiland	1
7.16	- Aan die een kant wou sy hom omhels/vasgryp, ✓ maar aan die ander kant het sy gehuiwer/was sy bang omdat hy toe 'n groot wit man was. ✓ - Aan die een kant wou sy hom omhels/vasgryp, ✓ maar aan die ander kant het sy gehuiwer omdat hy wit en sy bruin was/omdat hy intussen geleer het wat ras in Suid-Afrika beteken. ✓ - Aan die een kant wou sy hom omhels/vasgryp, ✓ maar aan die ander kant het sy gehuiwer omdat sy dalk bang was dat hy haar nie meer as sy ma sou aanvaar nie. ✓ <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Konflik gaan oor drukkies en vertwyfeling aan die een kant en kleur of verhouding aan ander kant. 2 punte of 0)</i>	2
7.17.1	geweet het wat in die harte van sy kinders aangaan <i>(7.17.1 moet korrek wees vir 7.17.2 om punt te verdien)</i>	1
7.17.2	Selling kon dadelik sien dat Lukas hartseer was/iets gehad het wat hom pla. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings wat bogenoemde bewys kan gegee word)</i>	1
7.18	- B - John Benn hom as roeier sou kon aanstel. - B John Benn hom as roeier sou kon aanstel. <i>(Enige EEN)</i>	1
7.19	- Hy wou by haar hoor of sy glo 'n driejarige kind kon so ver stap. - Hy wou by haar weet of sy weet wie hy was. - Hy wou haar opinie oor sy liefde vir Nina hoor. - Hy het gesê hy het geen reg op die grond gehad wat Fiela vir hom wou gee nie. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2

7.20	- Eers het sy gesweer/gesê dat hy wel Lukas was./Eers was sy bereid om voor die magistraat te gaan sweer dat hy wel Lukas was./Tydens sy tweede besoek het sy erken dat sy die verkeerde kind gekies het./Tydens die tweede besoek het sy erken dat sy voorgesê is wie om te kies.✓✓ - Barta het tydens die eerste besoek "ja" gesê en tydens die tweede besoek "nee". - Barta het met die eerste besoek gesê hy was haar kind en met die tweede besoek dat hy nie haar kind was nie. - In die eerste besoek het sy leuens vertel, maar in die tweede besoek het sy eindelijk die waarheid vertel. <i>(Enige EEN by die eerste besoek en enige EEN by die tweede besoek. Of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidaat kan 1 of 2 punte verdien.)</i>	2
7.21	Barta het geleer dat ... - leuens wel uitkom. - leuens 'n mens opvreet./jy nie kan aanhou lieg nie. - die waarheid altyd uitkom. - leuens mense se leuens kan verwoes/'n mens seermaak. - jy moet eerlik wees/nie moet lieg nie. - jy nie moet toelaat dat mense jou voorsê/aan jou voorskryf wat om te doen nie. - jy jou nie moet laat manipuleer nie/'n mens se besluite jou eie moet wees. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Leuens of waarheid; manipuleer/voorsê)</i>	1
		[35]
TOTAAL AFDELING B: 35		

2021 - MEI/JUNIE

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

BENJAMIN <i>stralend op met sy skuitjie.</i>	
BENJAMIN: Hy't tot onder in die vangdam gedryf. Ma! Ek moes 'n stok vat om hom uit te kry en hy't nie eers omgeslaan nie. Middag, baas – middag, baas.	
<i>Die lange ruk bril af, die dikke se mond val oop. SELLING se hande rol al vinniger inmekaar.</i>	5
FIELA (<i>op band</i>): Here, vat dan alles wat ek het. Vat die hele lot, maar moenie vir Benjamin vat nie!	
LANGE (<i>geskok</i>): Wie se kind is dit dié?	
FIELA: Myne.	
LANGE: Maar dis dan 'n <i>wit</i> kind!	10
FIELA: Hy's wit, ja.	
DIKKE: En 'n dekselse mooi kind daarby. Wie se kind is dit?	
FIELA: Dis Benjamin, my hankind.	
LANGE: Kom hier, seun.	
FIELA: Los die kind. As julle te praat het, praat met my!	15
LANGE: Luister, vrou, jy weet net so goed soos ek dat hier iets baie vreemds aan die gang is. Dit kan nie jou kind wees nie, maar jy het hom staan en opgee as jou eie. Waar kom jy aan die kind?	
FIELA: Dis my hankind.	
LANGE: Wat jy waar gekry het, vra ek jou.	20
FIELA: Waar kry jy hansgoed? Ek het hom gekry waar sy ma hom gelos het, dis waar ek hom gekry het.	
LANGE: Waar was dit?	
FIELA: Net daar waar baas nou sit.	
LANGE: Wanneer?	25
FIELA: Amper nege jaar gelede. Middel van die nag.	
DIKKE: Hy lyk ouer as nege.	
FIELA: Hy is.	
DIKKE: Hoe oud is hy?	
FIELA: Ek weet nie, ek het hom so op drie geskat ...	30

- 7.1 Waar speel hierdie deel van die drama af? Gee die naam van die plek. (1)
- 7.2 Selling en Fiela het nie die sensusmanne verwag nie.
- 7.2.1 Wat het Selling gedink kom die twee manne doen? (1)
- 7.2.2 Wat het Fiela gedink kom die twee manne doen? (1)
- 7.3 "Die lange ruk bril af ..." (Reël 4)
- Waarom is hierdie toneelaanwysing so gepas? (1)

- 7.4 "Here, vat dan alles wat ek het. Vat die hele lot, maar moenie vir Benjamin vat nie!" (Reël 6 en 7)
- 7.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Fiela se gedagtes hier het vir ons gewys hoe (baie sy vir Benjamin omgee het/kwaad sy vir die sensusmanne was). (1)
- 7.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.4.1 deur te verduidelik wat sy met "alles wat ek het" bedoel het. (1)
- 7.5 Lees reëls 16 tot 18.
- 7.5.1 Gee EEN woord om die toon/manier waarop Lange met Fiela gepraat het, te beskryf. (1)
- 7.5.2 Verduidelik waarom Lange gedink het dat dit reg was om op hierdie manier/toon met Fiela te praat. (1)
- 7.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.6) neer.
- Dis duidelik dat Benjamin nie verstaan het wat in die hof gebeur het nie. Dit was waarom hy ...
- A aan die einde van die gebeure gevra het of die bosvrou klaar gekyk het sodat hy kon teruggaan.
- B keer op keer die magistraat as "baas" in plaas van "weledede heer" aangespreek het.
- C die hele tyd agter in die hof teen die muur gestaan het.
- D sag op al die magistraat se vrae geantwoord het. (1)
- 7.7 Waarom was dit nodig dat Benjamin goed versorg moes lyk/reg moes optree voor die magistraat? (1)
- 7.8 Kort nadat Benjamin by die Van Rooyens aangekom het, het Nina al geweet dat sy vir Lukas met haar geheime kon vertrou.
- Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)
- 7.9 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:
- Lukas het vir Nina Knysna toe geneem om daar te gaan werk.
 - Die boswagter het kom verneem of Lukas aangepas het by sy nuwe gesin.
 - Lukas het besluit om weg te loop van die Van Rooyens af.
 - Fiela het Lukas se goedjies vir hom gebring. (4)

- 7.10 Fiela kon tevrede voel dat sy genoeg gedoen het om haar hanskind terug te kry.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na wat sy gedoen het. (1)

- 7.11 Vergelyk Miss Weatherbury se invloed op Nina se lewe en Fiela se invloed op Benjamin se lewe. Watter ooreenkoms sien jy raak? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

LUKAS: Dawid was my broer voordat ek geweet het Willem en Kristoffel is my broers.

NINA: Hoe kon hy jou broer gewees het? Hy was bruin.

LUKAS: Hy was nog altyd my broer.

Doof ligte uit. Musiek. Ligte op. FIELA se werf. FIELA sit en naaldwerk doen. 5

SELLING *kom in en wil sit.*

FIELA: Loop, Selling, loop. (*Op band.*) Ná Dawid se dood wou hy nie weer op en die dokter het gesê sy bene sal heeltemal ingee.

SELLING: Ek het nou genoeg geloop, Fiela.

FIELA: Dis nie genoeg nie, dis nog maar een keer vangdam toe en jy moet drie 10 keer loop. Die dokter het gesê ek moet kyk dat jy iedere dag jou bene laat loop.

SELLING: Fiela ... daar kom iemand in die onderste pad aan. Hy't ver geloop, mens kan sien.

FIELA: Ja, Selling. Kyk maar dat jy aan die loop bly. 15

(*SELLING loop af.*) Arme Selling. (*Roep.*) Lig jou voete, Selling! Kittie kyk na die kos en ruik die pampoen. (*Pouse.*) Here? (*Pouse.*) Here? (*Op band.*) Here, dis 'n droom; ek gaan val en ek gaan wakker word. Dis nie waar nie. Moenie dat ek 'n ding sien wat nie waar is nie. (*SELLING en LUKAS op.*) Maar toe staan hy daar. Treë van my af. Benjamin. 'n Lange mooie man in 20 vuil flenterklere, maar met 'n fierheid in sy bloue oë. En dis nie Benjamin my hanskind nie, ...

- 7.12 Watter TWEE dinge, behalwe sy flenterklere en die trots in sy blou oë, het Fiela dadelik raakgesien toe Benjamin voor haar gestaan het? (2)

7.13 Wat bedoel Fiela met die volgende vetgedrukte woorde?

"... ek **gaan val** en ek gaan **wakker word**." (Reël 18)

(2)

7.14 Kies die gevolg in KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.14.1 tot 7.14.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.14.1	Lukas het met Kaliel kennisgemaak.	A	Selling het flou geword.
7.14.2	Lukas het die boodskap gekry dat iemand uit die Lange Kloof hom kom soek het.	B	Barta moes erken dat sy die verkeerde kind gekies het.
7.14.3	Lukas se aankoms in die Lange Kloof was onverwags.	C	Lukas het besluit om na baie jare weer vir Fiela-hulle te gaan besoek.
7.14.4	Lukas is terugverwelkom in die Bos.	D	Tollie het in die tronk beland.
		E	Lukas het die geleentheid gekry om naby die see te wees.

(4 x 1) (4)

7.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.

Die rede waarom Fiela nog nie die Laghaanse se grond op Benjamin se naam gesit het nie, was omdat sy ...

- A gehoop het dat Tollie hom sou regruk.
- B getwyfel het of Benjamin weer sou terugkom.
- C geweet het dat mense sou praat oor haar optelkind.
- D gedink het haar ander kinders sou nie van die idee gehou het nie.

(1)

7.16 Die magistraat het Lukas aan die Van Rooyens gegee.

Som die verhouding tussen Lukas en Elias van Rooyen op.

7.16.1 Hoe was die verhouding tussen die twee karakters?

(1)

7.16.2 Gee TWEE bewyse om jou antwoord op VRAAG 7.16.1 te motiveer.

(2)

7.17 Daar is 'n paar temas in hierdie drama, byvoorbeeld:

- Die mens wat na sy identiteit soek
- Die samelewing wat 'n mens op grond van jou velkleur stereotipeer
- 'n Mens wat uitgelewer is aan die mag van ander mense wat jou lewe bepaal

7.17.1 Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste in Nina en Benjamin se gesprek in die uittreksel en in Fiela en Benjamin se gesprek later oor die Laghaanse se grond na vore? (1)

7.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.17.1 deur te verwys na Fiela se besluit oor die Laghaanse se grond. (1)

7.18 In hierdie drama lees ons van Benjamin/Lukas se soeke na sy identiteit.

7.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Tydens sy besoek aan die Komoeties sien ons dat (Fiela se opinie oor dinge vir Lukas belangrik was/Lukas dit teen Fiela gehou het dat sy hom Knysna toe gestuur het). (1)

7.18.2 Motiveer jou antwoord met 'n voorbeeld uit gesprekke tydens hierdie besoek van Lukas aan die Komoeties. (1)

7.19 Dink aan die volgende karakters in die drama:

- Nina van Rooyen
- Barta van Rooyen
- Kaliel September

Watter karakter dink jy, het die grootste **negatiewe** invloed op Benjamin se lewe gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT die karakter gedoen het en HOE daardie aksie Benjamin se lewe negatief beïnvloed het. (2)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

2021 - MEI/JUNIE

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VR NR	ANTWOORD	PUNT
7.1	Wolwekraal/Lange Kloof	(1)
7.2.1	Selling het gedink hulle ... • kom preek • was mense/predikers wat kom preek het • was mense van die kerk <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	(1)
7.2.2	Fiela het gedink hulle ... • kom smous/was mense wat gesmous het. • kom velle/vere koop. • kom haar volstruis(mannetjie) koop. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	(1)
7.3	• Dit beklemtoon die lange se skok/niekan glo wat hy sien nie. • Dit wys die lange se skok oor/nie kan glo wat hy sien nie - die wit kind by 'n bruin gesin. <i>(Enige EEN. LW. Ons vra nie WAAROM hy sy bril afruk nie; die vraag is waarom die afruk van die bril so gepas is.)</i>	(1)
7.4.1	baie sy vir Benjamin omgee het <i>(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.4.2 te kry.)</i>	(1)
7.4.2	(Benjamin is vir haar belangriker as ...) • al haar aardse besittings. • Wolwekraal, insluitend die volstruise. • Alles/die dinge wat sy gehad het wat verkoop kon word. • letterlik enigiets wat aan haar behoort het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	(1)
7.5.1	kwaai/aggressief/neerhalend/minagtend/agterdogtig/onbeskof/ beskuldigend/rassisties/streng/kortaf/onvriendelik/ongeskik <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die woord mag in 'n sin aangebied word. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.5.2 te kry.)</i>	(1)
7.5.2	Lange het gedink dat ... • bruinmense minder belangrik was/bruinmense sy mindere was/hy op bruinmense kon neersien. • hy die wet verteenwoordig. • hy vir Fiela só kon bang maak/intimideer. • Fiela vir hom gejok het. • dit reg was om so te praat, want daar was 'n wit kind by bruin mense. • hy nie kon glo wat hy gesien het nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	(1)

- 7.6 A aan die einde van die gebeure gevra het of die bosvrou klaar gekyk het sodat hy kon teruggaan. (1)
- 7.7 Benjamin moes daardeur kon bewys dat ...
• die Komoeties/Fiela hom goed versorg het.
• Fiela-hulle geld gehad het om vir hom te sorg/Fiela-hulle nie kaalgat was nie.
• hy geletterd/goed opgevoed was.
• hy nie skaam hoef te wees dat 'n bruinvrou hom grootgemaak het nie.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)
- 7.8
• Nina wou dadelik haar geheim van die bottels met hom deel.
• Nina het hom saamgenooi Bos toe om haar geheim te deel.
• Benjamin was van die begin af in konflik met Elias, nes Nina.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)
- 7.9
• Lukas het besluit om weg te loop van die Van Rooyens af.
• Die boswagter het kom hoor of Lukas by sy nuwe gesin aangepas het.
• Fiela het Lukas se goedjies vir hom gebring.
• Lukas het vir Nina Knysna toe geneem om daar te gaan werk. (4)
- 7.10 Fiela kon tevrede voel, want sy ...
• was **twee keer** dorp toe om die magistraat te gaan spreek.
• het **haar verneder** voor die magistraat.
• **is Bos toe** om te gaan kyk of sy haar kind kon sien.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)
- 7.11 Albei het ...
• 'n positiewe invloed op die jongmense gehad.
• in die jongmense geglo.
• gehelp om die jongmense finansieel onafhanklik te maak/ probeer ophef/goeie beginsels geleer (sodat hulle ordentlike volwassenes kon wees.)
• die jongmense teen onreg beskerm.
• hul harte/huise vir die jongmense oopgemaak.
• geglo dat die jongmense vooruit moes gaan.
• 'n positiewe invloed op die jongmense gehad.
• Nina en Benjamin se lewensomstandighede verbeter.
• vir hulle 'n beter toekoms in gedagte gehad.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

- 7.12 Benjamin was toe ...
 • groot/'n man/nie meer 'n kind nie.
 • ('n) wit (man).
 • ('n) lang (man).
 • ('n) mooi (man).
(Enige TWEE) (2)
- 7.13 Sy kon nie glo dit was Benjamin nie/Benjamin was nie regtig daar nie/
 dit was net haar verbeelding/sy het gedink sy droom. ✓✓
(Of soortgelyk aan bogenoemde) (2)
- 7.14.1 E Lukas het die geleentheid gekry om naby die see te wees. (1)
- 7.14.2 C Lukas het besluit om na baie jare weer vir Fiela-hulle te gaan
 besoek. (1)
- 7.14.3 A Selling het flou geword. (1)
- 7.14.4 B Barta moes erken dat sy die verkeerde kind gekies het. (1)
- 7.15 B getwyfel het of Benjamin weer sou terugkom. (1)
- 7.16.1 • Die verhouding tussen Lukas en Elias was swak/sleg/nie goed nie.
 • Hulle verhouding was liefdeloos/koud/vreemd.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.16.2 te kry.) (1)
- 7.16.2 • Elias het Lukas mishandel.
 • Elias het Lukas net gesien as nog 'n paar hande/misbruik.
 • Elias het Lukas se kindwees van hom ontnem.
 • Elias het nie soos 'n liefdevolle vader/ouer teenoor Lukas opgetree
 nie.
 • Elias het nie regtig vir sy (verlore) seun omgee nie.
 • Lukas wou/het nie vir Elias as sy pa aanvaar nie/hom Pa genoem
 nie.
 • Lukas wou weglou.
 • Lukas het verkies om nie sy "gesin" met Fiela te bespreek nie.
 • Hulle het altyd vasgesit./Daar was konflik tussen die twee. (2)
(Enige TWEE Of soortgelyk aan bogenoemde)
- 7.17.1 Die samelewing wat 'n mens op grond van jou velkleur stereotipeer.
(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.17.2 te kry.) (1)

- 7.17.2
- Fiela het besluit om die Laghaanse se grond vir Benjamin te gee om te bewys dat bruinmense nie te agterlik/te arm was om vir hulle kinders 'n voorsprong in die lewe te gee/grond op hulle naam te sit nie.
 - Fiela het besef dat Benjamin (wat toe groot en wit was) nie met hulle in dieselfde huis kan bly nie.
- (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)
(LW: Uit die antwoord moet dit duidelik blyk dat die kandidaat weet **hoe** Fiela/Benjamin gestereotipeer sou word.) (1)
- 7.18.1 Fiela se opinie oor dinge vir Lukas belangrik was.
(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.18.2 te kry.) (1)
- 7.18.2
- Benjamin wou by Fiela weet of sy nog steeds glo hy was nie die Van Rooyens se kind nie.
 - Benjamin wou by Fiela weet of sy weet wie hy werklik was.
 - Benjamin kon vir Fiela sê dat hy op Nina verlief geraak het.
 - Benjamin het gedoen wat Fiela gesê het, nl. om vir Barta te gaan konfronteer oor sy ware identiteit.
 - Benjamin wou by Fiela weet of sy nog steeds glo 'n kind van drie sou dit nie van agter uit die Bos tot in die Lange Kloof maak nie.
- (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Gee voorbeelde uit die gesprekke.) (1)
- 7.19 (Barta van Rooyen)
- Barta het vir Benjamin verkeerdelik as haar Lukas uitgewys/gejok in die hof/al die jare stilgebly oor haar leuen die dag in die hof. ✓ (WAT)
 - Barta het veroorsaak dat Benjamin vir 7 jaar die koestering van 'n liefdevolle ouerhuis moes ontbeer/Benjamin se sorgelose kinderjare van hom ontnem/Benjamin se identiteitskrisis veroorsaak/Benjamin is mishandel as gevolg van Barta se leuens. ✓ (HOE)
- (Of soortgelyk aan bogenoemde) (2)
- [35]

TOTAAL AFDELING B: 35

2021 - NOVEMBER

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

BENJAMIN: My naam was maar altyd Benjamin Komoetie.

MAGISTRAAT: Goed. Kan jy enigiets onthou voordat jy by die mense in die Lange Kloof beland het? Enigiets.

BENJAMIN: Nee, weledele heer.

MAGISTRAAT: Ek wil hê jy moet nou vir my so ver as moontlik terugdink en dan moet jy vir my alles sê wat jy dink. 5

BENJAMIN: Ek kan nie so lekker dink as ek bang is nie, baas.

MAGISTRAAT (*se wange in en uit*): Jy hoef vir niks bang te wees nie, seun, ek wou maar net seker maak of jy enigiets kan onthou. Dit maak nie saak as jy niks onthou nie. Kom staan nou vir my nog 'n klein entjie vorentoe en dan bly staan jy net so doodstil. (MAGISTRAAT *wink vir KONSTABEL. Gee hom 'n opdrag. KONSTABEL uit. KONSTABEL terug met vier seunskinders. Hulle stamp aan mekaar en lag en kom weerskante van BENJAMIN staan. Stemme op die agtergrond.*) Stilte, asseblief! (MAGISTRAAT *beduie aan die KONSTABEL en KONSTABEL by die deur uit. Kom terug met BARTA by hom. 'n Rukkie later kom ELIAS verskrik op.*) Kom nader, mevrou 15
Van Rooyen, kom tot by hulle en moenie haastig wees nie. Kyk net so lank as wat u wil. (BARTA *nader. Wys met haar vinger na BENJAMIN. Draai haar om en begin huil. Opgewonde stemme van mense wat inloer: MAGISTRAAT roep KONSTABEL. Gee hom opdrag. KONSTABEL laat mense van die verhoog gaan.*) Seun ... begryp jy wat so pas hier gebeur het? 20

- 7.1 Wie was hierdie magistraat voor wie Benjamin moes verskyn? (1)
- 7.2 Som Fiela se verduideliking aan Lange en Dikke oor hoekom sy Benjamin gehou het, op. (3)
- 7.3 Bespreek Barta se innerlike konflik toe sy vir Lukas tussen die ander seuntjies moes uitken. Verwys na albei kante van die konflik. (2)
- 7.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

Spanning is in die drama geskep deur ...

- A vinnig deur die storielyn van die verlore kind te beweeg.
- B vir Fiela voor te stel as 'n pleitende ma wat haar kind liefhet.
- C die Bos voor te stel as 'n wêreld waar Nina kan fantaseer.
- D tussen die twee ruimtes, die Bos en Lange Kloof, te spring. (1)

7.5 In enige drama is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.5.1 tot 7.5.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.5.1	Die sensusmanne het 'n tweede keer by Wolwekraal opgedaag.	A	Benjamin is vir sewe jaar uit 'n liefdevolle huis weggeruk.
7.5.2	Barta het vir Benjamin as haar seun, Lukas, uitgeken.	B	Benjamin het hom na jare losgemaak van die Boslewe.
7.5.3	Die magistraat het al Fiela se pogings om met Benjamin kontak te maak, verwerp.	C	Fiela het grond op Benjamin se naam gesit.
7.5.4	Benjamin is Knysna toe gestuur om vir Nina te gaan soek.	D	Fiela het geen keuse gehad as om vir Benjamin Knysna toe te laat gaan nie.
		E	Benjamin het begin glo dat die Komoeties hom vergeet het.

(4 x 1)

(4)

7.6 Vertel van DRIE negatiewe dinge in Benjamin se lewe by die Van Rooyens.

(3)

7.7 Kan 'n mens Benjamin/Lukas as hoofkarakter bewonder? Motiveer jou antwoord met TWEE redes.

(2)

7.8 Gee TWEE redes waarom die titel gepas is.

(2)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

ELIAS: ... As jy nou weer huis toe kom, is al drie my seuns in die span en kan ons kosyne ook lewer. Dan koop ons 'n swaar geweer en julle leer almal skiet en dan sal ons 'n ding sien.	
BARTA (<i>fluister</i>): Elias ... (<i>Roep.</i>) Elias ...	
LUKAS: Pa, Ma praat.	5
ELIAS: Wat is dit, Barta? Ek sê vir julle, 'n wamakery sal in hierdie bos 'n betalende ding wees. Ek het die ding lank oordink, ek lê nie verniet snags wakker in my ellende nie.	
LUKAS (<i>benoud</i>): Pa.	
ELIAS: Ek is 'n man wat 'n plan kan sien lank voor 'n ander man hom nog in die kop gekry het.	10
LUKAS: Pa, daar's iets verkeerd met Ma!	
ELIAS (<i>ergerlik</i>): Wat's dit, Barta? Voel jy siek? Is dit weer die benoudigheid? Kristoffel, gee daar vir jou ma van die treksel op die rak lat sy drink. Lukas, jy kan gerus by die dokter op die dorp vir haar loop medisyne kry, sy bly die laaste tyd bekwaald. Jy weet, jou ouma het in 'n oog se knip van die hart ingegee. Voel jy sleg, Barta? (<i>Haar kop sak laer. KRISTOFFEL hou beker uit na haar, maar sy wil nie drink nie.</i>) Wat is dit, Barta?	15
BARTA (<i>die woorde skeur uit haar</i>): Ek het die verkeerde kind gevat, Elias. Ek het iemand anders se kind gevat.	20
ELIAS (<i>bang</i>): Waarvan praat jy, Barta?	
KRISTOFFEL: Is Ma benoud?	
BARTA: Dit was nie Lukas nie.	
ELIAS: Vrou, wat praat jy?	

- 7.9 Elias praat in hierdie uittreksel net met sy drie seuns. Waar/By wie was Nina op daardie stadium in die drama? (1)
- 7.10 Noem TWEE redes waarom Lukas besluit het om vir 'n tweede keer na die Van Rooyens toe terug te gaan . (2)
- 7.11 "BARTA (*fluister*): Elias ... (*Roep.*) Elias ..." (Reël 4)
- Wat sê die manier waarop Barta hier praat van die emosie wat sy op daardie oomblikke ervaar het? (1)
- 7.12 Elias het nie in reël 6, 13 en 21 gereageer soos wat 'n mens van 'n man sou verwag nie.
- 7.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Elias se reaksie op Barta se toestand het aangedui dat hy (nie verstaan het nie/kwaad was omdat Lukas so lank weg was). (1)
- 7.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.12.1 deur hierdie reaksie van Elias te verduidelik. (1)

7.13 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is.

In hierdie drama kry ons 'n voorbeeld van die mens wat nooit loskom uit onderdrukking nie.

(1)

7.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.14) neer.

Uit Benjamin/Lukas se reaksie nadat Barta erken het dat sy 'n leuen vertel het, kan ons aflei dat hy ...

- A jaloers was op die ander Van Rooyen-kindere.
- B trots was om vir 'n rukkie 'n Van Rooyen te kon wees.
- C wou kompeteer met die ander seuns vir Elias se aandag.
- D ontevrede was met die sensusmanne van destyds se optrede.

(1)

7.15 Dink aan Lukas/Benjamin en die Komoeties.

7.15.1 Hoe sal jy die verhouding tussen Lukas/Benjamin en die Komoeties aan die einde van die drama beskryf?

(1)

7.15.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (Konsentreer op Lukas/Benjamin EN die Komoeties.)

(2)

7.16 Waarom kan ons glo dat Benjamin/Lukas 'n sukses van sy toekoms sou maak?

(1)

7.17 Sê hoe die verhouding tussen Benjamin/Lukas en Nina aan die einde van die drama verskil van hul verhouding aan die begin.

(2)

7.18 Sou dit Elias se skuld gewees het as hy alleen sonder sy kinders se ondersteuning moes oud word? Motiveer jou antwoord.

(1)

7.19 Sê nou daar was EEN ding waaroor Benjamin/Lukas kon spyt/sleg voel of homself blameer.

7.19.1 Waaroor sou Benjamin/Lukas kon spyt/sleg voel?

(1)

7.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.19.1.

(1)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

2021 - NOVEMBER

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VR NR	ANTWOORD	PUNT
7.1	(Mister) Goldsbury	1
7.2	- Petrus Zondag was nie beskikbaar nie/was by die see. - Daar was nog nie 'n magistraat op die dorp nie. - Die veldkornet was agter skaapdiewe aan/Dugas toe/nie beskikbaar nie. - Die veldkornet was begrafnis (Haarlem) toe. - Die kind was later te geheg aan haar/was aan haar rokspante vas. - Sy kon nie 'n 3-jarige kind net daar op haar stoep gelos het nie. <i>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	3
7.3	- Barta het besluit om na die sensusman te luister, maar sy het geweet dat dit nie haar kind was nie. - Barta het uit vrees opgetree en Benjamin/Lukas gekies al het sy geweet hy was nie haar kind nie. - Barta het 'n kind verloor en alhoewel sy geweet het Benjamin/Lukas is nie haar kind nie, het sy besluit om te sê hy is hare. - Barta het gewonder of sy moes jok of die waarheid praat. - Barta was onseker of dit haar kind was, maar sy probeer die indruk skep dat sy seker is dis haar kind, - Barta het skuldig gevoel dat sy gejok het, maar was ook verlig dat hierdie kind miskien haar verlore kind was. - Barta het skuldig gevoel dat sy beïnvloed was om die seun met die blou hemp uit te ken, maar verlig dat sy nie self moes besluit nie. - Barta was verlig dat sy klaar met die magistraat was, maar sy was bang hy sou uitvind dat sy gelieg het. - Barta het geweet Benjamin was nie haar seun nie, maar sy het hom nietemin gekies. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Albei kante van die konflik moet genoem word. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)</i>	2
7.4	D tussen die twee ruimtes, die Bos en Lange Kloof, te spring.	1
7.5.1	D Fiela het geen keuse gehad as om vir Benjamin Knysna toe te laat gaan nie.	1
7.5.2	A Benjamin is vir sewe jaar uit 'n liefdevolle huis weggeruk.	1
7.5.3	E Benjamin het begin glo dat die Komoeties hom vergeet het.	1
7.5.4	B Benjamin het hom na jare losgemaak van die Boslewe.	1

7.6	• Benjamin is soms (met die osriem) geslaan/mishandel. • Benjamin moes hard/soos 'n slaaf werk. • Benjamin het nie liefde gekry nie. • Benjamin kon nie leer nie. • Benjamin moes sonder sy eie goed klaarkom./Benjamin het niks van sy eie oorgehad nie. • Benjamin kon nie kind wees en speel nie. • Benjamin wou aan die begin weglou. • Benjamin was gedwing om vir Elias en Barta as "ma en pa" aan te spreek. • Benjamin het in armoede grootgeword. • Benjamin het nie voedsame/goeie kos gekry nie/min kos gekry/was nie (goed) versorg nie. • Benjamin mag nie oor Fiela-hulle gepraat het nie/hy moes sy verlede ignoreer/vergeet. • Benjamin het soos 'n gevangene in die Bos gevoel/gesukkel om in die Bos wat klam en donker was, aan te pas. • Benjamin het gesukkel om sy ware identiteit te vind. • Benjamin was by mense wat hy nie geken het nie. • Benjamin was in 'n klam/ongesonde huis. • Benjamin het nie goeie waardes geleer nie. <i>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	3
7.7	Ja. • Benjamin/Lukas het gedoen wat Elias van hom verwag het. • Benjamin/Lukas het probeer om die lewe in die Bos te leer ken/hy kon aanpas in al sy omstandighede – goed of sleg. • Benjamin/Lukas het die Van Rooyens Ma en Pa genoem al het hy geweet hulle was nie. • Benjamin/Lukas het Nina teen Elias beskerm/hy het vir Nina opgestaan en haar nie verklap nie/die bas van die bome afgehaal terwyl sy dit moes doen. • Benjamin/Lukas het sy gevoelens vir Nina onderdruk omdat hy gedink het sy was sy suster. • Benjamin/Lukas het die moed gehad om later te kies wie hy wou wees/'n visie vir sy toekoms gehad/sy drome nagejaag/sy eie ding gedoen. • Benjamin/Lukas het die Komoeties nie vergeet nie. • Benjamin/Lukas het vir sy geluk geveg. • Benjamin/Lukas het teen Elias opgestaan en nie weer teruggegaan Bos toe nadat hy die see/Nina gesien het nie. • Benjamin/Lukas was bereid om vir min by Kaliel te werk/om te leer roei/deursettingsvermoë gehad. • Benjamin/Lukas het bly soek na wie hy is en nie moed opgegee nie. • Ten spyte van Kaliel se woorde dat hy nie 'n roeier kon wees nie, het Benjamin/Lukas geleer roei. • Benjamin/Lukas was bereid om te wag vir sy kans/wou nie 'n ander man se spaan hê nie/wou sy eie plek verdien. • Benjamin/Lukas het integriteit gehad/ in regverdigheid geglo/wou nie die grond wat Fiela vir hom gekoop het, aanvaar nie.	

	Benjamin was onafhanklik. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat mag omskryf/ voorbeeld gee of 'n karaktereienskap wat jy kan bewonder, noem. Indien die kandidaat nie met die stelling saamstem nie, kan die antwoord slegs oorweeg word indien daar 'n geldige motivering is wat op die teks gebaseer is.)</i>	2
7.8	- Die drama is oor die kind/die hoofkarakter is die kind Benjamin. - Dit verwys na Fiela/in die drama leer ken die leser al die lief en leed van Fiela. Fiela was Benjamin se ma, maak nie saak wat die wet gesê het nie./ Fiela het Benjamin soos haar eie grootgemaak. - Dit dui Fiela se besitreg/hartreg op Benjamin aan. - Benjamin het Fiela altyd as sy ma erken en nie vir Barta nie. - Al die geheime en twyfel oor wie se kind Benjamin was, lê opgesluit in die titel. - Geheime rondom die kind ontplooi. - Benjamin het besluit hy is Fiela se kind. - Die titel kan dui op Benjamin se identiteitskrisis. - Dit gee ekstra inligting oor die genre. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
7.9	Nina was: - in Knysna/die dorp/by die see. - by Miss Weatherbury.	1
7.10	- Lukas wou die waarheid uitvind oor wie hy was./Hy wou sy ware identiteit vind. - Lukas was verlief op Nina/wou 'n romantiese verhouding met haar hê. - Fiela het hom aangeraai om terug te gaan (want net Barta sou hom kon verlos.) - Hy het gehoop Elias ken die waarheid. - Fiela het gesê bloed sou bloed gekeer het as Nina sy suster was. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
7.11	Dit dui aan dat Barta ontsteld/bang/paniekerig/angstig/benoud/senuweeagtig was/skuldig gevoel het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. NIE onseker of ongelukkig NIE)</i>	1
7.12.1	nie verstaan het nie <i>(Die antwoord op Vraag 7.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.12.2 te verdien.)</i>	1
7.12.2	- Elias het die heeltyd gedink Barta het die waarheid gepraat/hy het haar geglo. - Elias kon nie dink dat Barta vir so lank daaroor kon lieg nie. - Elias het gedink sy makeer fisiek iets/was weer benoud/nie lekker nie. - Elias het nie haar emosionele trauma verstaan nie. - Elias het nie gedink dit was ernstig nie en wou net verder oor sy planne praat. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 7.12.1 en Vraag 7.12.2 wees.)</i>	1

7.13	- Nina het besluit om weg te loop uit die Bos/'n beter lewe te gaan vind. - Fiela het so goed met geld gewerk/goed geboer dat sy grond vir Benjamin kon koop./Fiela het haar eie grond gehad./ Fiela het haar eie suksesvolle volstruisboerdery gehad. - Lukas het gaan werk om 'n beter lewe buite die Bos te maak. - Lukas is weg van die Van Rooyens af omdat hy nie langer misbruik wou word nie. - Benjamin het teruggegaan na Fiela/die Komoeties toe. - Nina het geweier om langer haar geld wat sy verdien het vir haar pa (Elias) te gee. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.14	D ontevrede was met die sensusmanne van destyds se optrede.	1
7.15.1	Hulle was gelukkig saam/lief vir mekaar/gemaklik/tevrede met mekaar /liefdevolle/goeie/ondersteunende verhouding/'n familie/aanvaar mekaar. <i>(Die antwoord op Vraag 7.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.15.2 te verdien.)</i>	1
7.15.2	- Die Komoeties het: - hom as seun terugverwelkom. - verstaan dat Lukas sy eie pad/kop moes volg. - vir hom grond gegee/'n toekoms verseker. - hom ondersteun (die brief wat Fiela geskryf het). - Fiela het hom omhels. - Selling was aangedaan. - Lukas het vir Fiela "Ma" genoem/haar gesoengroet. Lukas was bly hy kon nou weer Benjamin/'n Komoetie wees. - Benjamin het vir John Benn gesê hy is 'n Komoetie. - Benjamin het besluit hy bly in Lange Kloof. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 7.15.1 en Vraag 7.15.2 wees.)</i>	2
7.16	- Hy was toe weer 'n Komoetie/deel van 'n liefdevolle gesin. - Hy het toe grond/land gehad. - Hy kon toe vir Nina vra om met hom te trou. - Hy was 'n harde werker met deursettingsvermoë/vasberadenheid. - Hy het uit die Bos/weg van Elias se onderdrukking gekom. - Hy het nuwe vaardighede (roei) aangeleer/was bereid om iets nuuts te leer. - Hy het geleer om na homself om te sien. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.17	Hulle was eers soos broer en suster/vriende/vertrouelinge, maar ná die gesprek kon hy vir haar sê dat hy vir haar lief was. Aan die begin was hulle vreemd vir mekaar/het mekaar nie vertrou nie/gedink sy was moeilikheid/het nie van mekaar gehou nie, maar aan die einde was hulle lief vir mekaar. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde. Verskil moet duidelik uit die antwoord blyk. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)</i>	2

7.18	Ja. - Elias het nooit moeite gedoen om 'n goeie verhouding met sy kinders op te bou nie. - Elias se kinders was net vir hom goed genoeg om vir hom te werk. - Elias het sy kinders mishandel/Nina se hare met 'n mes afgesny/ kinders met 'n osriem geslaan. - Elias het die kinders sleg behandel/min liefde getoon/was hard op hulle. - Elias was wreed/lui/onregverdig/nie 'n goeie voorbeeld vir sy kinders nie. OF Nee. - Kinders kon leer om te vergewe en nie dieselfde foute as Elias te maak nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.19.1	Benjamin/Lukas sou kon spyt/sleg voel dat hy ... - nie vroeër vir Barta gekonfronteer het nie. - nie meer pogings aangewend het om die Komoeties te sien nie. - nie opgestaan het teen Elias se mishandeling nie. - nie vroeër weggeloop het nie. - gedink het Fiela van hom vergeet het. - ooit die sensusmanne ontmoet het. - sy skuitjie vir Fiela gaan wys het toe die sensusmanne daar opgedaag het. - nie harder probeer het om die magistraat te oorreed om hom vir Fiela te gee nie. - nie harder probeer het om sterker bande met die Van Rooyen gesin te bou nie. - Nina nie ondersteun het toe hy haar halfpad dorp toe moes vat nie. - op sy suster verlief geraak het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Enige iets waaroor die karakter spyt of sleg kon voel binne konteks van die drama. Die antwoord op Vraag 7.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.19.2 te verdien.)</i>	1
7.19.2	- Benjamin kon gouer gelukkig gewees het. - Benjamin sou steeds gevoel het hy hoort iewers. - Benjamin kon die ander kinders ook 'n beter lewe laat leef het. - As Benjamin by die dam gebly het, sou niemand ooit van hom geweet het nie. - Benjamin het geweet dis nie reg om op jou suster verlief te wees nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 7.19.1 en Vraag 7.19.2 wees.)</i>	1
		[35]
TOTAAL AFDELING B:		35

2022 - MEI/JUNIE

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

NINA (*geskok*): Weet jy dit nie? Die goed met slurpe, *olifante*. Maar eintlik mag 'n mens nie hulle name hardop sê nie, want dan hoor hulle jou en hulle dink jy roep hulle en dan jaag hulle jou ... As jy vir my jou vyf sjielings gee, koop ek vir my 'n mondfluitjie en 'n kombers en ek wys vir jou om by die pad te kom.

LUKAS: Sweer jy sal my môre neem? 5

NINA: Sweer jy sal my die vyf sjielings gee?

LUKAS: Ek sweer.

NINA: Hoe ek op die dorp gaat kom om die fluitjie te koop, weet ek nie, maar ek sweer. (*Sy blaas op bottel.*) Blaas jy nou een blaas alleen, dan blaas ek een alleen en dan blaas ons een tesame. 10

Hulle blaas, maar LUKAS val altyd verkeerd in. Ligte doof uit. Musiek. Ligte op voor Boshuis. ELIAS sit voor deur. BARTA kom staan in deur.

ELIAS: Moet jy nie die patats uit die as haal nie, Barta? Jy weet ek hou nie van 'n drooggebakte patat nie, Barta!

BARTA: Ek hoor, Elias. Ek was nou by die patats, hulle is nog nie sag nie. 15

ELIAS: Van môre af gaat ek Lukas by die balke sit en hom leer om 'n byl vas te hou, sodat hy sy nuk kan uitsweet.

BARTA: Moenie aan hom slaan nie, Elias.

- 7.1 Wie het vir Benjamin/Lukas die vyf sjielings gegee? (1)
- 7.2 Hoekom het Benjamin/Lukas die vyf sjielings by hom gehad? (1)
- 7.3 Gee TWEE redes waarom Barta nie wou hê Elias moes Benjamin/Lukas slaan nie. (2)
- 7.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.
- Lukas het gesweer dat hy sy vyf sjielings vir Nina sou gee.
- Hierdie optrede wys dat Lukas baie ... was.
- A verward
B bang
C opgewonde
D desperaat (1)
- 7.5 Fiela het besluit om die magistraat te gaan sien.
- Sê hoe Fiela vóór die eerste besoek aan Knysna gevoel het en sê hoe Fiela se gevoel ná die besoek verander het. (2)

7.6 In enige drama is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.6.1 tot 7.6.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.6.1	Barta het die seun met die blou hempie uitgewys.	A	Lukas/Benjamin het Lange Kloof toe gegaan.
7.6.2	Fiela was bang mense sou dink sy kan nie vir haar kinders voorsien nie.	B	Lukas/Benjamin het vir Kaliel ontmoet.
7.6.3	Lukas/Benjamin het gehoor van Dawid se dood.	C	Die magistraat het uitspraak gegee in die hofsak.
7.6.4	Daar het 'n skip by Noetzie gesink.	D	Fiela het vir Lukas/Benjamin die Laghaans se grond gegee.
		E	Lukas/Benjamin het John Benn uitgehelp op die spaan.

(4 x 1) (4)

7.7 Watter TWEE karakters het saamgestem dat Lukas tyd moes kry om in die Bos aan te pas? (2)

7.8 Nina het vir Lukas Bos toe geneem.
Verduidelik hoekom Nina só opgewonde daaroor was. (1)

7.9 Fiela was kwaad vir die sensusmanne wat belowe het om Benjamin terug te bring en dit nie gedoen het nie.
Waarom is hierdie kwessie steeds vandag relevant? (1)

7.10 Was Nina 'n goeie rolmodel vir Benjamin toe hy by hulle kom bly het? Motiveer jou antwoord deur na Nina se optrede teenoor Elias te verwys. (1)

7.11 Wat, dink jy, was Elias se slegte eienskap in sy gesprek met Fiela toe sy Benjamin/Lukas se goed Bos toe gebring het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

NINA (*kwaai*): Ek wil hier in die Bos bly.
 LUKAS: Kom nou. (*Vat haar arm.*) Vir al wat jy weet, is die boswagter se seun ook by die pad en dan kyk jy nie eers om om vir my te waai nie.
 NINA: Gaan bars!
 LUKAS: Jy sal nou moet leer om soos 'n *lady* te praat, ek sê jou. Jy gaan nou 'n 5
 dorpsmeisie word.
 NINA: Die dorpenaars spot met ons bosome.
 LUKAS: Dis niks. Hou net jou kop in die lug. Die vrou wat my grootgemaak het, het altyd gesê: solank jou kop nie sak nie, sak jou hart ook nie.
 NINA: Jy moet my mondfluitjie gaan haal en hom by jou hou. 10
 LUKAS: Waar steek ek hom weg?
 NINA: Miskien moet jy hom dan maar los waar hy is.
 LUKAS: Dit sal die beste wees.
 NINA: As iemand weer dorp toe kom, gaan haal hom en stuur hom vir my saam.
 LUKAS: Ek sal kyk wat ek kan doen. 15
 NINA: En as ek wegloop van die dorp af, moet jy vir my keer as Pa my wil slaan.
 LUKAS: Ek sal. Ek meen, jy moenie wegloop nie, jy moet op die dorp bly.

Ligte doof uit. As dit weer opkom, is LUKAS alleen op verhoog. See op agtergrond.

LUKAS (*op band*): Sy het weggeloop.

- 7.12 Vertel waarom Nina dorp toe moes gaan. Gee TWEE feite. (2)
- 7.13 Wie het probeer om van Nina 'n dame te maak? (1)
- 7.14 By TWEE geleenthede in die drama het mense besluite geneem wat Benjamin/Lukas se hele lewe verander het.
 Noem hierdie geleenthede. (2)
- 7.15 "Die vrou wat my grootgemaak het, het altyd gesê: solank jou kop nie sak nie, sak jou hart ook nie." (Reël 8 en 9)
 Hoe het Benjamin hier oor die vrou wat hom grootgemaak het, gevoel?
 Motiveer jou antwoord. (2)

- 7.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.16) neer.

"Jy moet my mondfluitjie gaan haal en hom by jou hou." (Reël 10)

Hierdie woorde suggereer dat Nina Benjamin/Lukas ...

- A se eerlikheid wou toets.
- B met haar geheim vertrou het.
- C maklik opdragte gegee het.
- D uit Knysna uit wou weghou. (1)

- 7.17 Daar was spanning tussen Lukas en Nina teen die einde van hierdie drama.

- 7.17.1 Wie, behalwe Lukas en Nina, sou die spanning kon verlig? (1)

- 7.17.2 Hoe sou hy/sy dit kon doen? (1)

- 7.18 Beantwoord die volgende vrae.

- 7.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.18.1) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie drama is (die soeke na 'n huweliksmat/die soeke na identiteit). (1)

- 7.18.2 Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)

- 7.18.3 Wat sou gebeur het as mister Goldsbury na al die partye geluister het? (1)

- 7.19 Dink aan Nina se nuwe lewe in Knysna.

- 7.19.1 Wanneer, dink jy, het die positiewe verandering in Nina se houding oor werk in Knysna plaasgevind? (1)

- 7.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.19.1. Die positiewe verandering in Nina moet duidelik uitkom. (1)

- 7.20 Watter insident in die drama het jou ontstel? Konsentreer slegs op 'n insident in Benjamin se lewe tot en met die hofsaak en motiveer jou antwoord. (2)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

2022 - MEI/JUNIE

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

6.20	- Nollie wat vir Emma met sy fiets omgestamp het. Nollie wou so graag 'n goeie indruk maak/'n verhouding hê dan gebeur so iets. - Nollie wat Emma onkant in die sinkbad gevang het. Emma kon nie uitklim nie en moes na Nollie luister/sy uitnodiging aanvaar. (Enige EEN insident en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)
		[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

VR NR	ANTWOORD	PUNT
7.1	Fielas (Komoetie)/Sy ma	(1)
7.2	- Benjamin moes aan die magistraat kon bewys die Komoeties is nie arm/kaalgat nie/kon vir hom sorg. - Die vyf sjielings was vir "ingeval" (die magistraat vra of hy geld het.) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
7.3	Barta was bang ... - die boswagter sou die merke sien. - Elias sou in die moeilikheid beland. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)
7.4	D/desperaat	(1)
7.5	Vóór die eerste besoek aan Knysna was Fielas optimisties/bang maar hoopvol/vol vertroue/positief./Fielas was kwaad/onrustig/onseker/bekommerd/desperaat. Ná die eerste besoek was Fielas hartseer/verslae/omgekras/ moedeloos/ontmoedig/kwaad/ontsteld/het sy gevoel asof daar 'n vonnis oor haar uitgespreek is/asof iets afgesterf het sonder dat jy kon groet/'n gevoel van onwerklikheid beleef. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)
7.6.1	C/Die magistraat het uitspraak gegee in die hofsak.	(1)
7.6.2	D/Fielas het vir Lukas/Benjamin die Laghaans se grond gegee.	(1)
7.6.3	A/Lukas/Benjamin het Lange Kloof toe gegaan.	(1)
7.6.4	B/Lukas/Benjamin het vir Kalliel ontmoet.	(1)
7.7	- Barta (Ant) Gertjie - Elias (Enige TWEE)	(2)

7.8	Nina kon haar geheim/bottels/liefde vir musiek met iemand/hom/'n maat deel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
7.9	Mense ... • hou nie hulle beloftes nie. • maak maklik misbruik van ander mense se onkunde/van hulle mag. • vertrou die wet en word dan teleurgestel. • se toekoms/lot is steeds in die hande van dié met mag. • se bevooroordeeldheid/idees oor ander bepaal steeds hulle aksies. • vertel steeds leuens/lieg/bedrieg/behandel mense sleg. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
7.10	Nee. • Nina het Elias se opdrag om nie Bos toe te gaan nie, geïgnoreer. • Nina het geen respek vir haar pa/Elias gehad nie. • Nina was rebels/opstandig/het teëgepraat/het haar pa se reëls gebreek. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
7.11	• Onmenslik/nie menslik nie Elias het gesê hy sal Fiela deur die magistraat laat vang/Fiela weggejaag/gedreig om die hond op haar te steek as hy honde sou hê. • Onbeskof/ongemanierd/ongeskik/kortaf Hy het lelik met Fiela gepraat. • Rassisties/meerderwaardig Hy het sonder respek van Fiela gepraat/haar 'n bruinvel genoem. (Enige EEN eienskap en motivering of soortgelyk aan bogenoemde. Eienskap kan ook omskryf word om by bv. dankbaarheid uit te kom.)	(2)
7.12	• Om te gaan werk/Die Boswagter/Mister Kapp het vir haar werk gekry/Nina moes gaan kinders oppas. • Nina moes gaan werk vir geld vir die Van Rooyens/Nina moes gaan geld verdien om vir Elias te gee. • Nina was te oud om net in die Bos rond te loop. • Elias het so besluit/Nina was net nog 'n mond om te voed./Nina as arbeider in die Bos beteken weinig vir Elias. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)
7.13	Miss Weatherbury/die Engelsvrou/die vrou by wie Nina (in Knysna/op die dorp) gewerk het.	(1)

7.14	- Die besluit wat Fiela gemaak het om Benjamin in te neem. - Die sensusmanne het besluit om Benjamin se lewe/kindwees by Fiela weg te vat/Fiela by die magistraat te rapporteer. - Die besluit wat die sensusmanne geneem het om nie vir Fiela saam Knysna toe te vat nie, het veroorsaak dat sy nie in die hof was toe Mr. Goldsbury sy finale beslissing gegee het nie. - Die besluit wat Lange gemaak het om in Barta se oor te fluister dat sy die seun met die blou hempie moes kies. Barta het in die hof gesweer Benjamin is haar verlore kind/seun. - Die besluit deur Barta om te lieg, sy het tog geweet dat Benjamin nie haar kind was nie. Die magistraat het besluit dat hy saam met die Van Rooyens moet gaan./Die magistraat het besluit om Fiela te belet om na hom toe te gaan. - Die besluit van John Benn om Lukas werk aan te bied het hom die geleentheid gegee om nie weer terug Bos toe te gaan nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)
7.15	Hy was lief vir Fiela/trots op haar/het haar waardeer/positief oor haar gevoel/haar respekteer/bewonder/opgekyk na haar/haar as rolmodel gesien. Fiela het hom die regte waardes in die lewe geleer/geleer hoe om die beste van 'n slegte saak te maak/hoe om te oorleef/wat dit is om liefde in 'n gesin te hê/geleer om nie op te gee nie./Hy dink healtyd aan Fiela/haar woorde/lesse. (Enige EEN emosie en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)
7.16	B/met haar geheim vertrou het.	(1)
7.17.1	Barta	(1)
7.17.2	Sy moes net erken dat sy die verkeerde kind gekies het/gelig het./Sy kon hulle die waarheid vertel het. (Of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 7.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.17.2 te verdien.)	(1)
7.18.1	die soeke na identiteit	(1)
7.18.2	- Ek sal ... - ander mense wat deur hierdie soeke gaan, beter verstaan. - besef dat my soeke na identiteit normaal is. - verstaan dat dit normaal is om te wonder waar jy hoort/inpas. - wonder oor die pad wat my lewe gaan loop. - self kan kies wie ek wil wees/waar ek hoort/inpas. - As ek weet wie ek is /waar ek hoort, sal ek meer selfversekerd deur die lewe gaan, meer suksesvol wees./besef ek is nie beter of slegter as ander nie. - Hierdie tema sal nie my lewe beïnvloed nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Vraag 7.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.18.2 te verdien.)	(1)

7.18.3	- Lukas/Benjamin sou dalk/moontlik nie ... - nodig gehad het om so identiteitsloos te voel nie. - so geworstel het met sy gevoelens vir Nina nie. - Bos toe hoef te gegaan het nie/hoef weg te gegaan het van Fiela-hulle af nie. - Fiela sou die geleentheid gekry het om te wys dat sy beter vir Benjamin kon sorg as Barta. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
7.19.1	- Nadat Nina by Miss Weatherbury/die Engelse vrou begin werk het. - Toe Nina self oor werk in Knysna besluit het. - Toe Benjamin/Lukas ook in Knysna was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
7.19.2	- Nina het begin opstaan teen Elias/wou nie meer haar geld vir hom gee nie. - Nina wou nie meer Bos toe/na haar ouers toe gaan nie. - Nina het meer soos 'n dame/beskaafd begin optree. - Nina was nie meer alleen nie/was gelukkig. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde Vraag 7.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.19.2 te verdien.)	(1)
7.20	- Toe Fiela gebid het dat die sensusmanne nie vir Benjamin moet sien nie/Toe die sensusmanne Benjamin sien en so geskok reageer, het Fiela so gebid dit moes nie gebeur nie. Fiela was bekommerd omdat Benjamin 'n wit kind by 'n bruin gesin was. - Toe die sensusmanne Fiela sonder respek behandel het. Die sensusmanne het neerhalend/lelik met Fiela gepraat. - Toe Benjamin van sy ouers af weggeneem is en saam met vreemde mense moes gaan. Dat 'n klein seuntjie van sy ma af weggevat is net om 'n man se krag te wys./Benjamin het net vir Fiela/die plaas/Langekloof/die Komoeties geken. - Die sensusmanne wat vir Benjamin uitgevra het. Hy was nog 'n kind/het nie besef watter gevolge die ondervraging kon inhou nie. - Benjamin is as baba by Fiela se deur gelos. Dit het Benjamin se identiteitskrisis veroorsaak. - Fiela het nie in die hof kans gekry om haar saak te stel nie. Lukas is aan die van Rooyens toegeken./Dit is onregverdig. - Toe Benjamin oor en oor vir die magistraat gesê het dat hy Fiela Komoetie se hanskind was. 'n Kind praat uit sy hart uit. - Toe die Magistraat sê Benjamin is 'n Van Rooyen. Die verlies van sy liefdevolle kindwees. (Enige EEN insident en motivering of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)
		[35]
	TOTAAL AFDELING B:	35

2022 - NOVEMBER

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

ELIAS: ... Ek is 'n vernielde man, ek was op niks na nie onder die grootvoete vertrap. Kyk hoe lyk ek.

BOSWAGTER: Ek kom nie moeilikheid wegbring nie, ek bring net vir jou 'n boodskap van die magistraat op Knysna af.

ELIAS: Magistraat?

5

BOSWAGTER: Ja. Daar bestaan 'n groot moontlikheid dat jou seun wat die slag weggeraak het, gevind is. Lewend gevind is.

ELIAS (*probeer opstaan*): Wat sê meneer daar?

BOSWAGTER: Hulle het hom agter die berg in die Lange Kloof gekry.

ELIAS: Meneer, jy praat 'n ding wat my kop nie wil vat nie, ek sit bedol.

10

BOSWAGTER: Jy beter maar eers bedaard bly, Van Rooyen. Baie dinge dui daarop dat dit jou kind kan wees, maar die saak is nog nie uitgemaak nie. Dis hoekom die magistraat jou en jou vrou Vrydag op die dorp in die hof wil sien.

ELIAS: Jy sê hulle het die kind in die Lange Kloof gekry?

BOSWAGTER: Ja. By bruin mense. Hy is glo al nege jaar lank daar.

15

ELIAS: Jy sê hulle het onse Lukas gekry?

BOSWAGTER: Die moontlikheid lyk groot.

ELIAS: Dit kan nie wees nie. Waar's hy nou, meneer?

BOSWAGTER: Nog daar agter in die Kloof. Hulle laat hom môre haal.

Musiek op. Ligte uit en doof in. Toneel: voor FIELA se huis. Kinders besig op verhoog. FIELA kom uit die huis.

20

- 7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitlik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Die Goewerment het die twee sensusmanne gestuur om die mense te gaan (7.1.1) ... Fiela en (7.1.2) ... het vir die twee sensusmanne die inligting oor die Komoeties gegee. Die Komoeties het al jare lank op die plaas, (7.1.3) ..., gewoon. Hulle het geld verdien deur met groente, skape, mielies, koring, 'n melkbok en (7.1.4) ... te boer.

(4)

- 7.2 Die sensusmanne het die wit kind by die bruin mense gesien en vrae oor die kind gevra.

Noem DRIE redes wat Fiela vir die sensusmanne gegee het waarom Benjamin nie die Van Rooyens se verlore seun kon wees nie. (3)

- 7.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.3) neer.

Elias het gedink dat die Boswagter met hom kom praat het omdat ...

- A hy sy jong kinders gedwing het om hard te werk.
 B hy grootvoete gejag het sonder dat hy 'n lisensie gehad het.
 C iemand gaan kla het dat hy sy vrou en kinders sleg behandel het.
 D die Boswagter sy handbyl, kortsag en osrieme in die Bos gekry het. (1)

- 7.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Barta is die Vrydag hof toe. Daar het Lange haar (gesoebat/gemanipuleer) om die kind met die blou hempie as Lukas te identifiseer. (1)

- 7.5 Benjamin het oor en oor vir die magistraat gevra of hy huis toe kon gaan.

Hoe sluit hierdie situasie by die titel van die drama aan? (1)

- 7.6 Barta se besluit om Lukas as haar seun te herken, het baie mense se lewens verander.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.6.1 tot 7.6.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.6.1	Fiela	A	... het met skuldgevoelens saamgeleef.
7.6.2	Selling	B	... kon meer hout aan die houtkopers verkoop.
7.6.3	Barta	C	... kon die mooi dinge in die Bos met iemand anders deel.
7.6.4	Nina	D	... se gesondheid het verder verswak.
		E	... moes aanvaar wat ander oor hulle lewens besluit het.

(4 x 1) (4)

- 7.7 Benjamin wou nie aanvaar dat hy as Lukas vir altyd in die Bos moes bly nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

- 7.8 Motiveer waarom 'n mens kan sê dat dit tot Elias se voordeel was om Lukas by hulle te hê. (1)

- 7.9 Waarom kan 'n mens sê dat dit goed was vir Nina se toekoms dat Lukas wel Bos toe gekom het? (1)
- 7.10 Waarom kan jy verstaan hoekom Barta besluit het om Benjamin teen Elias te beskerm? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

FIELA: Ek sê jou maar net wat jy te wagte kan wees. Ek en jy weet wie daardie bruinvrou is en ek sal sorg dat jy jou nie hoef te skaam nie. Ons moet vir jou laat huis bou en jy moet langsaan toe trek.

BENJAMIN: Dit sou so maklik gewees het as ek vir Ma kon sê: Dankie, dan maak ons so en ek koop die grond by Ma, maar ek kan nie. 5

FIELA: Ek het jou gesê dit moenie vandag foeter nie.

BENJAMIN: Wag nou, Ma. Ma het gesê ons gaan hierdie ding vandag klaar lospraat. Daar is iets wat Ma nie weet nie.

FIELA: Wat?

BENJAMIN: Ek het verlief geraak op my suster. Op Nina. 10

FIELA (*'n koue gaan deur haar*): Jou suster?

BENJAMIN: Ja, Ma.

FIELA: Hoe het dit dan gebeur, Benjamin?

BENJAMIN: Dit het net gebeur, Ma. Ek het dit nie gesoek nie.

FIELA: En sy? Wat van haar? 15

BENJAMIN: Sy weet dit nie, Ma. Ek is vir haar net 'n broer. (*Pouse.*)

FIELA: As sy jou suster was, Benjamin, sou bloed bloed gekeer het. Die feit dat jy op haar verlief geraak het, is net nog 'n bewys dat ek reg had en hulle verkeerd. Maar my reg kan jou nie vandag van Lukas van Rooyen verlos nie.

- 7.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Nina het die nuus gebring dat Dawid dood is.
- Mister Benn het vir Lukas werk in die loodsboot gegee.
- Lukas het werk by Kaliel September vir kos en blyplek gekry.
- Miss Weatherbury het weer vir Nina werk gegee nadat sy in die Bos was. (4)

- 7.12 "... ons gaan hierdie ding vandag klaar **lospraat**." (Reël 7)
Wat bedoel Benjamin met hierdie woorde? (1)
- 7.13 Fiela het vir Benjamin die Laghaanse se grond gekoop.
Verduidelik waarom Fiela dit vir Benjamin gedoen het. Gee TWEE redes. (2)
- 7.14 In reël 11 lees ons dat daar 'n "koue" deur Fiela gegaan het.
7.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
"koue" word hier (letterlik/figuurlik) gebruik. (1)
7.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.14.1. (1)
- 7.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.
"Maar my reg kan jou nie vandag van Lukas van Rooyen verlos nie." (Reël 19)
Hiermee bedoel Fiela dat ...
A sy die hele tyd verkeerd was.
B sy nie Lukas se van kon verander nie.
C Benjamin die antwoord in die Bos moes gaan soek.
D Benjamin die enigste een is wat regtig kon besluit wie hy is. (1)
- 7.16 Hoe sluit die krisis wat Benjamin in hierdie uittreksel ervaar, by Barta se innerlike konflik oor die waarheid aan? Jy moet in jou antwoord na Benjamin se krisis EN Barta se innerlike konflik verwys. (2)
- 7.17 Waarom is dit ironies dat Elias so geskok was toe hy uitvind dat Barta in die hof gelieg het? (2)
- 7.18 Lees weer die uittreksel.
Waarom kan ons sê dat Fiela in hierdie situasie vir Benjamin goeie raad gegee het? (1)
- 7.19 Lees die hele uittreksel.
Watter lewensles kan jy hier by Benjamin leer wat jou lewe beter kan maak? (1)
- 7.20 Vandat Benjamin by Fiela weggevat is, het hy met sy ware identiteit gesukkel.
Wat, dink jy, is die skrywer se doel met jou, as leser, om dié probleem as fokuspunt in die drama te gebruik? (1)

[35]**TOTAAL AFDELING B: 35**

2022 - NOVEMBER

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.18.2	Hy het ... • vir haar gesê sy lyk mooi/haar voorkoms gekomplimenteer. • vir haar uit 'n gedig/Shakespeare aangehaal. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 6.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 6.18.2 te verdien)	1
6.19	Emma ... • het haar ma gekomplimenteer/gesê sy lyk mooi. • en Katrien het met mekaar/oor vrouedinge gepraat. • en Katrien het iets saam gedoen. • en Katrien het albei na die Vostruisdons uitgesien. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
6.20	Die skrywer se doel was om ... • spanning te skep. • die leser nuuskierig te maak oor wat volgende gaan gebeur. • die leser se aandag deur die drama te behou. • die drama interessant te maak. • te wys watter probleme in 'n familie kan opduik as kommunikasie ontbreek. • die leser te laat aanhou lees om te sien of/hoe die gebrekkige kommunikasie in die gesin opgelos word. • die leser by die gesin se probleem en die oplossing daarvan, te betrek. • te wys dat baie families in dieselfde situasie is en daarom met die inhoud van die drama kan identifiseer. • 'n algemene probleem in vandag se samelewing uit te wys. • vir die leser te wys dat die probleem oorkom kan word. • die leser te leer dat goeie kommunikasie belangrik is vir suksesvolle verhoudings. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	tel	1
7.1.2	Selling	1
7.1.3	Wolwekraal	1
7.1.4	volstruise/volstruisvere/vere	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.2	• Daar was nie 'n pad nie. • Dit was baie bergagtig. • 'n Klein kind sou nie alleen oor die berge kon loop nie. • Die kind was net 3 jaar oud. • Die kind was skoon en netjies. <i>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	3
7.3	B/hy grootvoete gejaag het sonder dat hy 'n lisensie gehad het.	1
7.4	gemanipuleer	1
7.5	• Die feit dat Benjamin huis toe wou gaan, bevestig dat hy glo hy is Fiela se kind. • Benjamin het vir die magistraat gesê dat die Here hom aan Fiela toebetrou het. • Fiela was die enigste ma wat hy geken het. • Benjamin het aanhoudend gesê dat Fiela sy ma is. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.6.1	E/... moes aanvaar wat ander oor hulle lewens besluit het.	1
7.6.2	D/... se gesondheid het verder verswak.	1
7.6.3	A/... het met skuldgevoelens saamgeleef.	1
7.6.4	C/... kon die mooi dinge in die Bos met iemand anders deel.	1
7.7	Hy ... • het homself nog steeds as Benjamin gesien. • wou nie sy nuwe familie aanvaar nie/het bly sê die Van Rooyens is nie sy familie nie. • het probeer weggom uit die Bos/Nina met 5 sjelings omgekoop om hom die pad uit die Bos te wys. • het in sy hart bly glo dat hy 'n Komoetie is. • het reeds in die hof die magistraat oortuig dat hy hom moes laat teruggaan na Fiela toe. • het die geleentheid gekry om by die see te bly (en Nina gevra om te sê hy gaan nie weer terug Bos toe nie.) • het vir Nina gesê dat Fiela sy ma is en nie Barta nie. • wou nie saam met Nina Bos toe gaan nie, want hy het geglo Fiela gaan hom kom haal. • het nie die Van Rooyens as sy familie gesien nie/het nie gereageer op die naam, Lukas, nie. • het ander waardes by Fiela as by die Van Rooyens geleer. • het aanvanklik geweier om Elias en Barta Pa en Ma te noem. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.8	- Elias het ekstra hulp gehad./Daar was nog iemand wat Elias kon help. - Hy sou meer balke kon saag en verkoop/kon meer geld verdien. - Dit was tot Elias se voordeel dat Lukas Nina leer lees en skryf het, want sy sou makliker werk op die dorp kry. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.9	- Hy het Nina aangemoedig/kans gegee om uit die Bos te kom/weg te kom van Elias se swak behandeling. - Nina het in kontak gekom met ander mense/Miss Weatherbury ontmoet. - Nina het opgevoed geraak/hy het haar leer lees en skryf. - Nina kon haar eie geld verdien. - Dit het Nina 'n rede gegee om 'n beter mens te word. - Sy het nou gehoor daar is 'n ander wêreld buite die Bos. - Hy het van haar werk gedoen. - Nina kon selfs in Knysna op Lukas se ondersteuning staatmaak. - Sy het 'n vriend in Benjamin gevind met wie sy geheime kon deel. - Sy het verlief geraak op hom en kon 'n toekoms met hom deel. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.10	- As ma wou sy die kind beskerm/hom laat voel hy is deel van hulle. - Barta het geweet dit was nie haar kind nie. - Barta was bang hulle beland in die moeilikheid (as die magistraat sien hy word geslaan.) - As ma het sy vir hom jammer gevoel, want hy was so maer. - Sy het geweet hoe wreed/gewelddadig Elias was, daarom smee sy hy moet die kind los. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.11	- Lukas het werk by Kaliel September vir kos en blyplek gekry. - Miss Weatherbury het weer vir Nina werk gegee nadat sy in die Bos was. - Nina het die nuus gebring dat Dawid dood is. - Mister Benn het vir Lukas werk in die loodsboot gegee. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurte wat op die korrekte plek is.)</i>	4
7.12	- Hulle moes die saak uitpraat/deurpraat. - Hulle moes reguit met mekaar praat/oor die waarheid praat. - Hulle moes die saak oplos. - Hulle moes vir mekaar sê hoe hulle voel. - Benjamin moes nooit dink omdat 'n bruin gesin hom grootgemaak het, hy geen kans gehad het nie. - Fiela moes hom help sin maak met alles wat hom pla. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Ons aanvaar nie bespreek nie.)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.13	- Dit sou Benjamin die kans gee om op sy eie voete te staan./Dit het hom 'n kans in die lewe gegee. - Benjamin sou vir homself kon sorg/finansieel onafhanklik wees. - Benjamin sou hom nie hoef te skaam (dat 'n bruinvrou hom grootgemaak het) nie. - Dit sou vir Benjamin 'n identiteit gee/hy sou hoort. - Fiela het hierdeur gewys hoe lief sy hom gehad het. - Fiela wou gehad het hy moes deel van die familie voel. - Dawid was dood. - Tollie sou sy regmatige deel/Wolwekraal kry as hy sou ophou drink. - Kittie en Emma is meisiekinders en hulle sou die trommel kry. - Fiela het vir al haar kinders se toekoms voorsiening gemaak en Benjamin was haar kind. - Fiela het geweet dat hy as wit en volwasse man nie vir altyd by haar in dieselfde huis kon bly nie. - Dit sou in 'n mate verseker dat hy terugkom, want hy sou sy eie grond hê. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
7.14.1	figuurlik	1
7.14.2	Fiela ... - het geskrik/was bang/verbaas/geskok/ongemaklik. - was bekommerd oor wat Benjamin gesê het. - was onseker oor die situasie. - het 'n vrees gehad vir wat dit vir Benjamin kon beteken/wou nie hê Benjamin moes seerkry nie. - het gedink Benjamin het nou erken dat hy 'n Van Rooyen was. - het nie verwag/geglo dat Benjamin op Nina verlief sou raak/verlief geraak het nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 7.14.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.14.2 te verdien.)</i>	1
7.15	C/Benjamin die antwoord in die Bos moes gaan soek.	1
7.16	- Benjamin se krisis was rondom sy identiteit/wie hy regtig is/omdat hy op Nina verlief geraak het. ✓ - Barta se innerlike konflik was rondom die feit dat sy oor die kind gelieg het/sy het geweet wat die waarheid is, maar sy het nie geweet of sy dit moes sê nie/skuldig gevoel het omdat Benjamin worstel met sy identiteit/of sy die waarheid moes praat. ✓ <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)</i>	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.17	- Elias het nooit gedink dat Barta sterk genoeg was om standpunt in te neem nie, ✓ maar intussen het sy vir lank 'n groot geheim gehou. ✓ - Elias het baie verkeerde dinge gedoen/het vir die Boswagter gelieg oor Lukas wat gelukkig by hulle was/was skelm oor baie dinge, ✓ maar nou was hy geskok oor die feit dat Barta gelieg het/skelm was/verkeerde dinge gedoen het. ✓ - Elias was gewoond daaraan dat Barta gedoen het soos hy van haar verwag het, ✓ maar in hierdie geval het sy so iets van hom weggehou/haar eie kop gevolg. ✓ - Elias was gewoond daaraan dat Barta nie vir haar self kon besluit nie ✓, maar nou het sy op haar eie met die waarheid na vore gekom. ✓ - Elias was die slegte karakter/leuenaar wat verkeerde dinge gedoen het, ✓ maar nou was hy geskok oor Barta se leuen. ✓ <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die algemene nasienriglyne.)</i>	2
7.18	Fiela het ... - hom in die regte rigting gestuur. - die keuse/besluit aan hom oorgelaat./Sy het nie haar eie idees op hom afdwing nie. - hom laat besluit om na Barta toe te gaan om haar oor sy identiteit te konfronteer. - hom raad gegee wat hom uiteindelik verlos het. - hom raad gegee wat hom sy identiteit laat ontdek het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.19	Ek kan leer dat ek ... - altyd na die waarheid moet soek. - nie moet vergeet waar ek vandaan kom nie. - my opvoeding/waardes moet onthou. - ander moet respekteer/nie respek kan afdwing nie. - nie my opinie op ander moet afdwing nie. - my hart moet volg/net myself moet wees. - hulp by die regte mense moet soek/vra wanneer dit nodig is/met iemand oor my probleme moet praat. - die raad van geliefdes kan vertrou. - op my ma se liefde kan staatmaak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.20	Die skrywer se doel was om ... • spanning te skep. • my nuuskierig te maak oor wat volgende gaan gebeur. • my aandag deur die drama te behou. • die drama interessant te maak. • belangstelling uit te lok oor wie Benjamin werklik is. • my te boei om uit te vind of Benjamin eendelik uitgevind het wie hy is. • simpatie by my te wek oor die onreg/probleme in Benjamin se lewe. • te wys dat jou biologiese ma nie noodwendig jou identiteit bepaal nie. • te wys dat liefde nie deur velkleur bepaal word nie. • my te wys dat mens nie ligtelik oor 'n ander se toekoms kan besluit nie. • te wys dat mense soms met identiteitskrisisse sukkel, maar daardeur werk. • my bewus te maak dat ons self kan kies wie ons wil wees. • my te laat dink waar jou plekkie in die son is, want daar is baie mense wat voel dat hulle nie behoort nie. • my te laat besef dat jou probleme nie uniek is nie, ander mense ervaar ook soortgelyke probleme. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
		[35]
	TOTAAL AFDELING B:	35

2023 - MEI/JUNIE

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

FIELA: Hoor hoe lieg so 'n man, baas! Ek het nooit so iets gesê nie. Ek wil 'n klag lê oor 'n besigheid waarvan net die magistraat weet.

KONSTABEL: Watse besigheid?

FIELA: Twee wit mans het my kind agter in die Lange Kloof kom vat en gesê die magistraat van Knysna het hulle gestuur. Hulle sou die kind Saterdag 5 teruggebring het en ek wag nou nog vir hulle. (*Op band.*) Seil, Fiela, seil. (*Gewone spraak.*) Nou staan ek hier voor baas en ek vra vir baas om vir die magistraat te loop sê dat Fiela Komoetie van die Lange Kloof hier is om hom te sien en die klag te lê.

KONSTABEL: Praat jy nou van die wit kind wat agter die berg gehaal is? 10

FIELA: Ag, Here, baas, ek het op jou gesig gesien jy is 'n wit man wat van dinge sal weet. Dis van einste hom wat ek praat. Van Benjamin Komoetie, die hanskind wat ek soos my eie grootgebring het. (*Op band.*) Seil, Fiela, seil. (*Gewone spraak.*) As baas my net kan help om by die magistraat uit te kom, sal ek daarvandaan self regkom. 15

KONSTABEL: Wag net 'n oomblik. (*Af.*)

FIELA (*aan SKOONMAKER*): Word jy gehuur om die besem krom te lê?

SKOONMAKER: Ek staan maar sommer die wêreld en deurkyk, antie. Dit lyk my hy gaat vandag verkeerde kant draai.

- 7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Fiela Komoetie en haar gesin het op die plaas (7.1.1) ... in die Lange Kloof gewoon. Sy het die plaas by haar (7.1.2) ... geërf. Een aand het Fiela 'n klein seuntjie voor haar deur gekry en hom (7.1.3) ... genoem. Toe hierdie seun omtrent (7.1.4) ... jaar oud was, het die sensusmanne hom by Fiela weggevat.

(4)

- 7.2 Kyk na reël 6 en 13.

Wat beteken dit as die woorde (*Op band*) in die teks gebruik word?

(1)

7.3 Die sensusmanne was die oorsaak van baie van Benjamin se probleme.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.3.1 tot 7.3.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.3.1	Die sensusmanne het by Fiela se huis opgedaag	A	... en het besluit om met die magistraat te gaan praat.
7.3.2	Die dikke het gedink Benjamin kon die verlore Van Rooyen-kind wees	B	... en het vir Barta gesê om die seun met die blou hempie te kies.
7.3.3	Die sensusmanne het gesê daar was net plek vir Benjamin op die kar	C	... en 'n wit kind op die Komoeties se werf gesien.
7.3.4	Die lange het gesien watter klere Benjamin by die hof aangehad het	D	... en het gedreig om die konstabel te stuur.
		E	... en het só seker gemaak dat Fiela nie met die saak kon inmeng nie.

(4 x 1)

(4)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

As ons kyk na hoe Fiela die konstabel van reël 11 af aanspreek, is dit duidelik dat sy ...

- A op sy gevoel wou speel om haar te help.
- B wou seker maak hy verstaan waarom sy daar is.
- C gedink het dat hy die waarheid geken het.
- D hom voorberei het op wat die magistraat oor haar kon vra.

(1)

7.5 "FIELA: (aan SKOONMAKER): Word jy gehuur om die besem krom te lê?" (Reël 17)

Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die manier hoe Fiela hier met die skoonmaker praat, sê vir ons dat sy (sarkasties/bekommerd) was.

(1)

7.6 "Dit lyk my hy gaat vandag verkeerde kant draai." (Reël 18 en 19)

Hierdie woorde van die skoonmaker het waar geword vir Fiela.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is.

(1)

- 7.7 Die konstabel het vir Fiela gesê wat die magistraat gesê het. Noem TWEE dinge wat die magistraat gesê het. (2)
- 7.8 Waarom was dit onregverdig van die magistraat om nie vir Fiela kans te gee om hom te sien nie? (1)
- 7.9 Fiela se kinders was vir haar baie spesiaal.
- 7.9.1 Hoe het Fiela se optrede nadat die sensusmanne Benjamin weggevat het, bewys dat sy 'n goeie ma is? (1)
- 7.9.2 Waarom voel jy jammer vir Fiela in hierdie situasie? (1)
- 7.10 "Seil, Fiela, seil." (Reël 6 en 13)
- Watter les kan jy hier by Fiela leer? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

NINA: Ek soek jou al dae lank. Ek het begin glo dat jy seker maar weg is ...

LUKAS: Die laaste wat ek van jou gehoor het, was by *miss Weatherbury* toe jy sommer net weer aangeloop het. Vir wat het jy dit gedoen?

NINA: Maar jy het dan gesê ek moet vir Pa loop sê jy kom nie weer terug nie. Jy het my dan gestuur. Ek het toe maar net 'n bietjie langer in die Bos gebly. Dis al. 5

LUKAS: Waar in die Bos?

NINA: By die ou plek. (*Los sy hand en draai haar weg.*) Dis nie meer soos eers nie, Lukas. Die mondfluitjie is vals geroes, die bottels is vuil en van die torre ingeneem – ek het hulle toe maar begrawe. Miskien gaan ek ook nie weer terug Bos toe nie. 10

LUKAS: Nina ... (*Hy kan sy oë nie van haar weg hou nie.*) Nina, jy kon nie meer as twee maande in die Bos gebly het nie. Waar was jy nog?

NINA: Ek het op die dorp gewerk. (*Met skuldige laggie.*) By die winkel waar ek die slag die mondfluitjie gesteel het. Ek werk nie meer daar nie, ek het geloop; daar kom te veel snaakse seemanne in wat nie plek het vir hul hande nie. 15

LUKAS: Jy moet teruggaan huis toe.

NINA: Ek is terug by *miss Weatherbury*. Maar nie as bediende nie. Ek is nou 'n companion.

- 7.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.
- Lukas het Kaliel September ontmoet.
 - Lukas het die spookskip by Noetzie gesien.
 - Elias het vir Lukas gestuur om op Knysna na Nina te gaan soek.
 - Lukas het vir Nina gevra om vir Elias te gaan sê hy is klaar met die Bos. (4)
- 7.12 "– ek het hulle toe maar begrawe." (Reël 9)
- 7.12.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.
- In hierdie drama het die bottels wat deur Nina begrawe is, 'n (letterlike/simboliese) betekenis. (1)
- 7.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.12.1. (1)
- 7.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.13) neer.
- Nina het 'n mondfluitjie by die winkel (reël 13 en 14) en 'n kraffie by tant Gertjie gesteel. Dit sê vir ons dat Nina ...
- A Elias in die moeilikheid wou bring.
 - B daarvan gehou het om goed te steel.
 - C hierdie goed gevat het om haar ryk te laat voel.
 - D nie opgevoed is om te weet wat reg en verkeerd is nie. (1)
- 7.14 Verskillende karakters in die drama het vir Lukas iets geleer. Noem EEN ding wat Lukas by ELK van die volgende karakters geleer het.
- Elias
 - Nina
 - Kaliel (3)
- 7.15 Hoe verskil Lukas en Nina se verhouding voordat sy terug is Bos toe en nadat sy teruggekom het uit die Bos? (2)
- 7.16 Fiela en *miss* Weatherbury kan albei gesien word as goeie moederfigure.
- Verduidelik waarom ons so kan sê. Jy moet in jou antwoord na albei karakters verwys. (2)
- 7.17 Waarom was dit goed vir Nina om *miss* Weatherbury se companion te wees? (1)

7.18 Die skrywer het vroeg in die drama gewys dat Benjamin van water en skuitjies gehou het.

Hoe berei dit jou as leser voor vir Lukas se latere besluit? (1)

7.19 Dink aan Lukas se lewe in die Bos saam met die Van Rooyens.

Waarom kan jy respek hê vir Lukas vir die manier waarop hy hierdie deel van sy lewe hanteer het?

(1)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

2023 - MEI/JUNIE

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	Wolwekraal	1
7.1.2	pa/pappa/vader	1
7.1.3	Benjamin	1
7.1.4	twalf/12	1
7.2	Dit beteken dat ... - die karakter die woorde nie op die verhoog sê nie/dit nie deel van die dialoog is nie. - die woorde vooraf op band opgeneem is en nou net gespeel word. - dit eintlik die karakter se gedagtes is/dit aandui wat die karakter dink. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.3.1	C/... en 'n wit kind op die Komoeties se werf gesien.	1
7.3.2	A/... en het besluit om met die magistraat te gaan praat.	1
7.3.3	E/... en het só seker gemaak dat Fiela nie met die saak kon inmeng nie.	1
7.3.4	B/... en het vir Barta gesê om die seun met die blou hempie te kies.	1
7.4	A/op sy gevoel wou speel om haar te help.	1
7.5	sarkasties	1
7.6	- Fiela se besoek het nie uitgedraai soos sy gehoop het dit sou nie./Die konstabel het vir haar gesê dat die saak afgehandel is. - Fiela was onsuksesvol in haar poging om met die magistraat te praat/die klag teen die sensusmanne te lê./Die magistraat wou nie na haar luister nie/het klaar besluit./Die magistraat het die kind vir die ander ouers gegee. - Na al die moeite wat Fiela gedoen het om self Knysna toe te loop, kon sy nie met die magistraat praat nie. - Fiela se besoek het haar niks gebaat nie/het nie goed afgeloop nie/wêreld is omgekeer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.7	Die saak was afgehandel (en niks wat Fiela verder sou doen, sou dit verander nie).✓ Benjamin is saam met sy (regte) ouers /die bosvrou/die Van Rooyens Bos toe (en sou nie weer terugkom na Fiela toe nie).✓ (Of soortgelyk aan bogenoemde)	2
7.8	MAGISTRAAT: - Fiela het Benjamin nege jaar lank versorg/as haar eie kind grootgemaak. - Fiela was die enigste ma wat Benjamin geken het. - Benjamin was lank deel van die Komoetie-gesin/die saak het Fiela en haar hele gesin geraak.	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
	- Die magistraat moes na Fiela se kant van die saak ook geluister het/haar nie net weggestuur het nie. - Fiela het ver geloop om in Knysna te kom/die magistraat kon haar ten minste kans gee om met hom te praat/dit sou net menslik wees om haar in te lig/haar 'n kans te gee. - Die magistraat het die kind laat kom/hom van Fiela se werf af gevat. - Daar is 'n belofte deur die sensusmanne gemaak dat hulle Benjamin Saterdag gaan terugbring, maar dit het nie gebeur nie./Fiela het nie geweet wat van hom geword het nie. - Niemand het haar ingelig oor wat in die hof gebeur het nie. - Die magistraat het nie al die inligting gehad nie. - Die magistraat het nie na Fiela geluister nie, omdat haar velkleur die besluit vir hom makliker gemaak het. BENJAMIN: - Fiela wou net aan hom verduidelik het wat gebeur het. - Fiela wou net seker maak dat hy verstaan het. - Fiela wou hom net groet. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	
7.9.1	Fiela het ... - besluit om amptelik 'n klag te lê teen die sensusmanne wat nie haar kind teruggebring het nie/nie hulle woord gehou het nie. - twee keer te voet geloop om uit te vind waar Benjamin is/vir hom te baklei/haar kant van die saak te gaan stel/die magistraat te probeer oortuig dat hy 'n fout gemaak het. - nie teruggestaan toe die konstabel haar weggewys het nie/toe die magistraat gedreig het om haar uit die gebou te verwyder nie. - steeds probeer uitvind waar Benjamin is, al het die magistraat gesê sy mag nie. - Benjamin se goed Bos toe gevat, al het die magistraat gesê dat hy haar sou laat arresteer. - die Laghaanse se huurgrond vir Benjamin gekoop/met die volstruise geboer om die grond te kon koop. - aanhou hard werk om vir haar gesin te kon sorg. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.9.2	Ek voel jammer vir Fiela omdat sy ... - die sensusmanne geglo het toe hulle gesê het dat hulle Benjamin sou terugbring/deur die sensusmanne bedrieg is. - gehoop het dat die magistraat regverdig sou wees en na haar sou luister. - nie die kans gekry het om haar kant van die saak te stel nie. - nie behoorlik ingelig is oor wat in die hof gebeur het/watter besluit daar oor Benjamin geneem is nie. - nie kans gehad het om haar kind behoorlik te groet nie. - verbied is om ooit weer iets met Benjamin te doen te hê. - as moeder baie uitdagings moes trotseer, maar steeds nie haar (hans)kind kon terugkry nie. - haar kind verloor het. (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.10	Ek kan by Fiela leer dat... • dit partykeer beter is om net stil te bly/jou woorde te sluk/laag te buk as jy verleë is/die minste te wees. • nederigheid 'n goeie eienskap is om te hê/dit met tye belangrik is/beter is as om te wen/jy bereid moet wees om jouself voor mense te verneder as jy hulle nodig het. • jy moet dink voor jy praat. • jy nie oorhaastig moet reageer nie. • sekere situasies taktvol hanteer moet word. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.11	• Elias het vir Lukas gestuur om op Knysna na Nina te gaan soek. • Lukas het die spookskip by Noetzie gesien. • Lukas het vir Nina gevra om vir Elias te gaan sê hy is klaar met die Bos. • Lukas het Kaniel September ontmoet. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurde wat op die korrekte plek is.)</i>	1 1 1 1
7.12.1	simboliese	1
7.12.2	• Nina het haar lewe/kinderjare/verlede in die Bos agtergelaat. • Nina het haar lewe in 'n nuwe rigting gestuur/het ander dinge leer ken. • Nina was tevrede met haar nuwe lewe. • Nina se lewe het verander/se bestaan het nie meer net om die Bos gedraai nie. • Dit het Nina se besluit om nie weer terug te gaan Bos toe nie, versterk. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.12.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.12.2 te verdien.)</i>	1
7.13	D/nie opgevoed is om te weet wat reg en verkeerd is nie.	1
7.14	Elias het hom geleer ... • hoe om met hout te werk/balke te maak. • om nie jou gesin sleg te behandel/te misbruik nie. Nina het hom geleer ... • van die lewe in die Bos. • oor die gevare wat die olifante/grootvoete inhou. • wat om te doen as die olifante/grootvoete hom sou jaag. • waar haar geheime plek in die Bos was/bottels waarmee sy musiek maak. • oor verskillende voëls en die geluide wat hulle maak. • dat Elias vinnig kwaad word/aggressief kan wees. • waar die pad uit die Bos is. • wat vriendskap is.	3

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
	Kaliel het hom geleer ... - dat Thesens 'n wit vlag hys as hulle werkers/arbeiders soek. - dat die skepe 'n goeie inkomste bied as jy aan hulle verkoop. - van die lewe by die see/dat jy soutbloed nodig het om op see te kan oorleef. - dat daar verskillende tipe skepe is en waar hulle vandaan kom/die stoomskepe as koolvreters bekend staan. - wat John Benn se rooi vlag vir die skepe beteken. - hoe om seekos (oesters) te vang/uit te haal, skoon te maak en te droog/om selfversorgend te wees. - om aan jou droom vas te hou. - om nie toe te laat dat jou omstandighede jou onderkry nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat verdien slegs EEN punt vir EEN ding wat per karakter geleer is.)	
7.15	Voordat Nina terug is Bos toe, het Lukas haar slegs as sy suster gesien/het hulle 'n broer-suster verhouding gehad.✓ Nadat Nina uit die Bos teruggekom het, het Lukas haar as 'n vrou gesien/besef hy het romantiese gevoelens vir haar gehad/lief is vir haar/het haar nie meer as nét sy suster gesien nie.✓ (Of soortgelyk aan bogenoemde. Verwys na die Algemene Nasienriglyne.)	2
7.16	Beide vroue het ... - hulle huise oopgemaak vir/hulle ontferm oor kinders wat nie hulle eie kinders was nie.✓✓ OF Fielia het Benjamin voor haar deur gekry en as haar eie grootgemaak.✓ Miss Weatherbury het vir Nina werk gegee nadat sy by die skoolmeester weg is.✓ - probeer om die kinders in hul sorg goed op te voed/maniere te leer.✓✓ OF Fielia het Benjamin leer lees en skryf en hom van die Bybel geleer.✓ Miss Weatherbury het vir Nina geleer om soos 'n dame op te tree/reg te praat/op haar taal te let/naaldwerk te doen.✓ - hul aanneemkinders/optelkinders/hanskinders teen ongeregthede probeer beskerm.✓✓ OF Fielia het vir Benjamin baklei toe die sensusmanne/die reg hom van haar weggeneem het.✓ Miss Weatherbury het gekeer dat Elias aanhou om Nina se geld te vat.✓ (Enige EEN wat na albei karakters verwys of soortgelyk aan bogenoemde)	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.17	As miss Weatherbury se companion kon/sou Nina ... • meer met die mense in die dorpsgemeenskap meng/ander maniere/gewoontes aanleer. • dalk iemand raakloop met wie sy kon trou. • vir haarself 'n naam in die gemeenskap maak. • 'n vrou van aansien word. • die geleentheid kry om meer vriende te maak. • se lewensstandaard verbeter/lewensuitkyk verbreed. • 'n veilige blyplek hê. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.18	• Ek kon verstaan waarom Lukas, wat in die Bos en op die plaas grootgeword het, so baie belanggestel het in die spookskip by Noetzie. • Ek kon verstaan waarom Lukas dadelik besluit het dat hy klaar was met die Bos/dadelik werk naby die see gesoek het. • Dit verklaar vir my waarom Lukas so graag wou leer roei/bereid was om vir min geld te werk as Kaliel hom sou leer roei/op die loodsboot wou werk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.19	Lukas het ... • die goeie maniere en waardes wat Fiela vir hom geleer het, aanhou uitleef. • hard gewerk. • Elias en Barta met respek behandel, al was die omstandighede nie goed nie./Elias se reëls gevolg al het dit hom seergemaak. • probeer om die beste van die omstandighede te maak/nie weggeloop nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]
	TOTAAL AFDELING B:	35

2023 - NOVEMBER

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

Ligte doof uit en weer in op toneel in Bos. LUKAS sit op sy hurke langs die huis.

NINA: Wil jy 'n patat hê, Lukas?

LUKAS: Nee.

NINA: Kan jy 'n geheim hou?

LUKAS: Watse geheim?

5

NINA: As jy saam met my kom, gaan wys ek jou die geheim.

LUKAS: Ek gaan nêrens heen nie.

NINA: Jy gaan bobbejaanboude kry van net so sit en sit.

LUKAS: Ek wag vir my ma.

NINA: Pa sê hy gee jou nog net vandag om uit jou nuk te kom. Van môre af gaat hy vir jou lekker kortvat.

10

LUKAS: Ek is nie julle kind nie.

NINA: Is, jy is.

LUKAS: My ma gaan my kom haal, jy gaan sien.

NINA: Jy's Lukas wat weggeraak het, man!

15

Bosduif en loerie skree skielik naby.

LUKAS: Ek is Benjamin Komoetie.

NINA: Sjuut! Hoor jy dit?

LUKAS: Wat?

NINA: Is jy doof? 'n Bosduif en 'n bosloerie tesame.

20

LUKAS: Meisiekind, weet jy miskien hoe ver ons van die pad af is wat Lange Kloof toe loop?

NINA: Die hardepad?

LUKAS: Ek weet nie, dis die pad wat deur die Bos loop en waarlangs hulle my Knysna toe geneem het.

25

NINA: Dis Diepwalle se pad.

LUKAS: Hoe ver is ons van die hardepad af?

NINA: Lank se loop.

LUKAS: Weet jy hoe om daar te kom?

NINA: Ja.

30

LUKAS: Sal jy my wys om daar te kom?

NINA: Die geheim wat ek jou wil wys, is op pad daarheen. Miskien kan ons tot in Kom-se-bos se sleeppad hardloop ...

- 7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Benjamin het voor die magistraat in die hof op die dorp, (7.1.1) ..., verskyn. Een van die (7.1.2) ... het vir Barta van Rooyen gesê watter seun sy as haar verlore seun moes uitwys. Haar seun was (7.1.3) ... jaar oud toe hy weggeraak het. Barta het gewys dat die seun met die (7.1.4) ... (kleur) hempie haar Lukas was.

(4)

- 7.2 Waarom het Nina vir niemand anders van haar "geheim" (reël 6) vertel nie?

(1)

- 7.3 "Sjuut! Hoor jy dit?" (Reël 18)

"Wat?" (Reël 19)

"Is jy doof? 'n Bosduif en 'n bosloerie tesame." (Reël 20)

- 7.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As 'n mens dink aan al die negatiewe dinge in Nina se lewe in die Bos, is hierdie woorde van haar (ironies/sarkasties).

(1)

- 7.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.3.1.

(1)

- 7.4 Lukas het uit die Bos weggeloop.

Wat was die gevolg hiervan vir hom?

(1)

- 7.5 Wat sou jy anders as Lukas gedoen het as om weg te loop?

(1)

7.6 Een van die temas in hierdie drama is Benjamin/Lukas se soeke na identiteit.

Kies die boodskap uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.6.1 tot 7.6.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.6.1	Lukas het gewag dat Fiela hom moes kom haal.	A	'n Mens moet soms seker maak dat jy is wie jy dink jy is.
7.6.2	Op haar eie manier het Barta tog omgee vir Lukas gewys.	B	'n Mens het altyd die keuse van watter werk jy wil doen.
7.6.3	Al het Lukas gesê dat hy nie die Van Rooyens se kind is nie, het hy Elias wel later Pa genoem.	C	'n Mens probeer dikwels om die verkeerde dinge wat jy gedoen het, met beter dinge reg te maak.
		D	'n Mens onthou die liefde en beskerming wat jy as kind ervaar.
7.6.4	Nina het van die begin af probeer om Lukas deel van haar lewe te maak.	E	'n Mens se opvoeding bepaal jou optrede teenoor ander mense.

(4 x 1)

(4)

7.7 Lukas en Nina het baie verskillend grootgeword. Wat het Fiela vir Benjamin oor werk geleer en hoe verskil dit van wat Nina in die Bos geleer het? Jy moet in jou antwoord na Benjamin en Nina verwys.

(2)

7.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.8) neer.

Die boswagter het later vir Nina werk op die dorp gekry. Sy het konflik hieroor beleef, want sy ...

- A het nie van die mense gehou by wie sy moes gaan werk nie.
- B het gevoel dat Barta haar in die Bos nodig gehad het.
- C het gevoel dat sy misbruik word.
- D wou nie so min geld verdien nie.

(1)

7.9 Lukas was bereid om vir Nina vyf sjelings te betaal om vir hom die pad uit die Bos te wys.

Waarom kan ons sê dat hierdie vyf sjelings die simbool van iets positiefs in Lukas se lewe was?

(1)

7.10 Watter voorbeeld van omgee het Nina in hierdie situasie met Lukas vir jou gestel?

(1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

Ligte uit. Musiek. Ligte op. Seetoneel. Vlagpaal met klipbankie. JOHN BENN besig om met seilnaald 'n vlag te lap. LUKAS kom opgestap.

LUKAS: Ek het net kom sê ek is terug, *mister* Benn.

BENN (*laat naald vassteek in die vlag*): Jy lyk verkreukel, maar jy klink beter, Van Rooyen. 5

LUKAS: Ek is. En ek sal van hier af bekend staan as Benjamin Komoetie. Dis nie 'n nuwe naam nie, dis my ou naam. Daarby sal ek net kan uithelp tot Kaliel weer reg is om sy spaan te vat, dan gaan ek terug Lange Kloof toe. Na my mense toe.

BENN: Jy is beter. Jy bly nog 'n raaisel, maar jy's die man wat ek in jou gesoek het – Komoetie, het jy gesê? 10

LUKAS: Ja.

BENN: Dis 'n eerbare naam, 'n ou Hottentotnaam.

LUKAS: Dis reg.

BENN: Loop sê vir Joop Stoep jy's terug.

LUKAS: Joop Stoep sal vandag ook nog vir my moet instaan, *mister* Benn. Ek moet na 15
miss Weatherbury se huis toe gaan.

BENN *trek die naald deur die dik wit lap. Wanneer hy opkyk, is dit of daar êrens in sy ruiebaard 'n glimlag huiwer. LUKAS loop weg terwyl die ligte uitdoof en die openingsmusiek herhaal word.*

Gordyn

20

7.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lukas het by Barta gehoor dat hy nie Lukas van Rooyen is nie.
- Lukas het finaal besluit om nie terug te gaan Bos toe nie.
- Lukas is Wolwekraal toe om met Fiela oor Nina te praat.
- Lukas het die spookskip by Noetzie gesien. (4)

7.12 Lees reëls 1 tot 8.

7.12.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

7.12.2 Na wie verwys Lukas as hy in reël 8 van "my mense" praat? (1)

- 7.13 "Ek is. En ek sal van hier af bekend staan as Benjamin Komoetie. Dis nie 'n nuwe naam nie, dis my ou naam." (Reël 6 en 7)
- "Dis 'n eerbare naam, 'n ou Hottentotnaam." (Reël 12)
- 7.13.1 Watter stylfiguur kry ons in hierdie reëls? (1)
- 7.13.2 Wat beteken dit binne die konteks van die uittreksel? (1)
- 7.14 Lukas moes na *miss* Weatherbury se huis toe gaan om Nina se geld vir Elias te gaan haal.
- Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is (1)
- 7.15 Lukas het vir *mister* Benn gaan vertel wat sy toekomsplanne is.
- 7.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Uit hulle gesprek lei ons af dat *mister* Benn (twyfel oor/respek vir) Lukas gehad het. (1)
- 7.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.15.1. (1)
- 7.16 " ... tot Kaliel weer reg is om sy spaan te vat, ..." (Reël 7 en 8)
- Verduidelik die figuurlike betekenis van Lukas se woorde. (1)
- 7.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.17) neer.
- Uit Lukas se optrede in hierdie uittreksel kom die tema van ... sterk na vore.
- A haat
B vrede
C vooroordeel
D magteloosheid (1)
- 7.18 Hoe kry die dramaturg dit reg om *mister* Benn uit te beeld as iemand wat mense **kén**? (1)
- 7.19 In hierdie drama sluit die titel, inhoud en slot goed by mekaar aan
- 7.19.1 Waaroor, dink jy, gaan die drama as jy net na die titel kyk? (1)
- 7.19.2 Alhoewel Fiela nog vier ander kinders gehad het, is die fokus in hierdie drama op Benjamin. Hoekom? (1)
- 7.19.3 Hoe weet jy dat hierdie drama positief vir Fiela geëindig het? (1)
- [35]

TOTAAL AFDELING B: 35

2023 - NOVEMBER

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.19.2	Ouderling Bothma en Sakkie het besef dat ... • anders nie noodwendig verkeerd is nie. • hulle mense (eers) moet leer ken voordat hulle hulle oordeel. • jy verskoning behoort te vra wanneer jy verkeerd was. • jy nie gemanipuleer moet word om soos ander te glo nie, bv. Jan Mol en die dominee. • Hendrik en sy gesin anders was en het hulle so aanvaar. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
6.19.3	Hendrik en Katrien het ... • vrede gemaak met mekaar. • met mekaar gesels/mooi dinge vir mekaar gesê. • romanties teenoor mekaar opgetree, bv. saamgedans, in mekaar se oor gefluister. • weer fisiese kontak met mekaar gehad, bv. hy het haar 'n drukkie gegee. • saamgestaan en dinge saam gedoen, bv. die gaste saam onthaal. • nou gelukkige kinders gehad. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
		[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	Knysna	1
7.1.2	sensusmanne/manne wat die mense tel	1
7.1.3	drie/3	1
7.1.4	blou	1
7.2	• Nina was bang vir die moeilikheid wat sou kom. • Nina was bang haar pa gaan haar bottels vat/gaan uitvind van haar speelplek in die bos. • Nina het geweet dat sy party van die bottels gesteel het. • Nina het nie gedink enige iemand sou haar geheim verstaan nie. • Nina het nie ander mense vertrou nie. • Nina het net vir Lukas vertrou. • Nina het nie werklik vriende/iemand gehad om geheime mee te deel nie. • Nina se broers was nie haar vriende nie./Lukas was haar enigste vriend. • Dit was te spesiaal vir haar. • Dit was haar ontvlugting van Elias se mishandeling/slegte omstandighede/haar "geheim" in die bos waar sy veilig gevoel het.	1

	(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.3.1	ironies	1
7.3.2	- Nina se woorde wys dat sy die mooi/positiewe raaksien/aandag gee aan die geluide/mooiheid van die voëls. - Nina het nooit werklik na mense geluister nie, maar na die voëls/die bos. - Nina het verwag dat Lukas, wat 'n plaaskind is, moes weet van bosgeluide. - Nina het nie daarvan gehou dat Elias lelik/ongeskik met haar was nie, maar nou is sy lelik/ongeskik teenoor Lukas. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.3.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.3.2 te verdien.)	1
7.4	- Elias het hom gaan soek. - Elias het hom geslaan. - Elias het Lukas harder laat werk. - Elias het Lukas gedwing om hom pa te noem/die gesin se name te noem/sy nuwe identiteit as Lukas van Rooyen te aanvaar. - Dit het sy verhouding met Elias nog slegter gemaak. - Hy was vir jare blootgestel aan 'n lewe van armoede/mishandeling/liefdeloosheid. - Hy was nog banger vir Elias. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.5	Ek sou ... - gewag het totdat Fiela gekom het. - meer geduld gehad het. - met die boswagter gepraat het as hy weer gekom het. - probeer het om met Nina maats te maak. - probeer inpas, want ek is nog net 'n kind. - vriende maak/by van die ander mense in die Bos/omgewing gaan hulp soek het/die Bos beter leer ken het. - met Barta gepraat het om my te probeer help. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.6.1	D'n Mens onthou die liefde en beskerming wat jy as kind ervaar.	1
7.6.2	C'n Mens probeer dikwels om die verkeerde dinge wat jy gedoen het, met beter dinge reg te maak.	1
7.6.3	E'n Mens se opvoeding bepaal jou optrede teenoor ander mense.	1
7.6.4	A'n Mens moet soms seker maak dat jy is wie jy dink jy is.	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.7	Fiela het vir Benjamin geleer dat ... • almal in die gesin saam werk. • daar nie tyd is vir kansvatters nie. • jy eers moet werk voordat jy eet/speel. • daar toesig oor werk gehou word. • jy hard moet werk vir jou besittings/harde werk belangrik is. ✓ (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) Nina het ... • net die werk gedoen omdat sy verplig was. • elke geleentheid gebruik om nie haar werk te doen nie. • geweet haar ma gee nie om waar sy is/wat sy doen nie. • geleer dat haar ma altyd vir haar verskonings maak as sy nie werk nie. • geleer dat grootmense lui/skelm kan wees/toelaat dat kinders hulle harde werk moet doen. • geleer dat grootmense geld op oneerlike maniere maak. • geen voorbeeld van harde werk gehad nie. • geweet sy gaan in die dorp werk en die geld moes na Elias toe gaan. • by Elias geleer dat 'n mens 'n plan moet hê, maar jy wag vir geluk om jou plan uit te voer. • 'n negatiewe ervaring van werk gehad, want Elias was wreed t.o.v. die take wat hy van die kinders verwag het, (bv. balke maak en bas afkap). ✓ (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	2
7.8	C/het gevoel dat sy misbruik word.	1
7.9	• Vir Lukas was dit ere-geld. • Lukas kon met hierdie geld bewys dat hy nie arm grootgeword het nie/hulle nie kaalgatte was nie. • Die vyf sjelings simboliseer Fiela se omgee/opvoeding. • Dit herinner hom aan die Komoeties se swaarverdiende geld waarmee hulle hom vertrou het. • Dit was 'n simbool van hoop vir Lukas, want dit kon vir hom die pad uit die bos "koop"/die pad na vryheid verseker/hom help om weer by die Komoeties uit te kom. • Dit het hom hoop gegee dat hy Fiela weer sal sien. • Dit was vir Lukas 'n simbool van vryheid/uitkoms. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.10	Nina ... • het vir Lukas kos/'n patat aangebied om te eet. • het Lukas teen Elias/sy wreedheid gewaarsku. • wou met hom maats maak. • wou mooi dinge/haar geheim met hom deel. • het aanhou gesels al was Lukas kortaf. • wou hom help/het hom gehelp om die pad uit die Bos te vind. • het hom met haar geheim vertrou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.11	- Lukas het die spookskip by Noetzie gesien. - Lukas het finaal besluit om nie terug te gaan Bos toe nie. - Lukas is Wolwekraal toe om met Fiela oor Nina te praat. - Lukas het by Barta gehoor dat hy nie Lukas van Rooyen is nie. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurde wat op die korrekte plek is.)</i>	1 1 1 1
7.12.1	- In Knysna/die dorp - Waar Lukas voorheen gewerk het - By die see - John Benn se werksplek/die koppe/by die vlagpaal met die klipbankie <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.12.2	- Die Komoeties - Fiela en Selling - Wolwekraal se mense (Fiela, Selling, broers en susters) - Familie in die Langekloof/Die bruin familie <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.13.1	- Kontras/Teenstelling - Ironie - Herhaling/Repetisie <i>(Enige EEN)</i>	1
7.13.2	<u>Kontras/Teenstelling:</u> - Benjamin verwys na sy ou naam en nuwe naam. - Benjamin is 'n wit man wat 'n bruin van het. <u>Ironie:</u> - Benjamin is 'n wit man wat 'n bruin van het. - Benjamin aanvaar sy ou naam as sy nuwe naam. <u>Herhaling/Repetisie:</u> - Benjamin/Lukas het twee name/identiteite gehad. - Benjamin beklemtoon dat hy nou seker is van sy identiteit. - Benjamin is nou seker wie hy is/waar hy hoort. - Benjamin is trots op die naam wat hy dra. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.13.2 te verdien.)</i>	1
7.14	- Nina het nie meer haar geld vir Elias gegee nie. - Lukas wou vir Nina gaan sê hoe hy oor haar voel. - Lukas wou vir haar gaan vertel wat by die Komoeties/Van Rooyens gebeur het./Lukas wou Nina gaan sien. - Lukas wou Nina gaan haal om saam met hom na Wolwekraal te gaan. - Lukas wou vir haar vertel dat hy nie haar broer is nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.15.1	respek vir	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.15.2	<i>Mister Benn</i> het ... • gesê dat Komoetie 'n eerbare naam is. • besef dat Lukas hom nie in die steek gelaat het met die werk nie. • dit waardeer dat hy teruggekom het. • vir Lukas gesê dat hy die man is na wie hy in hom gesoek het. (Aanhaling word aanvaar) • vir Lukas ondersteun. • Lukas gerespekteer oor sy keuse oor sy identiteit en nie vrae gevra nie. • Lukas 'n (sterk) man genoem. • opgehou waarmee hy besig was/belanggestel in Lukas se menswees. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.15.2 te verdien.)</i>	1
7.16	Lukas het bedoel totdat Kaliel weer ... • reg was om te werk. • kon roei/sy plek kon inneem op die loodsboot. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.17	B/vrede	1
7.18	Die dramaturg ... • gebruik woorde soos "is"/"lyk"/"klink" (wat daarop dui dat hy die mens sien en hoor). • skep dialoog vir <i>mister Benn</i> wat wys dat hy die Komoetienaam as 'n eerbare naam ken/verandering/beterskap by Lukas raaksien/hoor. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.19.1	Ek dink die titel van die drama ... • het iets te doen met 'n karakter wie se naam Fiela is. • handel oor 'n kind/Fiela se kind. • verwys na die drama as genre. • gaan oor die drama in die karakters se lewens. • wys dit gaan oor 'n ma-kind-verhouding. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.19.2	Die fokus is op Benjamin as Fiela se kind, want ... • Benjamin het onder vreemde omstandighede haar kind geword/was haar hankind/nie haar eie kind nie. • hy is die een wat van haar weggevat is. • die Here het hom aan haar toebetrou/hy was spesiaal vir haar. • hy is die enigste wit kind/Fiela se ander kinders is bruin. • hy is die een wat met sy identiteit sukkel. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

2024 - MEI/JUNIE

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

Ligte op. Die Lange Kloof. Buite voor FIELA se huis onder 'n boom. Ons hoor hoe die kinders die volstruis aanja kamp toe. FIELA en SELLING op die verhoog.

FIELA: Kyk nou daar vir Benjamin, Selling! Al voor die volstruis uit, en ek het hom uitdruklik gesê hy kan saamgaan as hy agter draf!

SELLING: Los die kind, Fiela, hy's nie een vir agter draf nie. Daardie perdekar is al heelweek op en af hier in die Kloof. Vreemde kar. 5

FIELA: Smouse. Al hoe meer van die goed hier rond. As dit so aangaan, sal daar op die ou end vir elke volstruisveer 'n koper wees. (*FIELA lag skielik ingenome.*) Sy's mooi, Selling. Bietjie rankerig om die boude, lyk dit my, maar ons sal haar vet kry. Wag maar. 10

SELLING: Dis nog te ver om te sê hoe sy lyk, vrou – die perdekar het lus vir uitdraai hiernatoe.

FIELA: As dit smouse is en hulle wil velle en goed koop, sê jy reguit ons deel met Rossinski.

SELLING: Daar's taamlik dasvelle wat klaar gebrei is. 15

FIELA: Goed, hulle kan dasvelle kry, maar nie vir onder die twee oulap 'n vel nie. (*'n Valk skree skielik naby.*) Maaifoerie se valk. Gister my mooiste kuiken gevang toe ek my rug draai, nè? Vandag kan jy maar op 'n ander plek loop aas. Ek het hulle toegemaak.

SELLING: Die kar draai op, Fiela. 20

- 7.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Die verhaal speel tussen twee families af: die Komoeties van die Lange Kloof en die (7.1.1) ... aan die ander kant van die berg. Benjamin is Fiela se (7.1.2) ... kind. Fiela het hom vir ongeveer (7.1.3) ... jaar grootgemaak. Die twee manne in die perdekar kom van (7.1.4) ... af om die mense te tel. Hulle gaan later probleme in die drama veroorsaak. (4)

- 7.2 In watter spesifieke ruimte in die Lange Kloof speel hierdie uittreksel af? (1)

- 7.3 Waarom was Fiela vies vir Benjamin wat so voor die volstruis gehardloop het? (1)

- 7.4 Noem EEN verskil tussen Fiela en Selling wat duidelik uit die teks na vore kom. (2)

- 7.5 Lees reël 7 en 8.
- 7.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Dit is vreemd dat Fiela kla oor die baie smouse, omdat meer smouse 'n (positiewe/negatiewe) impak vir haar gesin sou inhou. (1)
- 7.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.5.1. (1)
- 7.6 Wie is die "sy" na wie Fiela in reël 8 verwys? (1)
- 7.7 "Maaifoerie se valk. Gister my mooiste kuiken gevang toe ek my rug draai, nè?" (Reël 17 en 18)
- Verduidelik wat die figuurlike betekenis van die valk in hierdie uittreksel is as jy in gedagte hou wat volgende met Benjamin gaan gebeur. (1)
- 7.8 In hierdie uittreksel gebeur daar baie dinge op Fiela se plaas.
- 7.8.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Daar is 'n gevoel van (vrees en ongelukkigheid/opgewondenheid en afwagting) op die plaas. (1)
- 7.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.8.1. (1)
- 7.9 Hoe slaag die dramaturg daarin om jou as leser nuuskierig te maak oor die perdekar wat in die omgewing rondry? (1)
- 7.10 Baie mense het geglo dat dit verkeerd was van Fiela om 'n wit kind in haar huis te hê.
- Waarom was dit reg van Fiela om Benjamin te hou en as haar eie groot te maak? (1)
- 7.11 Waarom kan Fiela gesien word as 'n voorbeeld van iemand wat vir haar gesin gesorg het? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

Toneel in Bos. LUKAS is nou so 19; NINA 17. LUKAS en NINA kom op verhoog.

LUKAS (*op band*): Die boswagter het kom sê dat hy vir Nina werk op die dorp gekry het vir vier sjielings die week en kos en klere daarby, en nou moet ek vir haar tot by Diepwalle by die hardepad neem waar die boswagter haar sal kom kry.

LUKAS: Nina, loop 'n bietjie stadiger.

5

NINA: Hou jou bek!

LUKAS: Jy sal sien, dis lekker op die dorp. Dink net, vier sjielings 'n week en wat jy alles vir jou daarmee kan koop! Jy gaan baie geld hê.

NINA: Hou jou bek!

LUKAS: Ek weet nie vir wat jy my moet loop en uitskel nie, ek het jou niks gemaak nie.

10

NINA: Julle kan almal hel toe loop!

LUKAS: Jy's dom. Ek woon liewerster sewehonderd keer weg uit hierdie bos uit waar daar ten minste bloute en son bo my kop is.

NINA: Ek is nie ander se kinderoppasser nie.

LUKAS: Dis beter as balke werk.

15

NINA: En die geld is nie myne nie, dis Pa s'n. (*Gekraak in die Bos. Olifantgeluide. Bome wat gebreek word. Lukas skrik; NINA verstar tot waaksaamheid. Ge-kok-kok-kok van loerie. NINA fluister met haar mond teen sy oor.*) As hulle hierdie kant toe kom, klim die witels daar anderkant en hou vas. Ek sal hardloop. ...

7.12 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Benjamin het probeer wegloop.
- Die magistraat het Benjamin Bos toe gestuur.
- Fielia het Benjamin se goed vir hom Bos toe gevat.
- Die bosvrou het gesê Benjamin is Lukas van Rooyen.

(4)

7.13 Kyk na Lukas se woorde: "ten minste **bloute** en son bo my kop is." (Reël 13)

7.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde is 'n voorbeeld van 'n (metafoor/vergelyking).

(1)

7.13.2 Watter emosie van Lukas wou die dramaturg met hierdie woorde oordra?

(1)

- 7.14 Terwyl Nina in die dorp gewerk het, het sy weggeloop. Lukas moes haar gaan soek.
- Watter gevolg het Nina se weggeloop vir Lukas gehad? (1)
- 7.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.
- Nina is hier in konflik met Lukas omdat ...
- A hy haar hardhandig hanteer het.
 - B hy Elias se opdragte uitgevoer het.
 - C sy niemand op die dorp geken het nie.
 - D sy nie van die boswagter gehou het nie. (1)
- 7.16 Nina het uiteindelik die werk geniet wat die boswagter vir haar gekry het.
- Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 7.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.17) neer.
- Nina moes in die dorp gaan werk. Dit raak die tema van ... aan omdat sy nie self oor haar geld kon besluit nie.
- A swak huislike omstandighede
 - B omgee vir 'n mens se ouers
 - C uitbuiting van kinders
 - D armoede in die Bos (1)
- 7.18 Lukas het geweet dat Nina nie in die dorp wou gaan werk nie, maar het steeds probeer om haar moed in te praat.
- Wat sou jy anders gedoen het as jy in Lukas se posisie was? (1)

7.19 Baie karakters in die drama het 'n invloed op Lukas/Benjamin se lewe gehad.

Kies die invloed uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.19.1 tot 7.19.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.19.1	Dawid en Tollie	A	... het seker gemaak dat Lukas van sy broer se dood gehoor het.
7.19.2	Petrus Zondag	B	... het vir Lukas die kans gegee om sy droom te bewaarheid om op die see te werk.
7.19.3	Kaliel September	C	... het vir Lukas 'n heenkome buite die Bos gebied.
7.19.4	John Benn	D	... het vir Benjamin leer somme maak.
		E	... het vir Benjamin leer lees en skryf.

(4 x 1) (4)

7.20 Benjamin Komoetie is die hoofkarakter in die drama.

7.20.1 Hoe weet ons dat Benjamin se kinderlewe (by Fiela) gelukkig was? (1)

7.20.2 Toe Benjamin as kind by Fiela weggevat is, was dit nie goed vir hom nie.

Verduidelik hoe hierdie verandering later vir Benjamin as grootmens 'n goeie ding was. (1)

7.21 Wat leer jy by Benjamin oor die hantering van moeilike situasies in jou lewe? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

2024 - MEI/JUNIE

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	Van Rooyens	1
7.1.2	aanneem-/hans-/optel-/wit (Enige EEN)	1
7.1.3	nege/9	1
7.1.4	Knysna/die goewerment/die regering	1
7.2	(Op) Wolwekraal/Fiela se plaas	1
7.3	- Benjamin het ... - haar instruksies geïgnoreer/nie geluister na wat Fiela vir hom gesê het nie. - homself in gevaar gestel deur voor die volstruis te hardloop. - Fiela was bang die volstruis sou hom doodskop/hy kry seer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)	1
7.4	FIELA ... - was 'n sterk karakter. - het die leiding (op die plaas) geneem. - het besluit wat gedoen word. - het besluit oor die pryse van die produkte. - was 'n streng/kwaai/bekommerde ma. - het hard/aanhoudend gepraat/was besig. - wou die kinders op haar manier grootmaak. - het gedink Benjamin was ongehoorsaam. - het op die volstruis-aktiwiteit gefokus. - wou haar kind teen seerkry beskerm. - was 'n ekstrovert. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) SELLING ... - was meer op die agtergrond/stil/teruggetrokke/rustiger. - het Fiela se leiding aanvaar/eerder gevolg. - het haar besluite aanvaar. - was nie so 'n streng ouer nie/was 'n rustige pa. - het die kinders se persoonlikhede aanvaar. - het gedink Benjamin wys karakter/leierseienskappe/is oplettend. - het op die perdekar gefokus. - het geglo Benjamin gaan nie seerkry nie. - was 'n introvert. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Logiese verskil tussen TWEE karakters moet duidelik wees vir 2 punte.)	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.5.1	positiewe	1
7.5.2	- Hoe meer vere/volstruise/velle/skoene/produkte hulle kan verkoop, hoe meer geld gaan hulle maak. - Hulle bestaan hang daarvan af om produkte te verkoop. - Hulle boer met volstruise./Volstruise is hulle (hoof)bron van inkomste. - Die smouse kom na hulle toe. Hulle hoef nie agter hulle aan te ry nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.5.2 te verdien. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)</i>	1
7.6	- Pollie - Die nuwe volstruis wat Fiela gekoop het/wat die kinders aanjaag. - volstruiswyfie <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.7	- Die valk wat die kuiken gevang het, verteenwoordig die sensusmanne/wet/magistraat (wat Benjamin van haar gaan wegvat). - Die valk voorspel onheil/gevaar. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.8.1	opgewondenheid en afwagting	1
7.8.2	- Almal was opgewonde oor die nuwe volstruis/volstruis kuikens. - Ons hoor hoe die kinders die volstruis aanjaag. - Fiela was tevrede met die volstruis wat sy gekoop het/daar aangekom het. - Niemand weet waarom die perdekar daar rondry nie/wie in die perdekar is nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.8.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.8.2 te verdien.)</i>	1
7.9	Die dramaturg laat Selling ... - pertinent sê dat dit 'n vreemde kar is/dat die kar al heelweek in die kloof is. - drie keer na die perdekar verwys. - elke keer noem dat die perdekar wil uitdraai/nader kom. - elke keer vir Fiela in die rede val deur na die kar te verwys. - Fiela se aandag daarop vestig dat die vreemde kar opgedraai het na hulle huis toe. Die dramaturg laat Fiela ... - aannames maak oor wie in die (perde)kar is. - dadelik iemand aan die (perde)kar koppel. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.10	• Fiela kon nie die kind aan sy eie lot oorlaat nie. • Fiela het probeer uitvind wie se kind dit was, sonder sukses. • Fiela het geglo die kind is deur God gestuur. • Fiela het geglo dat die ma haar gekies het om na hom te kyk. • Niemand anders was bekommerd oor die kind/het na die kind uitgevra/gesoek nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.11	Fiela het ... • hard gewerk vir haar gesin/voorsiening gemaak vir haar kinders se toekoms/haar kinders geleer om hard te werk. • vir Benjamin vyf sjielings gegee om te wys hulle is nie arm(gatte) nie. • seker gemaak haar kinders is opgevoed/het skool toe gegaan/het hulle deel in en om die huis gedoen. • het nie haar kinders bederf nie/was streng met haar kinders. • haar kinders van die Bybel geleer. • alles gedoen wat sy kon om Benjamin terug te kry. • gesorg dat haar kinders kon boer/grond gehad het. • gesorg dat Selling besig bly met die maak van skoene/brei van dasvelle/maak van karwatse. • gesorg dat hulle goedgeklee/gevoed was. • haar kinders toegelaat om kind te wees. • het die wit kind, wat nie hare was nie, met liefde versorg. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.12	• Die bosvrou het gesê Benjamin is Lukas van Rooyen. • Die magistraat het Benjamin Bos toe gestuur. • Benjamin het probeer wegloop. • Fiela het Benjamin se goed vir hom Bos toe gevat. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)</i>	1 1 1 1
7.13.1	metafoor	1
7.13.2	ongelukkigheid/hartseer/woede/frustrasie/ontsteltenis/onsekerheid/vrees/ontevredenheid/vasgevangenskap/hunkering na vryheid/bitterheid/verlange/hoop/desperaatheid/moedeloosheid <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.14	Lukas het ... • vir die eerste keer die see gesien/die skip by Noetzie gesien. • besef dat hy eintlik op die see wou werk/nie in die Bos wou wees nie. • besluit dat hy vir homself 'n lewe buite die Bos/weg van Elias af wou maak. • vryheid van Elias/die Bos gekry. • vir die eerste keer self oor sy lewe besluit/beheer oor sy eie lewe geneem. • Armstrong/John Benn/Kaliel ontmoet. • by/op die see gewerk. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.15	B/hy Elias se opdragte uitgevoer het.	1
7.16	Nina het ... - wegge loop van hierdie werk/mense af. - op ander plekke gaan werk/by Miss Weatherbury gaan werk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.17	C/uitbuiting van kinders	1
7.18	Ek sou ... - die kans gevat het om saam met Nina weg te gaan. - gekeer het dat Elias haar geld vat. - haar op 'n veilige plek weggesteek het. - vir haar sê om teen haar pa/Elias op te staan. - haar gelos het om te doen wat haar gelukkig maak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.19.1	E/... het vir Benjamin leer lees en skryf.	1
7.19.2	A/... het seker gemaak dat Lukas van sy broer se dood gehoor het.	1
7.19.3	C/... het vir Lukas 'n heenkome gebied buite die Bos.	1
7.19.4	B/... het vir Lukas die kans gegee om sy droom te bewaarheid om op die see te werk.	1
7.20.1	Benjamin ... - was goed versorg/het alles gehad wat hy nodig gehad het/was grootgemaak soos Fiela se eie kind. - het in 'n liefdevolle huis grootgeword/broers en susters gehad met wie hy kon speel/en sy broers en susters het saam gelag en mekaar geterg. - het die vryheid gehad om in die oopte te speel/kind te wees/met diere om te gaan/met sy skuitjie op die dam te speel. - het die geleentheid gehad om te leer lees en somme maak. - het probeer wegloop uit die Bos om terug te gaan na Fiela-hulle toe/was bereid om 5 sjelings weg te gee om by Fiela uit te kom. - het herhaaldelik vir die magistraat gesê dat hy Fiela se kind is. - is nie mishandel/geslaan nie. - het nie nodig gehad om harde/onbillike werk te doen/balke te saag nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.20.2	Omdat hy weggevat is, ... • kon hy sy ware identiteit ontdek/self die keuse maak van wie hy wil wees. • kon hy op die see werk soos hy wou. • het hy Nina ontmoet/die liefde van sy lewe leer ken. • het hy die lewe buite die Lange Kloof en die Bos leer ken. • het hy die waarde van familie leer ken/besef dat familie die mense is wat vir jou omgee. • het hy met die lelik van die mensdom in aanraking gekom en besef dat dit verkeerd is. (bv. die vooroordeel van die sensusmanne en die magistraat/Elias se hantering van sy vrou en kinders/manipulering van die wet deur leuens te vertel/rasseskeiding/verskille.) • het hy geleer om moeilike situasies (soos sy lewe in die Bos) te hanteer. • het hy geleer om aanpasbaar te wees. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.21	Ek leer dat ... • daar altyd iets is om voor dankbaar te wees. • daar altyd iets goeds uit slegte situasies kan kom. • 'n positiewe houding jou deur moeilike situasies kan dra. • jy nie jou drome moet prysgee nie. • respek help om moeilike situasies te ontloft (soos met Kaliel en Elias). • ek moet luister na die raad van mense wat vir my omgee (bv. die raad wat Fiela vir hom gegee het oor Nina). • ek moet doen wat my hart vir my sê. • familie jou anker is as dinge moeilik raak. • ek dinge moet aanvaar wat ek nie kan verander nie. • ek moet vashou aan my geloof en opvoeding. • ek my kop hoog moet hou/trots moet wees op wie ek is. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]
	TOTAAL AFDELING B:	35

2024 - NOVEMBER

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

ELIAS: As 'n man in die nag tot by die skippe kan kom en lewer wat jy het.

WILLEM *terug*.

WILLEM: Pa, Lukas is nie by tant Malie nie.

ELIAS: Het jy by tant Anna gevra?

WILLEM: Nee, Pa.

5

ELIAS: Nou vir wat moet ek julle alles voorsê?

WILLEM: Ja, Pa.

WILLEM *af*.

ELIAS: 'n Man sukkel tot sy kinders die dag groot genoeg is om te kan help, maar ek sal nou nog lank moet sukkel. Willem is maar ses, Kristoffel is vyf, Lukas is drie en Nina nog aan die tiet. 10

BARTA *kom soos 'n gedaante deur die mis aan*.

BARTA: Elias?

ELIAS: Wat is dit nou weer, vrou? Kan julle nie sien ek is besig nie?

BARTA: Was die kind nie hier by jou nie?

15

ELIAS: Ek het jou mos gesê hy was nie hier nie.

BARTA: Ek was by Sofie, hy's nie daar nie.

MALIE, TANT GERTJIE *en* SOFIE *op*.

TANT MALIE: Dit het my oorle antie agter in Karatara se bos oorgekom. Sy het gedink die kind is saam met die ander om te gaan vuurhout kap en so kom sy dit eers die middag agter dat hy wég is. Meer as 'n week later het hulle die verkleumde liggaampie gekry. Ons is nog die dag begrafnis toe. 20

BARTA *druk 'n vuus in haar mond en byt op haar kneukels*.

ELIAS: Ek sê vir julle, die kind is nie weg nie.

- 7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Lukas van Rooyen het in die Bos weggeraak. Op die (7.1.1) ... dag was hy steeds weg. Op die plaas, (7.1.2) ..., het Fiela Komoetie 'n klein seuntjie voor haar deur gekry. Sy het hom Benjamin genoem en as haar eie kind grootgemaak. Jare later het die sensusmanne veroorsaak dat die magistraat, *Mister* (7.1.3) ..., besluit het dat Benjamin eintlik Lukas is. Die magistraat het so besluit omdat Benjamin wit en die Komoeties (7.1.4) ... was.

(4)

- 7.2 "BARTA kom soos 'n gedaante deur die mis aan." (Reël 12)

7.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"kom soos 'n gedaante deur die mis aan." in reël 12 is 'n (metafoor/vergelyking).

(1)

7.2.2 Wat beteken dit binne die konteks van die uittreksel?

(1)

- 7.3 Dit was maklik om in die Bos weg te raak, want daar was baie mis. Noem nog EEN rede waarom iemand maklik in die Bos kon wegraak.

(1)

- 7.4 Lees Elias se woorde in reëls 6 tot 16.

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

Uit hierdie woorde lei ons af dat Elias ... was.

- A bang
- B kalm
- C ongeduldig
- D agterdogtig

(1)

- 7.5 Waarmee moes Lukas vir Elias help nadat hy by die Van Rooyens in die Bos gaan bly het?

(1)

- 7.6 Benjamin het in die Lange Kloof en in die Bos grootgeword.

Hoe het sy lewe in die Lange Kloof van sy lewe in die Bos verskil as ons dink aan skoolwerk wat hy geleer het?

(2)

- 7.7 Lees tant Malie se woorde in reël 19 tot 22.

Waarom kan ons sê dat tant Malie se woorde in hierdie situasie onsensitief was?

(1)

7.8 In hierdie drama is daar uiterlike konflik tussen karakters.

Kies die oorsaak van die konflik uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (7.8.1 tot 7.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.8.1	Elias	A	... het verkeerd opgetree deur ander mense se goed sommer net te vat.
7.8.2	Barta	B	... het sonder simpatie opgetree toe hulle die kind van die plaas af weggevat het.
7.8.3	Nina	C	... het Lukas in die Bos beskerm en dit het die ander karakters ontstel.
7.8.4	Dikke en Lange	D	... het die magistraat aangevat oor sy keuses.
		E	... se aggressie het sy kinders van hom weggestoot.

(4 x 1) (4)

7.9 Hoe kry die skrywer dit reg om jou te laat voel dat Elias eenkant staan en nie regtig deel is van die situasie in die uittreksel nie?

(1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

MAGISTRAAT: Die kind is by sy regte ouers. Wat hy die dag toe hy weggeraak het, aanhad, kan geen verskil maak nie. Jy kan hom enigiets staan en aantrek en daarby sweer met die hoop dat ek jou sal glo. Jy kan selfs vir my kom sê jy het die klere gebêre en dit uithaal en wys en ...

FIELA: Die jaar met die kriekplaag in die Kloof is dit ongelukkig opgevreet, baas, maar ek sal nie vir baas lieg nie. Ek sal op die Grootboek sweer. Ek vra baas net hierdie een guns: laat roep die bosvrou en laat haar kom sê. 5

MAGISTRAAT: Dis genoeg. Jy kan besluit of jy self gaan loop en of ek die konstabel moet roep.

FIELA: Here, baas, jy kan my nie wegjaag nie. 10

MAGISTRAAT: Konstabel!

FIELA (*op band*): Seil, Fiela, seil. (*Gewone spraak.*) Asseblief, weledele heer, ek sal loop, ek wou nie kom moeilikheid maak het nie. (*Loop agteruit.*) Ek sal loop, baas – ek loop. Sê my dan net waar die kind is, baas. Sê my net wie die mense is by wie hy is.

MAGISTRAAT: Ek verbied jou om naby die kind te kom! Ek sal vandag nog aan die magistraat op Uniondale skryf om jou te laat dophou, en om stappe teen jou te neem as jy enige moeilikheid veroorsaak. 15

Ligte begin uitdoof.

7.10 Skryf die volgende gebeure onder mekaar neer in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur:

- Lukas het Nina tot by Diepwalle geneem toe sy op Knysna moes gaan werk.
- Boswagter Kapp het gaan hoor hoe dit met Lukas in die Bos gaan.
- Die magistraat het gesê Benjamin moes in die hof verskyn.
- Benjamin is saam met die Van Rooyens Bos toe. (4)

7.11 "Ek sal op die Grootboek sweer." (Reël 6)

7.11.1 Waarna verwys Fiela as sy van die "Grootboek" praat? (1)

7.11.2 Wat bedoel Fiela as sy sê dat sy op die Grootboek sal sweer? (1)

- 7.12 "... laat roep die bosvrou en laat haar kom sê." (Reël 7)
- 7.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Hierdie woorde van Fiela dui op (ironie/sarkasme). (1)
- 7.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.12.1. (1)
- 7.13 "Seil, Fiela, seil." (Reël 12)
- Verduidelik die figuurlike betekenis van hierdie woorde wat Fiela vir haarself sê. (1)
- 7.14 Fiela het nooit uitgevind waar Benjamin was nie.
Gee 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 7.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.
In hierdie uittreksel is die magistraat 'n simbool van ...
- A mense se omgee.
B mense se hulpvaardigheid.
C die onregverdige politieke situasie van die tyd.
D die mense by die hof wat te veel werk het om te doen. (1)
- 7.16 Fiela is 'n sterk vrou wat nie maklik stilbly en terugstaan as iets nie reg is nie.
- 7.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
In hierdie situasie ervaar Fiela sterk innerlike konflik, want sy is bekommerd oor Benjamin, maar sy moet ook (gehoorsaam wees aan die wet/doen wat sy self dink is reg.) (1)
- 7.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.16.1. (1)
- 7.17 Waarom kan ons sê dat Fiela in hierdie situasie 'n goeie rolmodel is? (1)
- 7.18 Fiela sou alles vir haar hanskind doen. Waarom kan ons sê dat Selling ook 'n positiewe rol in Benjamin se lewe gespeel het? (1)
- 7.19 Een van die hoofmomente in hierdie drama was toe Lukas ná Dawid se dood besluit het om na die Komoeties toe te gaan.
- 7.19.1 Watter positiewe gevolg het dit vir Lukas se lewe gehad? (1)
- 7.19.2 Watter les het jy by Lukas in hierdie situasie geleer? (1)
- 7.19.3 Hoe sluit hierdie hoofmoment by die slot van die drama aan as jy aan Fiela dink? (1)

[35]**TOTAAL AFDELING B: 35**

2024 - NOVEMBER

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.20.1	• Willem het weer gepraat. • Willem se verhouding met sy pa/Hendrik het verbeter. • Willem het graag sy toertjies vir ander gewys. • Willem was weer gelukkig. • Willem het weer in sy eie bed/kamer geslaap. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
6.20.2	Ek het geleer dat ... • die klere wat jy dra nie bepaal wie of wat jy is nie. • al verf jy jou gesig, beteken dit nie jy is besig met duiwelsdinge nie. • ek mense nie op grond van hoe hulle lyk/wat hulle dra moet oordeel nie. • 'n nar ook ernstig kan wees oor dinge van die lewe/nie net grappies maak nie. • narre ook gevoelens het/seerkry. • dit nie saakmaak wat jy kerk toe aantrek nie/die rede waarom jy kerk toe gaan die belangrikste is. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
6.20.3	Hendrik en Katrien ... • se verhouding het positief geëindig. • het mekaar aan die einde weer gevind. • het weer saam gedans/gelag/in mekaar se ore gefluister/beter met mekaar gekommunikeer. • was weer gelukkig. • het mekaar weer vertrou. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
		[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	agtste/agste/8ste	1
7.1.2	Wolwekraal	1
7.1.3	Goldsbury	1
7.1.4	bruin/bruinmense	1
7.2.1	vergelyking	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.2.2	- In die mis ... - kon 'n mens nie mooi sien wie dit was nie. - kon jy net sien dis iemand, maar nie wie nie. - het jy net die figuur gesien. - Soos 'n gedaante ... - verwys na iemand wat spookagtig/soos die dood/wandelende siel/emosioneel uitgeteer/verskrik/bang lyk. - verwys na iemand wat slegte nuus gekry het/in skok/ongeloof/bekommerd/wit geskrik was. - dui op iemand wat 'n skadu van die self is. - Die beeld skep 'n onheilspellende/negatiewe atmosfeer. - Barta verskyn skielik uit nêrens/asof sy deur die mis sweef. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.3	- Daar is baie bome./Die bome groei dig op mekaar. - Die plantegroei is dig. - Daar is nie baie lig nie./Dis donker. - Daar is olifante en ander ongediertes wat 'n mens kon aanval. - Die Bos is groot. - Daar is baie voetpaaie. - Daar is nie goeie/regte paaie nie. - Daar is nie rigtingaanwysers in die Bos nie. - Die baie kinderspore in die Bos maak dit moeilik om jou eie spoor terug huis toe te kry/vir mense om na jou te soek. - Alles het dieselfde gelyk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.4	C/...ongeduldig	1
7.5	- Met die hout - Om hout te kap/bome af te kap - Om balke te maak/te saag - Werk op die steier (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.6	- In die Lange Kloof/By Fiela-hulle het hy ... ✓ - alles by die ander kinders geleer wat hulle in die skool geleer het. - van die Bybel geleer. - somme by Miss Baby geleer. - geleer lees en skryf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) - In die Bos het hy ... ✓ - nie skoolwerk geleer nie/net gewerk. - Nina geleer lees en skryf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.7	Met haar storie oor 'n ander kind wat in soortgelyke omstandighede dood is, ... • neem tant Malie Lukas se ouers se hoop weg/sê sy hy sal nie terugkom nie/praat sy hulle nie moed in nie, (maar ontmoedig hulle eerder). • skep tant Malie die ergste scenario. • reageer sy eintlik negatief i.p.v. om positief te wees. • tree sy op as doemprofeet/bring sy die ergste by die mense tuis/is sy nie simpatiek nie/skep sy spanning by Barta. (<i>Aanvaar nie "nie sensitief" nie</i>) • maak sy die ander mense bang/ontstel hulle met woorde soos: dood/gesterf/verklumde liggaam/begrafnis. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)	1
7.8.1	E/... se aggressie het sy kinders van hom weggestoot.	1
7.8.2	C/... het Lukas in die Bos beskerm en dit het die ander karakters ontstel.	1
7.8.3	A/... het verkeerd opgetree deur ander mense se goed sommer net te vat.	1
7.8.4	B/... het sonder simpatie opgetree toe hulle die kind van die plaas af weggevat het.	1
7.9	Elias ... • laat Barta voel sy is lastig/pla hom as sy oor die kind praat. • sê hy is besig (met die hout). • gaan net aan met dit waarmee hy besig is en help nie soek nie. • reageer nie dadelik op die situasie nie. • sê vir al die ander wat hulle moet doen, maar doen self niks. • fokus net op homself/sy eie situasie. • se kind is weg, maar hy bekommer hom net oor sy skelmstreke/om die olifanttande by die skepe te kry. • gee kort/kortaf antwoorde/is ongeduldig/geïrriteerd/ongeskik met Barta/onsimpatiek teenoor Barta. • is nie deel van die gesprek nie/praat met homself. • ontken dat die kind weg is/is nie saam met die ander bang/bekommerd oor die kind nie. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)	1
7.10	• Die magistraat het gesê Benjamin moes in die hof verskyn. • Benjamin is saam met die Van Rooyens Bos toe. • Boswagter Kapp het gaan hoor hoe dit met Lukas in die Bos gaan. • Lukas het Nina tot by Diepwalle geneem toe sy op Knysna moes gaan werk. (<i>Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurte wat op die korrekte plek is.</i>)	1 1 1 1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.11.1	(Die) Bybel	1
7.11.2	Fiela bedoel dat ... • sy nie/nooit sal lieg/jok nie/sy 'n eerlike/eerbare mens is (omdat die Bybel vir haar so belangrik is). • sy uit respek vir die Bybel die waarheid sal vertel. • sy 'n Christenvrou/kerkmens/vrou met 'n groot geloof is. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.12.1	ironie	1
7.12.2	• Barta het reeds in die hof gelieg toe sy gesê het Benjamin is haar seun, Lukas. • Barta het reeds toegelaat dat ander haar voorsê. • Fiela het geweet Barta sou nie weet wat die kind aangehad het nie. • Fiela is nooit geroep om getuienis te lewer nie, maar sy is bereid om Barta deel te maak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.12.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.12.2 te verdien.)</i>	1
7.13	Sy bedoel dat sy nederig moet bly/nie kwaad moet word nie/kalm moet bly/die minste moet wees/nie terugpraat nie/onderdanig moet wees/smeek/pleit. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.14	• Fiela het Benjamin se besittings/goed/(dasvel)kombers/klere by die Van Rooyens gaan afgee. • Fiela het hom by die Van Rooyens gaan soek/was Bos toe/by die Van Rooyens se huis. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.15	C/die onregverdige politieke situasie van die tyd.	1
7.16.1	gehoorsaam wees aan die wet	1
7.16.2	• Fiela het geweet wat die wet sê/dat sy geen kans teen die wet staan nie. • Fiela was al die jare bang dat so iets sou gebeur (daarom het sy Benjamin weggesteek/weggehou van die skool af, ens.). • Fiela het geweet dat die wet haar nie sou bevoordeel nie. • Fiela het geweet dat dit die lewe vir haar kind, Benjamin/haar gesin moeiliker sou maak as sy opstandig sou raak. • Fiela was bang dat die magistraat haar sal laat toesluit/in die tronk gooi. • Fiela het geweet die wet is magtiger as haar wil. • Bruinmense kon nie wit kinders hê nie. • Die magistraat het gedreig om haar te laat volg. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.16.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.16.2 te verdien.)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.17	Fiela ... - wys respek teenoor die magistraat, bv. in hoe sy hom aanspreek. - bly kalm. - wys nie hoe sy regtig voel nie/kwaad sy is nie. - praat nie lelik of kwaai nie/is nederig. - sê duidelik dat sy nie moeilikheid soek nie. - sê sy sal nie lieg nie. - is 'n wetsgehoorsame burger. - is bereid om haarself te verneder/te veg om haar kind te kry/nie bang nie/onverskrokke. - sê sy sal by die magistraat se besluit berus. - wys hoe gelowig sy is. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.18	Selling het ... - aandag aan Benjamin gegee. - hom van water en skuitjies geleer/leer roei. - saam met hom gespeel. - vir hom gesê hoe hy die magistraat in die hof moet aanspreek. - vir Fiela gesê sy moet Benjamin los as hy dinge wil doen (soos met die volstruise). - Benjamin geken/geweet hy is nie iemand vir agter draf nie/se hart geken/raakgesien dat daar emosioneel fout was met hom toe hy teruggekom het Lange Kloof toe. - Benjamin liefgehad/soos sy eie grootgemaak/gewys hoe om 'n liefdevolle man te wees/nie geslaan/mishandel nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.19.1	- Lukas het na baie jare weer tyd saam met Fiela-hulle deurgebring. - Lukas het kans gehad om oor sy verhouding met Nina te dink. - Lukas het sy gevoelens vir Nina met Fiela bespreek. - Fiela het vir hom die raad gegee om terug te gaan na Barta toe, want net sy het die antwoorde op sy vrae geken. - Lukas het weer liefde en omgee ervaar. - Lukas kon sien die Komoeties het hom nie vergeet nie. - Lukas het gehoor hy gaan die Laghaanse se grond kry/kon saam met die Komoeties 'n toekoms bou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.19.2	Ek het by hom geleer om ... • aan te hou soek na die waarheid/(ware) identiteit. • te onthou waar ek vandaan kom. • nie die mense wat my grootgemaak/opgevoed/liefgehad het, te vergeet/eenkant toe te skuif nie. • by ouer mense/mense wat my ken raad te vra. • geduldig te wees. • te bly glo in wie ek is. • nooit op te gee op iets wat saakmaak nie. • my eie hart en gedagtes te vertrou. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.19.3	• Fiela was bly dat Benjamin gekies het om haar kind te wees nadat Benjamin die waarheid by Barta gehoor het. • Fiela het nooit opgehou om sy ma te wees nie. • Fiela en Benjamin was ma en seun. • Fiela kon nou sy ma en hy haar seun wees. • Fiela kon Nina as deel van Benjamin/Lukas se lewe ervaar/aanvaar. • Fiela was steeds sy beskermmer. • Fiela sou so bly wees dat Benjamin teruggekom het/hom met ope arms verwelkom. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
		[35]
	TOTAAL AFDELING B:	35

2025 - MEI/JUNIE

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

ELIAS: Is jy moeg, Lukas? (<i>Pouse.</i>) Was die mense daar agter in die Lange Kloof darem goed vir jou? (LUKAS <i>loop vinniger. Elias gryp hom aan die arm.</i>) Ek sien jy het 'n mooie hemp aan. Wat is alles in die trommel?	
LUKAS: My goed.	
BARTA: Ek dink hy's moeg, Elias.	5
ELIAS <i>sit die trommel op 'n boomstomp neer en hy en BARTA gaan sit.</i>	
BARTA: Hoekom is die kind so sonder tong, Elias?	
ELIAS: Hy's nog vreemd, hy sal regkom.	
BARTA: Mooie kind, Elias.	
ELIAS: Ja.	10
BARTA: Is hy nie 'n bietjie maer nie?	
ELIAS: Aard na Nina. Kom, Lukas, kom sit hier by ons.	
(LUKAS <i>bly verder weg op sy hurke sit.</i>) Kom sit hier, Lukas.	
BARTA: Los hom, Elias, hy's seker nog skaam.	
ELIAS: Jy moet iets kom eet.	15
LUKAS <i>skud sy kop. Hulle maak sy trommel oop en begin sy kos eet. Musiek. Ligte doof uit. Kom op in Boshuis.</i> BARTA, ELIAS, WILLEM, NINA en TANT GERTJIE <i>op verhoog. Kinders vat aan LUKAS en hy skop hulle.</i>	
TANT GERTJIE: Los hom! Kan julle nie sien hy's gedaan en bang nie?	
ELIAS: Lukas, kyk op en groet jou broer Willem en suster Nina.	20
BARTA: Los hom, Elias.	
ELIAS (<i>ongeduldig</i>): Groet jou broer en jou suster, Lukas.	
TANT GERTJIE: Los die kind, Elias! Hy's verwilder.	
<i>Ligte doof uit en weer in op toneel in Bos.</i> LUKAS <i>sit op sy hurke langs die huis.</i>	
NINA: Wil jy 'n patat hê, Lukas?	25
LUKAS: Nee.	
NINA: Kan jy 'n geheim hou?	

- 7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Die drama het begin met Lukas wat weggeraak het. Omtrent dieselfde tyd van sy verdwyning het Fiela 'n kind by haar huis gekry. Sy wou grootplaas toe gaan waar baas (7.1.1) ... gewoon het om vir hom van die kind te vertel, maar hy was by die (7.1.2) ... (7.1.3) ... maande na Lukas se verdwyning is 'n kind se geraamte gekry. Vir nege jaar het Fiela Benjamin as haar eie grootgemaak, tot die sensusmanne hom weggevat het. Hulle het belowe om hom (7.1.4) ... terug te bring, maar het nie.

(4 x 1) (4)

7.2 "Was die mense daar agter in die Lange Kloof darem goed vir jou?"
(Reël 1 en 2)

7.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Elias se vraag oor Lukas se lewe in die Lange Kloof was
(veroordelend/ironies) as ons dink aan hoe Elias later vir Lukas
behandel het.

(1)

7.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.2.1.

(1)

7.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die
letter (A–D) langs die vraagnommer (7.3) neer.

Lees weer reëls 1 tot 3.

Met die manier waarop Elias optree, voel die leser ...

- A geïrriteerd oor Lukas wat nie praat nie.
- B verbaas oor Elias wat vriendelik optree.
- C hartseer oor waarmee Lukas nou moet saamleef.
- D ongelukkig oor Elias wat nou vir nog 'n kind moet sorg.

(1)

7.4 Waarom was dit reg dat Barta so opgetree het in hierdie uittreksel?

(1)

7.5 Waarom was Tant Gertjie daar toe Lukas by die Boshuis aangekom het?

(1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die
letter (A–D) langs die vraagnommer (7.6) neer.

"Hulle maak sy trommel oop en begin sy kos eet." (Reël 16)

Elias en Barta se optrede is vir Lukas simbolies van ...

- A hoe hy graag dinge met sy nuwe familie wou deel.
- B sy nuwe begin in die Bos saam met die Van Rooyens.
- C hoe hy nie graag saam met vreemdelinge wou eet nie.
- D die laaste bietjie van Fiela wat van hom af weggevat word.

(1)

7.7 Wat het gebeur nadat Nina met Lukas oor haar geheim gepraat het?

(1)

7.8 Nina het altyd Lukas se geheim oor die pad uit die Bos gehou.

Gee 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is.

(1)

7.9 Hoe kry die dramaturg dit reg om te wys dat Lukas nie deel van die
Van Rooyens wou wees nie?

(1)

7.10 Karakters raak soms by uiterlike konflik betrokke.

Kies die situasie uit KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.10.1 tot 7.10.4) neer.

KOLOM A	KOLOM B
7.10.1 Lange en Dikke	A ... het onmenslik opgetree in situasies waar geduld en omgee nodig was.
7.10.2 <i>Mister Goldsbury</i>	B ... het besef dat dit beter is om op te tree soos die mense om jou as jy wil oorleef.
7.10.3 Elias	C ... het sonder simpatie opgetree en geweier om na logiese redenasies te luister.
7.10.4 Lukas	D ... het verstaan daar is geen doel daarin om teen die Wet te baklei nie.
	E ... het reeds met die eerste ontmoeting besluit dat Fiela-hulle nie die waarheid vertel nie.

(4 x 1)

(4)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

ELIAS (*ergerlik*): ... Voel jy sleg, Barta? (*Haar kop sak laer. KRISTOFFEL hou beker uit na haar, maar sy wil nie drink nie.*) Wat is dit, Barta?

BARTA (*die woorde skeur uit haar*): Ek het die verkeerde kind gevat, Elias. Ek het iemand anders se kind gevat.

ELIAS (*bang*): Waarvan praat jy, Barta?

5

KRISTOFFEL: Is Ma benoud?

BARTA: Dit was nie Lukas nie.

ELIAS: Vrou, wat praat jy?

BARTA: Ek het iemand anders se kind gevat die dag. Ek het dit agtergekom toe dit te laat was, toe hy al hier was, toe't ek weer gedink dis my verbeelding, en dit weggestoot, maar dit wou nooit lank wegbly nie, en die laaste tyd nooit meer nie. Toe hy laas by die huis was, het hy my gevra en ek het gesê ek het voor die magistraat gesweer, maar ek het vals gesweer, hy's nie Lukas nie.

10

ELIAS: God, vrou, jy yl!

BARTA: Ek yl nie, Elias, ek sal magistraat toe gaan en dit loop sweer. Ek kan dit nie langer in my dra nie, dit het te swaar geraak vir my. Ons Lukas se gebeendere is langs die Homtini opgetel. Hy't geverdwaal en geverhonger en die engels het hom gevat.

15

ELIAS: Vrou, jy yl! Jy't hom oombliklik uitgeken, voor die magistraat.

BARTA: Ek het nie ...

20

- 7.11 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.
- Lukas het vir Barta vertel dat hy by Fiela was.
 - Nina het die nuus van Dawid se dood gebring.
 - Lukas is gestuur om Nina in die dorp te gaan soek.
 - Die boswagter het laat weet dat Lukas moontlik gevind is. (4)
- 7.12 Barta noem dat sy iemand anders se kind gevat het. (Reël 3 en 4)
- 7.12.1 Na wie verwys Barta as sy praat van "iemand anders"? (1)
- 7.12.2 Wat bedoel Barta met hierdie woorde binne konteks van die uittreksel? (1)
- 7.13 "... dit het **te swaar geraak** vir my." (Reël 16)
- Wat is die figuurlike betekenis van Barta se woorde binne konteks van hierdie uittreksel? (1)
- 7.14 "... en **die engels** het **hom gevat**." (Reël 17 en 18)
- 7.14.1 Identifiseer die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)
- 7.14.2 Wat beteken dit binne konteks van die uittreksel? (1)
- 7.15 Lukas vind hier die waarheid oor sy identiteit uit.
- Hoe VERSKIL Lukas se lewe voordat Barta die waarheid vertel het van nadat Barta die waarheid vertel het? Verwys in jou antwoord na voordat én nadat. (2)
- 7.16 Waarom was dit tot Selling se voordeel dat Lukas ná Dawid se dood op Wolwekraal gaan kuier het? (1)
- 7.17 "ELIAS: Vrou, jy y! Jy't hom oombliklik uitgeken, voor die magistraat.
BARTA: Ek het nie." (Reël 19 en 20)
- 7.17.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Voordat Barta hier die waarheid vertel het, het sy diep innerlike konflik gehad, want sy was (seker/onseker) oor al die ander mense se reaksie. (1)
- 7.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.17.1. (1)
- 7.18 Lukas het tydens hierdie gesprek net stilgebly, opgestaan en uitgeloop.
- Waarom kan jy sê dat Lukas in hierdie situasie 'n goeie rolmodel vir ander mense is? (1)

- 7.19 Lukas se laaste besoek aan die Van Rooyens is 'n hoogtepunt in die drama.
- 7.19.1 Watter positiewe gevolg het hierdie besoek vir Lukas en Nina ingehou? (1)
- 7.19.2 Watter les oor die belangrikheid van jou identiteit het jy uit hierdie drama geleer? (1)
- 7.19.3 Hoe sluit hierdie gebeure aan by die planne wat Fiela vir Lukas gemaak het? (1)
- [35]**
- TOTAAL AFDELING B: 35**

2025 - MEI/JUNIE

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	Petrus/Zondagh/Petrus Zondagh	1
7.1.2	see	1
7.1.3	sewe/7	1
7.1.4	Saterdag/veilig	1
7.2.1	ironies	1
7.2.2	Elias het vir Lukas ... • heeltemal anders behandel/slegter behandel as die mense in die Lange Kloof. • geslaan/mishandel/getraumatiseer. • geen opvoeding/skoolonderrig laat kry nie. • nie genoeg en voedsame kos gegee nie. • 'n slegte voorbeeld gestel. • soos 'n slaaf laat werk/se kindwees gesteel. • geen liefde gegee nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.2.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.2.2 te verdien.)	1
7.3	C/hartseer oor waarmee Lukas nou moet saamleef.	1
7.4	Barta se optrede is reg, want ... • sy het na al die jare haar kind teruggekry en moet hom beskerm/vir hom omgee/moederlik optree/was bekommerd omdat hy so maer is. • na jare kon sy die fokus op haar verlore kind plaas. • sy het reeds begin twyfel/skuldig voel dat sy na die sensusman geluister het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.5	Tant Gertjie ... • was een van die buurvrouens. • was nuuskierig om Lukas te sien. • wou sien of dit werklik Lukas is. • was daar toe die kind weggeraak het/was deel van die mense wat destyds na hom gesoek het. • het moontlik na die ander kinders gekyk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.6	D/die laaste bietjie van Fiela wat van hom af weggevat word.	1

7.7	• Nina het vir Lukas ... ○ gesê om die olifante grootvoete te noem. ○ skrikgemaak deur in die Bos weg te kruip. ○ haar bottels/geheim gewys/op die bottels geblaas. ○ die pad Diepwalle/uit die Bos/Lange Kloof toe gewys. ○ gesê sy sal hom die pad uit die Bos wys as hy vir haar vyf sjelings gee. • Lukas het vir Nina ... ○ gevra om vir hom die pad uit die Bos te wys. • Lukas het weggehardloop. • Elias het vir Lukas wat weggehardloop het, gaan soek. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.8	• Nina het vir Elias vertel dat Lukas Diepwalle se kant toe is/wou wegloop. • Deur vir Elias te vertel waarheen Lukas is, het sy die geheim verbreek. • As sy die geheim gehou het, sou Lukas nie moes terugkom Bos toe nie./Elias het vir Benjamin agterna gesit en hom gevang. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.9	Die dramaturg ... • beskryf hoe Lukas vinniger loop as Elias en Barta/nie naby Elias en Barta loop nie. • laat Lukas weg van Elias en Barta sit/nie nader kom as hulle hom roep nie/nie saam met hulle eet nie. • laat Lukas baie min/amper glad nie/kortaf praat (nie). • wys hoe bang Lukas vir die ander kinders was toe hulle aan hom gevat het/dat Lukas selfs die kinders geskop het/dat Lukas die heeltyd afkyk. • noem dat Lukas sy vyf sjelings sou gebruik om uit die Bos te kom/sy pad uit te koop. • het aangedui dat Lukas weggeloop het. • het Lukas aanhoudend laat noem dat hy vir sy ma wag. • dui aan dat Lukas lank gevat het/geforseer was om vir Elias en Barta Pa en Ma te sê./vir Elias Baas genoem. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.10.1	E/... het reeds met die eerste ontmoeting besluit dat Fiela-hulle nie die waarheid vertel het nie.	1
7.10.2	C/... het sonder simpatie opgetree en geweier om na logiese redenasie te luister.	1
7.10.3	A/... het onmenslik opgetree in situasies waar geduld en omgee nodig was.	1
7.10.4	B/... het besef dat dit beter is om op te tree soos die mense om jou as jy wil oorleef.	1

7.11	- Die boswagter het laat weet dat Lukas moontlik gevind is. - Lukas is gestuur om Nina in die dorp te gaan soek. - Nina het die nuus van Dawid se dood gebring. - Lukas het vir Barta vertel dat hy by Fiela was. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)</i>	1 1 1 1
7.12.1	- Fiela - Benjamin se biologiese ma. <i>(Enige EEN)</i>	1
7.12.2	Barta bedoel dat ... - Lukas nie haar kind was nie. - sy gedoen het waarvan Fiela beskuldig is/sy het 'n kind gesteel. - sy die verkeerde kind gekies/gevat het. - sy haar deur die sensusman laat lei het om die verkeerde kind te kies. - sy in haar hart geweet het dat Lukas nie haar kind is nie. - sy van die begin af vermoed/geweet het dat sy 'n fout gemaak het. - sy later geweet het dat haar kind dood is. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.13	- Barta het heelyd daaraan gedink/skuldgevoelens gehad/kon nie meer die waarheid ignoreer nie/sleg gevoel oor wat sy gedoen het. - Barta kon nooit van daardie gedagtes wegkom nie. - Die gedagtes het Barta se lewe beheer/oorgeneem/oorheers. - Dit was iets wat aan Barta gevreet het/haar nie wou los nie/haar siek gemaak het. - Barta kon nie meer vir so lank lieg nie. - Barta moes die waarheid praat/kon nie meer die geheim vir haarself hou nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.14.1	('n) Metafoor/Personifikasie	1
7.14.2	- Dit dui op die dood/sterfte/dat die kind oorlede is. - Dit het gedui op 'n hoër mag wat die kind uit die lewe geneem het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

7.15	Voordat Barta die waarheid gepraat het, ... • was Lukas in die Bos vasgevang/kon hy nie by die Fiela-hulle bly nie. • was Lukas onseker oor sy plek in die wêreld. • was Lukas gespanne./het Lukas skuldig gevoel/was hy verward oor sy gevoel vir Nina./was Lukas net Nina se broer. • het Lukas 'n verantwoordelikheid teenoor die Van Rooyens gehad. • het Lukas heeltid na sy identiteit gesoek. • was Lukas mishandel/moes harde arbeid verrig. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) Nadat Barta die waarheid gepraat het, ... • was Lukas vry van die Bos/Elias se mishandeling/kon nou 'n lewe vir homself maak. • het Lukas geweet hy hoort by Fiela./kon hy weer Benjamin Komoetie wees. • kon Lukas vir Nina sê hoe hy oor haar voel/sê dat hy lief was vir Nina./was hy nie meer Nina se broer nie. • was Lukas nie meer verantwoordelik vir die Van Rooyens nie/het Lukas gevoel sy verantwoordelikheid lê by die Komoeties. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	2
7.16	• Dit het vir Selling weer 'n rede gegee om te leef/gesond te word/aktief te wees. • Selling het besef dat Lukas steeds hulle seun is/hom steeds as sy pa gesien het. • Selling het die goedheid van die Here in Lukas se terugkeer, beleef. • Selling kon sy trotswees op Lukas met Fiela deel. • Selling kon weer dinge saam met Lukas doen waarvan albei gehou het, soos roei. • Lukas kon help met dinge op die plaas (wat gewoonlik deur 'n man gedoen word). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.17.1	onseker	1

7.17.2	Barta is onseker, want sy weet nie ... • wat Elias/Lukas se reaksie sou wees as sy hulle die waarheid vertel nie. • hoe om te verduidelik waarom sy na die sensusman geluister het nie/nie haar eie gevoel/kop gevolg het nie. • wat die nagevolge sou wees as Elias/Lukas geweet het dat sy die verkeerde kind gevat het nie. • hoe om te verduidelik dat sy doelbewus die verkeerde keuse gemaak het nie. • hoe om dit te regverdig dat sy die geheim al so lank gehou het nie. • hoe om vir Lukas in die oë te kyk nadat sy eintlik sy gelukkige kinderlewe verwoes het nie. • of sy dalk nou vir Lukas gaan verloor nie. • hoe die magistraat teen haar gaan optree as hy sou uitvind sy het gejok nie. • hoe die magistraat gaan reageer nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.17.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.17.2 te verdien.)</i>	1
7.18	Lukas het ... • nie in hierdie situasie emosioneel gereageer nie. • respekvol teenoor Barta opgetree, al was hy so kwaad. • selfbeheersing toegepas/nie uiting gegee aan sy woede/gedagtes nie/nie baklei nie. • geweet dat hy Fiela moes trots maak/se opvoeding ook in hierdie situasie moes respekteer. • nie net op sy eie pyn gefokus nie. • stilgebly omdat hy oorweldig was. • volwasse opgetree. • besef dat jy niks kan verander aan die verlede/besluite wat geneem is/deur ander geneem is nie. • besef dat deur eerder weg te loop, ontloot jy situasies. <i>(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.19.1	Lukas en Nina kon ... • vry wees van die Bos (se onderdrukking en verdrukking) . • mekaar se liefde en toenadering aanvaar. • hulle eie toekoms bepaal/leef. • 'n lewe saam (op Wolwekraal) begin. • regtig deel word van die dorpslewe. • deel wees van 'n familie wat werklik vir mekaar omgee/lief is/opreg is. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

7.19.2	Ek het geleer dat ... • jy nooit moet twyfel in wie jy is nie/jouself moet ken/moet weet wie jy is. • jou identiteit jou keuse bly/niemand vir jou kan sê wie jy werklik is/moet wees nie. • die antwoord op wie jy is in jou hart lê. • jou identiteit niks te doen het met jou ras/velkleur nie. • jy nie jou identiteit moet verander om ander mense tevrede te stel/gelukkig te maak nie. • jou identiteit jou keuses in die lewe bepaal. • as jy identiteitsloos is, sal jy nie weet waar jy hoort nie. • jy nie moet ophou om jou ware identiteit te soek/vind nie. • jou omstandighede nie bepaal wie jy is en wat jy van jou lewe gaan maak nie. • jou identiteit jou maak wie jy is. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.19.3	• Fiela kon nou die plaas wat sy vir hom wou gee, gegee het. • Fiela en die Komoeties was nou regtig sy familie. • Benjamin sou nie meer skaam hoef te wees oor 'n bruin vrou wat hom grootgemaak het nie. • Fiela het klaar aanvaar dat Nina deel van Benjamin/hulle familie sou wees. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]
	TOTAAL AFDELING B:	35

2025 - NOVEMBER

VRAESTEL

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

BARTA (<i>skrik haar oorhoeks</i>): Opsoek?	
ELIAS (<i>vinnig</i>): Loop drink 'n bietjie water, vrou. <i>Mister</i> Kapp, ek sê jou vandag hier in my huis, en jy kan dit vir die magistraat ook loop sê: as sy hier by my kom moeilikheid maak, gaat ek self moeilikheid maak. My vrou sal dit nie kan staan nie.	
KAPP: Die magistraat het gesê julle moet praat as sy dalk hier kom lol.	5
ELIAS: Dis reg, <i>mister</i> , ek sal so maak.	
KAPP: Waar's die kinders, Van Rooyen?	
ELIAS: Weet nie wanneer hulle weer huis kry nie. Hang af. Dié meisiekind van my is mos nes 'n bok oor die Bos. <i>Mister</i> kom mos dikwels op die dorp, <i>mister</i> moet tog vir my uitluister of daar nie van die Engelse is wat 'n kinderwagter soek nie. Verniet wil ek haar nie graag verhuur nie, maar as hulle haar 'n stukkie klere en so aan gee, sal ons regkom met die prys.	10
KAPP: Ek sal verneem. (<i>Pouse.</i>) Hoe lank skat jy gaan die kinders nog wegbly?	
ELIAS: Moeilik om te sê, <i>mister</i> Kapp. Moeilik. (<i>Lang pouse.</i>) <i>Mister</i> kan die magistraat met 'n skoon gemoed loop sê dat dit goed gaan met hom. Ek meen, hy's mos nou daren onder sy eie mense.	15
KAPP: Ek sal vir hom sê. Nou ja, dan loop ek dan maar eers. <i>Hulle groet. KAPP af.</i>	
BARTA: As Lukas vandag hier was, was jy in die moeilikheid, ...	

- 7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Na (7.1.1) ... jaar as Fiela se kind, moes Benjamin saam met die Van Rooyens Bos toe gaan. Benjamin het die kinders (7.1.2) ... wat aan hom gevat het. Tant (7.1.3) ..., een van die buurvrouens, het gesê hulle moet hom uitlos, want hy was moeg. Sy suster wou hom dadelik van haar geheim vertel. Haar geheim was die (7.1.4) ... wat sy weggesteek het.

(4)

- 7.2 Waarom het Barta so groot geskrik? (Reël 1)

(1)

- 7.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.3) neer.

Lees reëls 2 tot 4.

Die toon in Elias se woorde in hierdie reëls kan as ... beskryf word.

- A respektvol
- B aggressief
- C hartseer
- D kalm

(1)

- 7.4 "Die magistraat het gesê julle moet praat as sy dalk hier kom lol." (Reël 5)
- 7.4.1 Na wie verwys "sy"? (1)
- 7.4.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne die konteks van die drama? (1)
- 7.5 "**Dié meisiekind** van my is mos **nes 'n bok oor die Bos.**" (Reël 8 en 9)
- 7.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Dit is 'n voorbeeld van 'n (metafoor/vergelyking). (1)
- 7.5.2 Wat beteken die vetgedrukte woorde binne die konteks van die drama? (1)
- 7.6 Die meisiekind hét later werk as kindergat gekry.
Noem 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)
- 7.7 "As Lukas vandag hier was, was jy in die moeilikheid, ..." (Reël 19)
Barta het niks gesê toe Elias oor Lukas gelieg het nie.
Waarom kan jy met Barta se optrede identifiseer? (1)
- 7.8 Voordat Lukas en Nina uit die Bos teruggekom het, het iets by Elias-hulle se huis gebeur. Wat het gebeur? (1)
- 7.9 Hoe kry Elias dit reg om jou as leser negatief teenoor hom te laat voel? (1)
- 7.10 Die dinge wat mense doen, het altyd gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.10.1 tot 7.10.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.10.1	Nina het Lukas gehelp om die pad uit die Bos te kry.	A	Elias het vir Lukas gesê dat Barta sy ma is.
7.10.2	Kapp moes gaan kyk hoe dit met Lukas in die Bos gaan.	B	Lukas het besef dat hy 'n liefde vir die see het.
7.10.3	Fiela het Benjamin se goed Bos toe gevat.	C	Lukas het vinnig geleer hoe om met die hout te werk.
7.10.4	Elias het vir Lukas gestuur om vir Nina op Knysna te gaan soek.	D	Elias het die kans gebruik om vir Nina werk op die dorp te probeer kry.
		E	Elias het die kinders fisies gestraf.

(4 x 1) (4)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

WEATHERBURY (<i>agterdogtig; kortaf</i>):	Waarom wil jy haar geld kom haal?	
LUKAS:	Wel ... ee ... dis eintlik my pa wat die geld laat haal.	
WEATHERBURY:	Julle kan nie sommer elke maand al haar geld kom haal nie. Ek sal dit nie toelaat nie!	
LUKAS:	U verstaan nie, <i>miss Weatherbury</i> . Bosmense is anders. Alles word saam in een hand gegooi.	5
WEATHERBURY:	Nina is nie meer in die Bos nie. Ek kan dus nie sien waarom julle nog haar geld wil hê nie.	
LUKAS:	Ek ook nie eintlik nie.	
	NINA <i>verskyn agter MISS WEATHERBURY in die deur</i> .	10
LUKAS:	Middag, Nina.	
NINA:	Hoe't julle geweet waar ek is?	
LUKAS:	Iemand op die dorp het my gesê.	
NINA:	Weet Pa-hulle?	
LUKAS:	Nog nie.	15
NINA (<i>kwaai</i>):	Jy loop sê nie waar ek is nie! Jy hou jou bek, Lukas van Rooyen.	
WEATHERBURY:	Christina! Praat ordentlik!	
NINA:	Jy loop sê nie jy het my gekry nie. Ek gee nie langer my geld af nie, vir niemand nie. Pa kan sy gat oplik en vir homself werk. (<i>Pouse.</i>)	
LUKAS:	Ek het eintlik gekom om jou 'n guns te vra.	20
NINA:	Is jy siek, Lukas?	
LUKAS:	Nee. Maar vir al die kere wat ek vir jou geskerm het, vir elke keer wat ek jou nie verklap het nie en vir al die bas wat ek vir jou help afkap het, vra ek jou vandag net een keer se hulp.	
NINA:	Wat?	25
LUKAS:	Gaan huis toe en gaan sê vir Pa ek kom nie terug nie.	

7.11 Skryf die VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die drama gebeur.

- Terwyl Elias siek gelê het, het Barta erken dat sy in die hof gelieg het.
- Lukas het vir Kaliel gevra om hom van die see te leer.
- Die Komoeties het vir Lukas 'n brief geskryf om te sê hulle bid vir hom.
- Lukas het vir Fiela van sy liefde vir Nina vertel.

(4)

7.12 "Bosmense is anders. Alles word saam in een hand gegooi." (Reël 5 en 6)

7.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde van Lukas sê vir ons dat Bosmense (ander mense manipuleer om hulle te help/gestereotipeer word omdat hulle anders werk met hulle geld).

(1)

7.12.2 Waarom is Lukas se woorde geloofwaardig binne die konteks van die drama?

(1)

7.13 Konflik is belangrik in enige drama.

7.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lukas ervaar innerlike konflik, want hy (moes Elias se opdragte uitvoer/was nie seker of hy vir Nina moes vra om na Elias-hulle toe te gaan nie.)

(1)

7.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.13.1.

(1)

7.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.14) neer.

"Pa kan sy gat oplik en vir homself werk." (Reël 19)

Dit beteken dat Nina sê ...

- A haar pa moenie maak of hy te siek is om te werk nie.
- B Elias moet ophou om te verwag dat sy kinders al sy werk moet doen.
- C haar pa moenie sit en planne maak om olifante te skiet vir ivoor nie.
- D Elias moet nie meer vir ander mense werk nie.

(1)

7.15 Wat was die direkte gevolg vir Nina toe sy terug is Bos toe?

(1)

7.16 Die dorp het deel van Nina se lewe geword.

Gee TWEE voorbeelde van hoe die dorp Nina se lewe positief beïnvloed het.

(2)

7.17 Waarom laat Lukas se woorde in reëls 22 tot 24 jou goed voel?

(1)

7.18 Een van die lewenslesse in hierdie drama is dat 'n mens altyd na die waarheid moet soek.

Noem TWEE positiewe gevolge wat dit vir Fiela gehad het.

(2)

7.19 Waarom kan 'n mens verstaan dat *miss* Weatherbury Nina wou beskerm?

(1)

7.20 Mense kry baie keer die kans om verkeerde dinge reg te stel.

Waarom pas hierdie tema by die slot van die drama?

(1)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

2025 - NOVEMBER

NASIENRIGLYNE

VRAAG 7: FIELA SE KIND - DIE DRAMA

Dalene Matthee

VERSTAAN. ONTLEED. PRESTEER.

6.19	• Willem kon sy toertjies wat hy by Manuel geleer het vir die partytjiegangers wys. • Willem kon sy gesin met die toertjies wat hy geleer het, vermaak. • Willem kon aan die einde die konsertina speel. • Willem het vir ander mense gewys dat lag beter as huil is. • Willem het geleer om ander mense nie toe te laat om jou seer te maak nie, wees wie jy is. • Willem het by Manuel geleer dat hy belangrik is. • Willem het weer gepraat, want hy het mense begin vertrou/sy spanning was verby. • Willem het geleer dat jy aandag aan ander mense moet gee. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
6.20	• Hendrik en Katrien het saam gedans. • Hendrik en Katrien het gelag/in mekaar se ore gefluister. • Willem het die liefde tussen sy ouers gesien. • Emma het liefde met Nollie 'n kans gegee. • Deur die liefde wat Willem ervaar het, kon hy wees wie hy is. • Die dorpsmense het besef liefde is beter as haat/verwydering/aggressie/wantroue. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	nege/9	1
7.1.2	geskop	1
7.1.3	Gertjie	1
7.1.4	bottels/soetoliebottel/twee blou bottels/kraffie/botteltjies	1
7.2	• Barta het geweet wat in die hof gebeur het./Barta het geweet dat Lukas nie hulle kind was nie. • Barta was bang dat Fiela sou veroorsaak dat Lukas weer van hulle af weggeneem word. • Barta was bang vir moeilikheid met die gereg/wet. • Barta was bang Fiela weet dalk waar Lukas/Benjamin vandaankom en dit is hoekom sy magistraat toe is. • Barta was bang dat Fiela/Mister Kapp/die magistraat uitgevind het dat sy gejok het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.3	B/aggressief	1
7.4.1	(Na) Fiela (Komoetie)	1

7.4.2	- Die magistraat het opdrag gegee dat sy die kind moes uitlos/haar verbied om naby die kind te kom. - Die Van Rooyens moes die magistraat laat weet as Fiela moeilikheid kom maak/by hulle huis opdaag. - Die magistraat sal Fiela vervolg/tronk toe stuur as sy moeilikheid by die Van Rooyens se huis maak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.5.1	vergelyking	1
7.5.2	- Nina was lief vir die Bos/het van die Bos gehou. - Nina wou net altyd in die Bos wees. - Nina was vlugvoetig/rats in die Bos. - Die Bos was Nina se gelukkige plek. - Nina kon ook soos 'n bok in die Bos wegraak/wegkruip/wild wees. - Dit was Nina se ontvlugting van Elias/werk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.6	- Nina het die skoolmeester se kinders gaan oppas. - Dit is die werk wat Elias gevra het die Boswagter voor moet uitkyk, en omdat sy werk gekry het, kan ons glo dat dit die tipe werk is wat sy gedoen het. - Toe Lukas haar na die Boswagter toe vat, het sy gesê sy is niemand se kinderoppasser nie wat impliseer dit is werk wat hulle vir haar gekry het. - Toe Lukas haar geld moes gaan haal, het hy uitgevind sy is nie meer in diens van die skoolmeester (waar sy kinders opgepas het) nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.7	Ek kan hiermee identifiseer, want Barta was ... - bang vir Elias. - gewoond daaraan om in te val by wat Elias besluit/doen. - bang Elias kry probleme met die gereg (omdat hy aan Lukas slaan)./beskermend teenoor Elias. - bang as Elias in die moeilikheid kom, gaan dit dalk uitkom dat sy in die hof gelieg het./saam met Elias oneerlik./bang dat sy uitgevang sal word omdat sy in die hof gelieg het. - gewoond daaraan om gemanipuleer te word. - seker dat die magistraat 'n probleem daarmee sou hê as hy uitvind dat Lukas mishandel word. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.8	- Fiela was by die Van Rooyens se huis om sy goed/dasvelkombers te bring. - Fiela het kom kyk hoe dit met Lukas gaan. - Elias het Fiela en haar seun weggejaag/verwilder. - Mister Kapp het nuus gebring dat Fiela na haar kind soek. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

7.9	- Hy het 'n dreigende/aggressiewe/arrogante/rassistiese/selfsugtige/oneerlike houding gehad/gedreig om moeilikheid te maak. - Hy het gelieg as hy sê dit gaan goed met Lukas. - Hy het nie regtig Kapp se vrae beantwoord nie. - Hy het sy kinders geslaan/hard laat werk/mishandel. - Hy het net aan homself gedink en het nie regtig vir enige iemand anders omgee nie. - Hy is gevoelloos teenoor Fiela. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde van situasies kan gegee word.)	1
7.10.1	E/Elias het die kinders fisies gestraf.	1
7.10.2	D/Elias het die kans gebruik om vir Nina werk op die dorp te probeer kry.	1
7.10.3	A/Elias het vir Lukas gesê dat Barta sy ma is.	1
7.10.4	B/Lukas het besef dat hy 'n liefde vir die see het.	1
7.11	- Lukas het vir Kaliel gevra om hom van die see te leer. - Lukas het vir Fiela van sy liefde vir Nina vertel. - Terwyl Elias siek gelê het, het Barta erken dat sy in die hof gelieg het. - Die Komoeties het vir Lukas 'n brief geskryf om te sê hulle bid vir hom. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)	1 1 1 1
7.12.1	gestereotipeer word omdat hulle anders werk met hulle geld.	1
7.12.2	- Die Bosmense het volgens hulle eie reëls gelewe. - Bosmense word op neergekyk deur die dorpsmense omdat hulle anders was. - Die gedagte is van geslag tot geslag oorgedra. - Binne 'n gesin was al die geld die gesin s'n. - Die pa was in beheer van die geld. - Lukas het nou alles gedoen soos wat die Bosmense dit gedoen het. - Lukas het net opdragte uitgevoer wat sy pa vir hom gegee het, al het hy nie saamgestem nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.13.1	was nie seker of hy vir Nina moes vra om na Elias-hulle toe te gaan nie.	1

7.13.2	• Hy het Nina gevra om hom te help. • Hy het vir Nina redes gegee waarom sy vir hom die guns moes bewys. • Hy was bang Elias sou haar nie terug laat kom Knysna toe nie. • Hy was bang Elias kon dalk weer vir Nina aanrand/slaan. • Hy het geweet dat Elias hom nie sou laat teruggaan as hy dit self gaan doen het nie. • Hy was bang Nina sou nie weer wou terugkom dorp toe nie/in die Bos bly. • Hy was onseker omdat hy bang was sy sou nee sê en dan moet hy wel teruggaan Bos toe al wou hy nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.13.2 te verdien.)</i>	1
7.14	B/ Elias moet ophou om te verwag dat sy kinders al sy werk moet doen.	1
7.15	• Nina het weer die ou plekke besoek (waar sy en Lukas voorheen gekuier het). • Nina kon weer haar geliefde plekke in die Bos besoek. • Nina het besef dat die plekke waarvoor sy so lief was, nie meer dieselfde was nie/sy nie meer in die Bos wou wees nie. • Nina het haar werk by miss Weatherbury verloor omdat sy so lank/drie maande weggebly het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde van situasies kan gegee word.)</i>	1
7.16	Nina ... • kon haar eie geld verdien/het nuwe/mooi klere gedra. • kon 'n mate van vryheid kry. • kon selfstandig wees/na haarself gekyk/omgesien het. • kon liefde daar vind. • kon verskillende rolle/werke in huishouding vertolk/soos 'n dame optree/Miss Weatherbury se companion wees. • het baie nuwe dinge geleer/geleer dat daar beter plekke as die Bos was. • kon goeie maniere leer. • het 'n ander blyplek gekry. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Spesifieke voorbeelde kan gegee word, bv. sy het naaldwerk gedoen, ens.)</i>	2

7.17	Dit laat my goed voel, want Lukas ... • het nog altyd vir Nina gehelp/beskerm/omgegee/liefde gewys. • sien vir Nina as sy gelyke. • bevry homself van Elias/die Bos. • neem beheer van sy eie lewe. • staan uiteindelik op vir homself. • was 'n goeie broer vir Nina. • was lojaal teenoor Nina. • vra iemand anders om hom te help/begin Nina genoeg vertrou om haar om hulp te vra. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.18	Fiela het ... • haar hanskind teruggekry. • uitgevind by wie haar kind geplaas was. • vir Benjamin na Barta toe gestuur om die waarheid uit te vind. • uitgevind dat Benjamin nie regtig/definitief nie die Van Rooyens se kind was nie. • die kans gekry om die grond wat sy gekoop het, vir hom te gee. • haar verhouding met Benjamin herstel. • haar eer, karakter en menswaardigheid bevestig. • besef dat sy nog altyd reg was oor Benjamin se identiteit. Benjamin het ... • besluit om terug te gaan Wolwekraal/huis toe. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
7.19	Miss Weatherbury wou Nina beskerm, want ... • dit was deel van haar opheffingswerk. • Nina was nog jonk en onervare/kwesbaar. • sy wou verhoed dat mense Nina uitbuit. • die dorpslewe en die boslewe het baie van mekaar verskil. • sy het gevoel dit is haar plig omdat Nina gesê het sy het nie familie nie. • sy het omgegee vir Nina. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
7.20	• Barta het die kans gekry om die waarheid te praat/te erken dat sy in die hof gelieg het. • Benjamin kon kies wie/wie se kind hy wou wees. • Benjamin kon lief wees vir wie hy wou. • Benjamin kon nou self oor sy toekoms besluit. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

	TOTAAL AFDELING B:	35
--	---------------------------	-----------